University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)

# Hoofstuk Vyf

# NARRATIEF-KRITIESE ANALISE VAN THE LORD OF THE RINGS



University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


# NARRATIEF-KRITIESE ANALISE VAN DIE BOEK THE LORD OF THE RINGS

**1. Outeur**

**1.1 Aangaande die outeur**

**1.2 Doel van die outeur**

**2. Sosiale analise van die eerste lesers**

**3. Diskoers**

**3.1 Genre**

**3.2 Point of view / teologiese uitgangspunte**

**3.3 Simboliek en ironie**

**3.4 Narratiewe elemente**

**4. Storie**

**4.1 Karakters**

**4.2 Gebeure**

Volgorde, tydsduur en frekwensie

Oorsaak-en-gevolg

Konflikanalise

**4.3 Ruimte**

**5. Plot**

Ek gaan in my analise van die verhaal gebruik maak van heelwat aanhalings uit die boek The Lord of the Rings. Al die aanhalings sal, ter wille van vergemakliking van die leesproses en van die leser wat nie bekend is met die verhaal nie, kursief getik word met slegs `n paginale verwysing na elke aanhaling.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


# 1. OUTEUR

## 1.1 Identiteit van die outeur van The Lord of the Rings

Tom Shippey (2000:xxx), die outeur van `n biografie van J R R Tolkien, verwys na Tolkien as een van `n groep ernstig getraumatiseerde outeurs, onder andere C S Lewis, Orwell, Golding, Vonnegut, T H White en Joseph Heller, wat die Tweede Wêreldoorlog oorleef het. Dié gebeure, van die gruwelikste wat die 20ste eeuse mens beleef het, is nie net die agtergrond van hul skrywe nie, maar is vir baie van hulle die motivering vir hul skrywe. Nou, na afloop van die oorlog, is hulle gekonfronteer met die geweldige en skrikwekkende dinge wat hulle gesien en beleef het en wat hul wêreldbeeld vir altyd gewysig het. Shippey gebruik die omvattende begrip ‘evil’ om te verwys na dié werklikheid wat die mens van daardie tyd geruk het. Die skryfwerk van dié (en ander) outeurs in die jare na die oorlog, getuig van mense wat nie die werklikheid wat hul ervaar het en die gruwels wat hul gesien het, probeer ontken nie. Nog minder probeer hulle om `n ontvlugting met hul werk te skep vir die leser. Hulle probeer eerder om maniere te vind om hieroor te dink, te skryf en kommentaar te lewer. Die probleem waaroor hulle wil skryf, is die onteenseglike werklikheid van die Bose (‘evil’) in die wêreld en die mens se reaksie daarop. “They were bone-deep convinced that they had come into contact with something irrevocably evil” ((Shippey 2000:xxx). Bewus van die werklikheid in die wêreld, het hulle egter ook `n ander probleem ervaar: die verduidelikings en rasionalisering van al die bose gebeure wat gegee is deur mense in magsposisies en deur die leiers van die dag, was onoortuigend, “at best irrelevant, at worst part of the evil itself” (Shippey 2000:xxx).

Die rede waarom Tolkien se The Lord of the Rings so geliefd is, is nie toe te skryf aan die vreemdheid of die skoonheid daarvan nie. “(The) continuing appeal rests ... on a deeply serious response to what will be seen in the end as the major issues of his century: the origin and nature of evil (an eternal issue), human existence in Middle Earth …” (Helms 1976:39).

Die sosiale en politiese milieu is dus die na-oorlogse jare in Europa/Engeland. Oral was tekens van vernietiging. Alles was stukkend – die geboue en die mense. Soveel

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


onnodige lyding is beleef. Soveel mense het gesterf. In Duitsland het duisende mense hul kerkbydraes gestaak as `n magtelose protes en uitdrukking van stom pyn en woede wat mense na die oorlog beleef het. Wanneer mense egter hul kerkbydrae staak in `n poging om `n protesstandpunt te maak, dan is die standpunt waarskynlik religieus van aard en sou dit moontlik vertaal kon word met die vraag na die soewereine God wat só oorlog 'toegelaat' het. Vir baie is die beeïndiging van hul kerklidmaatskap dus `n verklaring dat – na aanleiding van alles wat hulle gesien en beleef het – God óf afwesig is, óf dood, óf onbetrokke. `n Normale reaksie is om dan die gebeure verder te ontken of te ignoreer of te 'begrawe'. Juis dit motiveer die outeurs van daardie tyd om daaroor te skryf, maar dan op so manier dat dit die leser wat dit alles wil ontken, sal betrek.

Tolkien, as toegewyde Christen, het nié geglo dat God afwesig óf magteloos is en dat die skepping nou maar net oorgelaat is aan die heerskappy van bose magte en van mense, en dat God daarin geen rol speel of `n passiewe toeskouer is nie. Tolkien skryf The Lord of the Rings vanuit sy eie geloofsoortuigings wat bepalend in sy lewe is, en wat die implisiete leser duidelik kan aflei oor hom uit die teologiese perspektiewe wat volg. Dit is op grond van dit wat die implisiete leser ontdek dat Shippey (2000:xxxii) kan sê: hoewel The Lord of the Rings geen direkte godsdienstige verwysings bevat nie, word dit beskou as `n baie diep religieuse werk. "Tolkien has indeed rooted his tale in the symbolic consciousness of religious man" (Salu&Farrell 1979:274). Tolkien self skryf in `n brief aan Robert Murray, gedateer 2 Des, 1953 "The Lord of the Rings is of course a fundamentally religious and Catholic work … the religious element is absorbed into the story and the symbolism" (www.tolkienonline.com/quotes). Hierdie stelling is volgens my ook die *evaluative* point of view van die outeur, wat hy normatief in die verhaal gebruik. In `n skrywe aan Camille Unwin, gedateer 2 Mei 1969, skryf hy: "so it may be said that the chief purpose in life, for any one of us, is to increase according to our capacity, our knowledge of God, by all the means we have, and to be moved by it to praise and thanks" (www.tolkienonline.com/quotes). Dit is ook om hierdie rede dat Tolkien heelwat gebruik maak van ou antieke literatuur en die Bybel as bronne.

Tolkien is veral bekend vir sy skryf van fantasieverhale en sy skep van `n fantasiewêreld. Vir hom was die fantasie-genre uiters waardevol, omdat dit die

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


ruimte skep om antwoorde te soek op en vrae te stel oor van die mees belangrike en ingrypende probleme en temas van die middel twintigste eeu. “Mythological imagination (according to Tolkien) could deal in a profoundly revelatory way with serious moral and spiritual issues. A living mythology can deepen rather than cloud our vision of reality” (Helms 1976:12). My hoofstuk wat handel oor simbool, narratief en apokaliptiese geskrifte, ondersteun dié gedagte van Tolkien dat juis hierdie genre die beste kommunikeer oor groot en komplekse realiteite. Waar sommige van mening is dat fantasie ontvlugting wil bied, argumenteer Tolkien dat die teendeel waar is. Fantasie help ons om oor die éintlike lewenssake te dink en te praat. “... it seems that some themes, including public and political ones, are best handled as fable or as fantasy” (Shippey 2000:xxii).

Tolkien is oortuig daarvan dat fantasie `n mens se diepste wese só kan aanraak, dat dit skielik met `n dieper realiteit in aanraking kom. Daarom skep fantasie `n ervaring soortgelyk aan `n religieuse ervaring, “a far-off gleam or echo of evangelium in the real world” (Tolkien 1966:62). Hy glo verder dat fantasie vreugde kan skep wat naby kom aan die diep en oorweldigende vreugde van die Paasevangelie: “It can give joy that has exactly the same quality, if not the same degree, as the Christian joy” (Tolkien 1966:63).

Tolkien glo dat fantasie en simbole die potensiaal het om vir ons dinge te vertel oor onsself en ons wêreld wat ons op geen ander manier sal ontdek nie – dinge wat vir ons lewensbelangrik is, en daarom het hy beelde, metafore en karakters geskep wat vir die twintigste eeuse mens belangrik is en sal aanspreek. “Thus he created a group of myths of central concern to our age … Tolkien has created such a world with his middle-Earth, and the actions transpiring in that world have symbolic relevance to some of the profoundest issues of our age” (Helms 1976:58).

Een van die kenmerke van die 20$^{ste}$ eeuse mens, is die hoeveelheid emosionele energie wat gebruik word om daagliks alles waarmee die individu gekonfronteer word, te absorbeer. Tolkien glo dat literatuur vir ons maniere gee van kyk na ons situasie wat ons help om alles uitmekaar te haal en weer bymekaar te voeg op maniere wat sin maak, sodat ons dit emosioneel kan hanteer. “In The Lord of the Rings, Tolkien has symbolically expressed our situation in a strikingly profound and

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


useful set of myths that can evoke and pattern a healing emotional response to literary situations deeply symbolic of our own" (Helms 1976:58).

## 1.2 Doel van die outeur

Ek het reeds in die voorafgaande gedeelte verwys na die omstandighede van Tolkien en sy eerste lesers. Ekonomies was baie mense geruïneer en was daar na die oorlog min voedselbronne en alle verbruikersartikels was skaars en moeilik bekombaar. Polities was alles aan skerwe en die mense erg ontnugter in die leiers van die wêreld. Religieus het ek daarna verwys dat baie mense hul kerklidmaatskap beeïndig het, om daarmee `n religieuse stelling te maak. Tolkien skryf oor hierdie tyd `n brief aan Amy Ronald, gedateer 16 November 1949, waarin hy sê: "what a dreadful, fear-determined, sorrow-laden world we live in" (www.tolkienonline.com/quotes).

Tolkien wil met die skryf van hierdie groot literêre werk, poog om op die eksistensiële vrae van sy tyd antwoorde te gee of ten minste die leser te help om nuwe perspektief te kry op hul realiteit. Hy wil die Bose magte van die 20ste eeu ontmasker deur aan die Bose `n 'naam' te gee. Hy wil moedelose en erg ontnugterde mense bemoedig en troos en hy wil aan die wat wanhoop beleef nuwe hoop gee. Hy wil dink en skryf oor wat gebeur het, vrae vra en antwoorde probeer gee sodat mense dit kan verwerk, self daaroor kan begin dink en dit in perspektief kan begin sien, om sodoende hulle eie rol in die Goeie én die Bose te herken, hulle nuwe rol en uitdagings te herken en te aanvaar, en sinvol met hulle lewens aan te gaan. 'Sinvol' is `n te relatiewe begrip. Hy stel `n duidelike model voor – die Christelike model van dissipelskap – vir `n sinvolle bestaan.

Dit is egter nie net die oorlog en gepaardgaande krisisse wat die skryf van The Lord of the Rings motiveer nie. Die Bose, soos hy dit verstaan, raak alle fasette van die lewe en hoewel dit duidelik gemanifesteer het tydens die oorlog, is daar lewensterreine waar die Bose lankal werksaam is, hoewel nie so maklik en duidelik herkenbaar nie, byvoorbeeld op die terreine van industrialisasie, ekologie, individualisme, ensovoorts. Tolkien wil sy leser help om dit raak te sien.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


In die na-oorlog jare het industrialisasie in Engeland begin groei. Die motivering was natuurlik die ekonomiese heropbou van die land en werkverskaffing wat gemaak het dat baie mense dit aangegryp het. Dit was egter ten koste van die lewens van veral baie vroue en kinders wat in werklikheid niks anders as slawehandel was nie. Hieroor wil Tolkien hom uitspreek en die lesers bewus maak van wat industrialisasie aan die mens en die natuur doen.

Met nuwe ontwikkeling en die heropbou van lande, het die ekonomiese ontwikkeling tot gevolg gehad dat die natuur erg beskadig is. Ook dit het `n geweldige effek op ons bestaan waarvan Tolkien die leser bewus wil maak. Hy wil ook in al hierdie sake die leser help om te ontdek dat dit alles óns probleem is en nie die van ander nie.

Tolkien wil veral sy lesers help om die ‘groter prent’ te leer raaksien en te ontdek dat hul eie klein bestaan deel is van `n groter geheel en dat dit saak maak en dat elkeen `n verskil kan maak binne die groter geheel.

## 2. `N SOSIALE ANALISE VAN DIE EERSTE LESERS VAN THE LORD OF THE RINGS

Ek het daarna verwys in Hoofstuk 3, Narratief-kritiese Benadering, dat die narratiewe benadering teks-gesentreerd is in hulle benadering. Die narratiewe benadering gaan as `n reël nie histories-krities te werk nie, omdat hulle doelwit nie is om die proses te ontdek waardeur `n teks tot stand gekom het nie, maar om die teks wat nou bestaan te bestudeer. “The goal of literary criticism is to interpret the current text, in its finished form” (Powell 1990:7). Die narratiewe kritiek is geïnteresserd in die uitwerking wat die teks het op die leser en om vas te stel waarom die teks die effek het (Powell 1990:15). Om dit te kan doen interpreteer die narratiewe benadering die teks vanuit die perspektief van die implisiete leser wat voorveronderstel word en oor wie die teks voldoende inligting gee.

Wat die boek Openbaring aan betref het ek gemotiveer dat ons tog `n sosiale analise van die lesers moet doen, op grond van twee redes: eerstens maak die narratief

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


gebruik van simbole '*of cultural range*" (Powell 1990:29) waarvoor ons tog sosio-historiese inligting nodig het; en tweedens het die lesers se omstandighede direk aanleiding gegee tot die ontstaan van die verhaal. Apokaliptiese narratiewe is meestal die resultaat van `n sosiale krisis.

Laasgenoemde rede is ook van toepassing op The Lord of the Rings[1], en hoewel mens inderdaad heelwat inligting oor die implisiete leser uit die teks self kan kry, is ek tog daarvan oortuig, op grond van die feit dat die sosio-historiese situasie aanleiding gegee het tot die spesifieke verhaal, dat daar tog noodsaaklike inligting is om die simbole en metafore van die verhaal na waarde te verstaan.

## 2.1 Implisiete leser

Die implisiete leser se wêreld is nie `n heel wêreld nie en is vol onenigheid, gebrokenheid en magte wat hulle nie verstaan nie. Die leser verstaan hom-/haarself as individu in `n wêreld waar elkeen vir hulleself verantwoordelik is en niemand vir mekaar nie. Die ideale lewe is `n lewe waarin die groter probleme van die wêreld op `n veilige afstand van jou bestaan is en niks met jou te doen het nie. Mag en magsmisbruik is deel van hoe mense met mekaar omgaan. Mense het min respek vir die natuur en leef nie in harmonie daarmee nie, en leef ook nie in harmonie met mekaar nie. Daar is spanning tussen mense van verskillende rasse en kulture. Die implisiete leser is apaties teenoor die groter gebeure rondom hulle en daar is baie wat hulle nie verstaan nie.

## 2.2. Sosio-historiese inligting

Die Eerste Wêreldoorlog is verby waarna eers `n kort tyd van voorspoed volg, daarna die internasionale Depressie en toe nog `n wêreldoorlog. Gaskamers en brandende Viëtnamese dorpies word die agtergrond vir dié epiese verhaal en berei ook die verhoog voor vir outeurs wat almal oortuig is dat die mensdom `n groot behoefte het aan iets, maar niemand waag dit om te sê wat en hoe dit gevind kan word nie. Inteendeel, dit lyk en voel asof die mensdom in `n doodloopstraat beland

[1] Sien genre van The Lord of the Rings en die hoofstuk wat handel oor Apokaliptiek

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


het. “There is no way out of the human condition” (Rogers 1980:38). Een van die toonaangewende outeurs van die tyd was Eliot wat die simbool van `n ‘waste land’ gebruik om daarmee die wêreld waarin hy leef te beskryf. “His view came to stand as the view of a generation” (Rogers 1980:39). Die literatuur van dié tyd is sinies, realisties en skokkend. Wanhopig selfs. In hierdie gemoedstoestand, “the literary world was far from expecting hobbits and rings, let alone the return of a king” (Rogers 1980:40).

Mense is verward en duisende bedank hul kerklidmaatskap, omdat `n eksistensiële krisis ook dikwels `n religieuse krisis word, want wanneer mens gekonfronteer word met `n wêreldbeeld wat in krisis is, veroorsaak dit `n bevraagtekening van jou Godsbeeld. Vir die eerste lesers het dit gelyk asof God afwesig is in hierdie wêreld, of onbetrokke toekyk. Baie mense het bewus geraak van die werklikheid van die Bose in die wêreld en baie het gevoel dat mens daaraan uitgelewer is. William Golding, die outeur van *Lord of the Flies* (1954), skryf oor hierdie jare: “I must say that anyone who passed through those years without understanding that man produces evil as a bee produces honey, must have been blind or wrong in the head (Darkness Visible 1979:87). Tolkien self verwys na hierdie tyd as `n vreesaanjaende tyd vol smart in van sy briewe (www.tolkienonline.com/quotes)

`n Kenmerk van die tyd na die eerste en tweede wêreldoorloë is geweldige groei in Industrialisasie, wat verantwoordelik was vir heelwat nuwe maatskaplike krisisse. Vrouens en kinders is genadeloos en gewetenloos uitgebuit. Die omgewing (‘Umwelt’) is egter ook ernstig beskadig en hou gevolge in vir toekomstige generasies. “This very contemporary feeling ‘for the environment’ is only one instance of how the romance of The Lord of the Rings can lit off, as millions of readers know, a strongly contemporary feeling” (Salu&Farrell 1979:258).

“… 20$^{th}$ century man suddenly found himself, without wanting it, without even guessing it would find a way into his pocket, in possession of a power over nature so immense that even the desire to use it will inevitably corrupt his soul … we can control nature … we can darken the sky, blast the vegetation, pervert and control even the minds of men … “(Helms 1976:59).

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Die 20ste eeuse mens wat die produk is van modernisme en eksistensialisme wat individualisme versterk, het hul sin verloor vir `n groter realiteit en vir `n groter wyer wêreld buite hulself. Dit veroorsaak dat – indien mens se bestaan bedreig word – jy maklik rigting kan verloor en sin vir jou bestaan.

Binne dié konteks, kry die beelde van die Shire aan die einde van die verhaal nuwe betekenis en kan die leser duidelik die fabrieke en fabrieksomgewing sien wat Tolkien probeer skilder.

# 3. DISKOERS

## 3.1 Genre

The Lord of the Rings sorteer onder die Christelike fantasie genre wat ek in die hoofstuk wil ontgin, en daarna wil ek kortliks aandag gee aan die vraag of The Lord of the Rings ook as `n apokaliptiese geskrif beskou kan word.

### 3.1.1 Fantasie

#### 3.1.1.1 Probleem van die fantasie genre

Ann Swinfen begin haar boek *In Defence of Fantasy*, met die opmerking: “fantasy occupies a curiously ambivalent position in the contemporary literary scene” (1984:1). Dit word of met groot erns ontvang of ernstig verwerp; dit word of beskou as die oorsprong van alle literatuur en essensieel vir die individu se geestelike gesondheid, of as ongesonde regressie.
Die eerste vraag wat deur sommiges gevra word rakende die genre, is of fantasie ernstig geneem kan word. Die vraag bestaan hoofsaaklik omdat die genre nie dieselfde literêre aansien geniet onder sekere letterkundiges as wat dit geniet onder die lesers daarvan nie. Daar is `n huiwering by die sogenaamde *literati* (waarna Prof Tom Shippey krities verwys) om aan fantasie sy regmatige literêre (en akademiese) erkenning te gee. Na aanleiding van die *literati* se kritiek teen die genre, skryf

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



Shippey, "... the term *literati* is itself interesting. It clearly does not mean 'the lettered, the literate', because obviously that group includes the devotees of The Lord of the Rings. Literati must mean 'those who know about literature'. And those who know, of course, know what they are supposed to know. The opinion is entirely self-enclosed" (Shippey 2000:xxi). Ten spyte van die huiwering by sekere literatuur-wetenskaplikes (die opmerking van Swinfen dui daarop dat daar nie eenstemmigheid oor is nie), dui Prof Tom Shippey (self `n literatuur-wetenskaplike) aan dat fantasie dié dominante literêre genre van die twintigste eeu is. "When the time comes to look back at the century, it seems very likely that future literary historians will see as its most representative and distinctive works books like J R R Tolkien's *The Lord of the Rings*, and also George Orwell's *Nineteen Eighty-Four* and *Animal Farm*, William Golding's *Lord of the Flies* and *The Inheritors*, Kurt Vonnegut's *Slaughterhouse Five* and *Cat's Cradle*, Ursula Le Guin's *The Left Hand of Darkness* and *The Dispossessed*. The list could readily be extended" (Shippey 2000:vii). Hy gaan voort deur die belangrike stelling te maak dat "Those authors of the twentieth century who have spoken most powerfully to and for their contemporaries have for some reason found it necessary to use the metaphoric mode of fantasy" (Shippey 2000:viii).

Die rede vir die huiwering en kritiek onder literatuur-wetenskaplikes kan grotendeels toegeskryf word aan die wydverspreide wanopvatting dat fantasie ontvlugtingsliteratuur is. Die idee dat alle fantasie `n vorm van ontvlugting is, is net so vergesog as om te sê dat alle fiksie `n vorm van ontvlugting is. Die ironie is dat fantasie ten diepste oor die lewe en die werklikheid reflekteer, en op die diepste vlak `n refleksie is op eksistensiële sake soos die dood, geweld, oorlog en lyding. Inteendeel, fantasie is alles behalwe ontvlugting, soos Jill Paton Walsh skryf, aangehaal deur P Hunt: "a work of fantasy compels a reader into a metaphorical state of mind. A work of realism, on the other hand, permits only very literalminded readings …" (Hunt & Lenz 2001:38). Met haar verwysing na die metaforiese staat, sinspeel sy op die rol van die metafoor om verandering te bewerk en perspektief te gee, soos bespreek in die hoofstuk wat handel oor metafoor, en is dit duidelik dat fantasie nié ontvlugting bied nie, maar juis eerder wil konfronteer en openbaar.

Heelwat van die oorspronklike outeurs van die afgelope eeu se fantasie-genre was oorlog veterane wat nie probeer het om die mees traumatiese gebeure van die eeu

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


te ontken nie, maar juis om daaroor te reflekteer op `n manier wat insig en antwoorde wil bied[2]. Shippey sê, na aanleiding hiervan, “it seems that some themes, including public and political ones, are best handled as fable or fantasy” (Shippey 2000:xxii). Shippey is van mening dat fantasie die beste genre is om groot en ingrypende lewenstemas oor te besin en te hanteer. Volgens Jackson is fantasie die teendeel van ontvlugtingsliteratuur. “Fantasies imagine the possibility of radical cultural transformation through attempting to dissolve or shatter the boundary lines between the imaginary and the symbolic” (Jackson 1981:178). Ek hoop om dit in my analise van The Lord of the Rings te bewys. Jack Zipes sluit aan by Jackson, wanneer hy die stelling maak dat fantasie dikwels politieke waarde het, wat bevrydend wil inwerk op die leser se bestaan (Zipes 1988:9).

3.1.1.2 <u>Enkele kenmerke van die genre</u>

- “Fantasy is the natural, the appropriate language for the recounting of the spiritual journey and the struggle of the good and evil in the soul” (Le Guin 1998:64). Tolkien (1966:83) spel uit waaroor dié geestelike *reis* (journey) gaan in die fantastiese realm in: die leser volg die karakters deur hul avontuur en *reis* en hul konfrontasie met goed en boos, tot en met die afloop van die verhaal. Die lewens van die lesers kom in gesprek met die verhaalkarakters en die *reis* word die leser se *reis*. “In the fantastic, the reader follows Alice, Frodo, Moses or John of Patmos through their adventures, passing through the looking glass and standing in the world the narrator invents” (Pippin 2000:87).

- Fantasie word beskryf as die literatuur van verlange (‘of longing’), wat uitdrukking gee aan die mens se diep verlange na `n ander en beter wêreld, na `n lewe na die dood. Fantasie eindig dikwels met die herstel van orde na chaos, terwyl die bose oorwin word en die goeie heers (Treitel:web.utk.edu/wrobinso). Die Narnia boeke, deel van die Christelike fantasie-genre met C S Lewis as outeur, is `n voorbeeld van verhale vol heimwee wat eindig met `n ‘verwerking’ van die Christelike Paasverhaal en die einde van die een wêreld ten gunste van die ontstaan van `n nuwe wêreld.

[2] Sien voorafgaande bespreking van die Doel van die Outeur in hierdie hoofstuk.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


- Fantasie konfronteer ons met onsself, want dit wil die leser help om die wonderelement ('magic') te beleef in die wêreld, maar meer belangrik nog, in mens-self. "As a genre, fantasy is about moving from one world into the world of experiences beyond. By tapping into these experiences we come to know more about ourselves" (Barron:web.utk.edu/wrobinso). Pippin sluit hierby aan wanneer sy skryf dat fantasie die leser aanmoedig om die buitengewone of bonatuurlike gebeure van die teks te beleef, "by taking the text at 'face value', that is, by standing face to face with the magical" (Pippin 2000:87). Om die teks so te benader het `n besondere effek op die leser omdat die leser gekonfronteer word met hul diepste angste en hoop, wat die resultaat is as die bonatuurlike en die natuurlike ontmoet en verenig. Hierdie effek van fantasie het dus tot gevolg dat lesers op hul *reis* deur die verhaal waarhede ontdek oor hulself en oor ander en oor hulle werklikheid (Barron: web.utk.edu/wrobinso).

- Fantasie is gemoeid met die waarheid: `n soeke na en weerspieëling van die waarheid. In `n brief aan Michael Straight, die redakteur van die New Republic, gedateer Jan 1956 skryf Tolkien: "I think 'fairy-story' has its own way of reflecting truth, different from allegory or 'realism', and in many ways more powerful" (www.tolkienonline.com/quotes). Hierdie gedagte versterk terloops die ironie van die verwyt dat fantasie ontvlugtingsliteratuur is. Le Guin, die ander groot fantasieskrywer van ons tyd, sluit aan by die waarheidsgedagte wanneer sy skryf, "It is by such beautiful non-facts that we may arrive, in our own peculiar fashion, at the truth" (Le Guin 1998:40).

- As gevolg van die aard van die genre, is fantasie – dinge wat onwaarskynlik is of nie kan wees nie – dikwels `n direkte kritiek op dinge soos dit is, selfs is dit nie as kritiek bedoel nie.

- Die vertel van stories het van altyd af onder andere die doel gehad om te probeer om die donkerte en onsekerhede en die vreemde te verstaan. "Making sense of both the dark, unknown universe out there, and perhaps those demons within – making both humanly manageable – has been what storytelling and metaphor have always been about" (Hunt & Lenz 2001:3). Rosemary Jackson sluit

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


hierby aan wanneer sy skryf: “the fantastic traces the unsaid and the unseen of culture: that which has been silenced, made invisible, covered over and made ‘absent’” (Jackson 1981:4). Ook Todorov sluit hierby aan deur te skryf dat taal ons enigste manier is om iets te begryp wat altyd afwesig is: die bonatuurlike (Todorov 1975:82). “These monsters, devils, but also God, angels and Jesus exist primarily in language for the twentieth century reader” (Pippin 1997:13). Fantastiese taal is dus ‘n manier om te praat oor dit wat deel is van ons realiteit, maar onsigbaar. In `n sekere sin ‘maak’ dit dit sigbaar[3].

### 3.1.1.3 Die skep van alternatiewe wêrelde

Fantasie skep vir ons die ruimte om nuwe moontlikhede te ondersoek. “It would seem to offer worlds of infinite possibility, of expansiveness, of liberation” (Hunt & Lenz 2001:2). Hierdie alternatiewe wêreld moet egter verwant wees aan die werklike wêreld ten einde daaroor kommentaar te kan lewer en om in staat te wees om die leser hoegenaamd te betrek by die verhaal en die karakters. Ons sou dit ook soos Le Guin kon formuleer, dat fantasie `n alternatiewe benadering is tot ons bestaande realiteit. “Fantasy is a different approach to reality, an alternative technique for coping with existence. It is not anti-rational, but para-rational; not realistic but surrealistic, super-realistic; a heightening of reality” (Le Guin 1998:79). Volgens Tolkien is die ‘storie-maker’ eintlik `n (sub)-skepper, wat `n sekondêre wêreld skep wat die leser met sy/haar verstand kan betree (Tolkien 1966:36).

Pippin beskryf fantasie as `n spieël en aan die ander kant van die spieël is `n ander werklikheid of alternatiewe wêreld. Hierdie alternatiewe wêreld wat ook soms `n onsigbare wêreld is, kan inbreuk maak op ons sigbare wêreld, om so die leser te konfronteer (Pippin 2000:88).

### 3.1.1.4 Fantasie en Bybelse literatuur

“Once upon a time the stories we now know as ‘The Bible’ were told and performed” (Pippin 1997:11). Die doel van die vertel van die stories was om `n verbintenis te

[3] Sien hoofstuk oor Metafoor: Metafore en spreke oor God.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


skep met die ervaring van die mens, binne werklike kontekste en kontekste van verbeelding. Die Bybelse stories is vol verhale oor mense se ontmoetinge met die bonatuurlike of wonderbaarlike ('magic') en wondertekens: waters wat skei, `n profeet wat in die hemel opgeneem word, wonder-genesings, engele verskynings, ensovoorts. Al hierdie verhale is volgens Pippin fantastiese verhale buite die realm van ons alledaagse ervarings. "The combination of these stories form our culture's most seminal fantasy work, the Bible" (Palumbo 1988:22).

In die laat 1800's en vroeg 1900's het die *Religionsgeschichtlicheschule* die term mite (*'myth'*) begin deel maak van hulle bestudering van die Bybel. Aanvanklik was daar `n geskokte reaksie op die gebruik van die term vir verwysing na Bybelse tekste, maar stadigaan het dit aanvaarbaar geword, want "it articulated how ancient, pre-scientific peoples understood their natural world in relation to the supernatural" (Adam 2000:85). Mites het die mense se realiteit en hul ervaring van hul realiteit weerspieël, het die skepping en die orde van hulle drie-verdieping kosmos verklaar, en het die aksie van God in die wêreld probeer beskryf. In die laat twintigste eeu word dit met die ontwikeling van die narratologiese benadering aanvaarbaar om die Bybel as fiktiewe (*'fictional'*) teks te lees (Pippin 1997:11). Tog bestaan daar steeds `n huiwering om die term fantasie op die Bybel van toepassing te maak, waarskynlik op grond van die wanopvatting dat fantasie ontvlugtingsliteratuur is. Volgens Todorov is die Bybel volop fantastiese taal, omdat dit die geskikte taalgebruik is en `n geskikte genre is om oor die onsienlike en bonatuurlike te praat. Die taal van die fantasie-genre maak die onsigbare sigbaar (Todorov 1975:82).

### 3.1.1.5 Ooreenkomste tussen apokaliptiek en fantasie

Beide apokaliptiek en fantasie is narratiewe genres. Apokaliptiek gebruik fantastiese taal en fantasie kan (soos ek sal probeer bewys by die analise van The Lord of the Rings) apokalipties wees.

Albei het die karaktereienskappe (hoewel daarvan afgewyk kan word in individuele geskrifte) om uit te loop op die herstel van chaos na orde, die oorwinning oor die bose en die heerskappy van die goeie.

Beide apokaliptiek en fantasie is gemoeid met die waarheid en om die individu te konfronteer met hom/haarself en sy/haar groter werklikheid.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Met terugverwysing na genre, het ons daarna verwys dat die outeur die genre kies vir `n spesifieke doel. Die feit dat beide die outeurs van apokaliptiek én fantasie, gebruik maak van simbole, metafore en fantastiese taal, hoef nie noodwendig nie, maar kan wel dui op ooreenstemming in *reference* en *significance*.

Pippin verwys daarna "(that) the 'not yet' of the apocalyptic narrative pulls them toward the fantastic … The fantastic stories in the Bible are full of mystery and never fully or comfortably disclose the nature and character of the divine" (1997:13).

3.1.1.6 <u>Fantasie en literêre kritiek</u>

Die literêre benadering tot Bybelse tekste gaan van die standpunt uit dat Bybelse tekste as literêre *fiksie* bestudeer kan word en dat die estetiese waarde van die literêre teks die hantering van die teks as `n teks met eie meriete regverdig. Die terme fiksie en mite het aanvaarbaar begin word in literêre akademiese kringe en word nou as standaard terminologie gebruik deur die narratiewe benadering.

### 3.1.2 The Lord of the Rings – 'n apokaliptiese geskrif?

3.1.2.1 <u>Enkele opmerkings</u>

Kermode (1979:162) het in Hoofstuk 3, Narratief-kritiese Benadering, in die gedeelte wat handel oor Genre, ons aandag daarop gevestig dat `n literêre werk nie moet beskik oor ál die kenmerke van die betrokke genre, om binne die genre geklassifiseer te word nie. Een of twee eienskappe van `n bepaalde genre wat voorkom in `n literêre werk is egter ook nie voldoende om die werk binne die bepaalde genre te klassifiseer nie. Dit kan ook wees dat `n werk binne `n bepaalde hoof-genre sorteer, maar ook van kleiner sub-genres gebruik maak, byvoorbeeld die oorwinningslied-genre binne Openbaring se groter apokaliptiese genre.

Apokaliptiese geskrifte is nie net `n antieke verskynsel nie. Prévost verwys daarna dat die twintigste eeu weer `n herlewing beleef van die apokaliptiese genre en dat mense `n apokaliptiese bewussyn openbaar, en bespreek *The Name of the Rose* van Umberto Eco as `n voorbeeld van so moderne apokaliptiese geskrif. "The huge success of a novel such as *The Name of the Rose* by the Italian Umberto Eco, which

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


is as passionate as it is difficult, also testifies to the intensity of the ‘apocalyptic’ preoccupations of our generation” (Prévost 1993:3). Die vraag ontstaan binne hierdie vergelykende studie, of mens The Lord of the Rings ook as `n apokaliptiese geskrif sou kon verstaan? Dit is natuurlik duidelik deel van die fantasie genre, maar uit die voorafgaande eienskappe van fantasie blyk dit tog dat die twee genres nie onversoenbaar is nie.

Dit is verder interessant om daarna te verwys dat beide fantasie en apokaliptiek daarvan beskuldig is dat dit die leser wil help om die werklikheid te ontvlug, terwyl albei inteendeel ten diepste die doel het om die werklikheid te verken en te belig. Cook verwys daarna dat bepaalde tendense veroorsaak het dat die studie van apokaliptiek vir lank nie gevorder het nie. “Being unsympathetic with apocalypse worldviews, scholars looked for extra-Israelite sources, to account for apocalypticism’s supposed pessimistic determinism, and even schizophrenia as due to foreign influence. Wellhausen viewed apocalypticism as devoid of theological value. Even the prominent work of R H Charles (1855-1931), the ‘grand old man’ of apocalyptic literature, did not dissuade most scholars from arguing that the apocalyptic writings were somehow irrational;” (Cook 1995:3). George Bernard Shaw het na apokaliptiek verwys as “a curious record of the visions of a drugaddict” (Alter en Kermode 1987:15).

Aangesien genre met die uitganspunt van die outeur te doen het en op grond daarvan gekies word, is dit hier van belang om daarna te verwys dat daar by beide outeurs van soortgelyke *reference* en *significance* sprake is (wat in detail bespreek word by die doel en teologiese perspektiewe van die onderskeie outeurs).

3.1.2.2 Openbaring en The Lord of the Rings

Hierdie is slegs `n kort vergelyking van The Lord of the Rings met die belangrikste apokaliptiese eienskappe van Openbaring soos dit voorkom in die verhaalanalise van Openbaring.

In soverre apokaliptiek `n Godgegewe openbaring is wat deur God aan `n tussenganger gekommunikeer is met die opdrag om dit te verkondig, voldoen The

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Lord of the Rings nie aan die beskrywing nie. Tolkien maak nooit aanspraak daarop dat hierdie werk deur God aan hom gegee is nie, hoewel ons sou kon argumenteer dat daar wel hier sprake is van `n openbaringsgeskrif, soos bespreek in die eerste hoofstuk: hermeneutiek en openbaring, op grond van sy eie uitspraak dat die verhaal wél Christologies is, aanvanklik onbewustlik, en in die redigering daarvan bewustelik.

Openbarende narratiewe het `n eindtydperspektief en is daarom eskatologies van aard. Openbaring is `n eskatologie op `n besondere manier[4]. Tolkien beskryf sy werk self ook as eskatologies in verskeie briewe waarin hy gevra is na die tema van sy werk[5]. Vir hom is The Lord of the Rings deel van sy nadenke oor die dood, en as toegewyde gelowige oor die lewe na die dood. Die besondere eskatologie van Openbaring vind weerklank in The Lord of the Rings, waar die outeur nie net belangstel in die eindtyd ter wille van die eindtyd nie, maar ter wille van die nuwe hoop en perspektief wat dit gee op die lewe hier en nou, saam met God in hierdie wêreld en lewe.

Apokaliptiek is `n narratiewe teks wat geopenbaar word in die vorm van visioene met ryk en komplekse simbole. Hoewel albei narratiewe van simboliek gebruik maak, is die visioene in The Lord of the Rings, hoewel dit voorkom, nie so ‘wonderbaarlik’ (‘magic’) en bonatuurlik soos dié in Openbaring nie. Dit is nader aan die leser se werklikheid en vir die leser herkenbaar.

“The message deals with a world on the other side of existing reality that has been created and maintained by God and/or about the end of time when God is going to terminate the present chaotic conditions” (Du Rand 1994:199). Hoewel dit nie die hooftema van Openbaring óf The Lord of the Rings is nie, vorm die tema van `n wêreld wat buite ons is en groter as ons sigbare realiteit is, waarin God bestaan en heers – hoewel onsigbaar vir ons - in albei die agtergrond en ‘klimaat’ van die hele verhaal. Dit is een van die normatiewe uitgangspunte van albei outeurs. Waar dit die funksie is van apokaliptiek om die temporele bestaan van die mens te interpreteer in die lig van die transendente wêreld en die toekoms, wyk beide Openbaring en The

[4] Sien bespreking van die genre van Openbaring.
[5] Sien bespreking oor outeur van The Lord of the Rings.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)


Lord of the Rings egter af. Hoewel dit waar is van albei verhale dat hulle die hede sien en verstaan in terme van die groter werklikheid van die toekoms, is dit nie die hoofdoel van die twee narratiewe nie, maar veel eerder wil hulle die temporele bestaan van die leser interpreteer in die lig van God se teenwoordigheid in die hede, in hulle bestaan hier en nou.

Openbaring openbaar waarhede oor die wêreld, die groter realiteit waarbinne God en ook die Bose bestaan, die geskiedenis en die eindtyd. The Lord of the Rings openbaar soortgelyke waarhede (soos blyk uit die outeurs se teologiese perspektiewe) oor die sigbare wêreld, die groter onsigbare wêreld waarbinne God en die magte van die bose bestaan, die geskiedenis en die lewe hierna.

Apokaliptiek ontstaan wanneer die waardes en strukture van `n bepaalde samelewing waardeloos word weens een of ander krisisfenomeen (Openbaring = vervolging / The Lord of the Rings = Tweede Wêreldoorlog) en dit vervang moet word met `n nuwe simboliese betekenissisteem. Dit is duidelik na aanleiding van die teologiese perspektiewe van albei verhale, dat dit die doel is van beide.

Oordeel en verlossing maak deel uit van openbarende narratiewe. Daar sal `n tyd kom waarin God die wêreld en die Bose sal oordeel en aan die getroues verlossing sal skenk. Die tema blyk in albei verhale, veral in die afloop daarvan waarin Christus in Openbaring en die Christus-figuur[6] van The Lord of the Rings die koning word wat regverdig oordeel en vryspreek.

Beide narratiewe maak oorvloedig gebruik van simbole wat `n kenmerk is van apokaliptiese literatuur. Engele en ander bonatuurlike wesens speel `n belangrike rol in openbarende narratiewe soos die geval is in beide die verhale.

Een van die belangrikste eienskappe van apokaliptiek is dat dit worstel met die teodisee-vraagstuk. Judith Lee skryf na aanleiding van die vraag, ‘my God, my God, waarom het U my verlaat?’, “this is the cry to which apocalyptic responds. In the cosmic silence that surrounds this cry, apocalyptic exhorts and consoles a group

[6] Sien karakterstudie van verhaalanalises.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


who is in danger of losing sight of its divinely ordained identity and purpose" (Pippin 1997:220). Soos blyk uit die sosiale analises sowel as die teologiese perspektiewe van albei verhale stem dit ooreen met die *reference* en *significance* van albei tekste. Ook die volgende woorde van Judith Lee is op beide verhale van toepassing: "apocalypse has contradictory tasks: to counter complacence by reminiding listeners that the God in whom they believe is mysterious and strange, beyond knowing, and at the same time to console suffering believers that God is familiar and faithful to them" (Lee 1997:220).

Laastens skryf Witherington oor die hart van apokaliptiek: "what is at the heart of apocalypse is the unveiling of secrets and truths about God's perspective on a variety of matters, particularly justice and theodicy matters" (Witherington 1999:219). Wat meer kan ek sê as dat dit ook die hart is van die boek Openbaring en die boek The Lord of the Rings?

### 3.1.3 Slotsom oor Genre

Dit wil voorkom asof The Lord of the Rings inderdaad die belangrikste eienskappe van `n apokaliptiese geskrif toon: die boek het sy ontstaan te danke aan die krisisfenomeen na die Tweede Wêreldoorlog waarna mense van God vervreemd gevoel het en Hom as afwesig beleef het. In so tyd probeer die boek om perspektief te gee op die wêreld van die leser, op `n groter werklikheid wat onsigbaar is maar baie werklik, op die Bose, maar veral op God en Sy bestaan en betrokkenheid by die wêreld en die leser. Tog is die belangrike aspek van God as die Openbaarder afwesig en daarom sou ek dit nie wou waag om te sê dat The Lord of the Rings kwalifiseer as `n apokaliptiek nie. Wat egter van belang is vir ons studie is die onteenseglike ooreenkomste wat beide verhale toon in terme van vele ander aspekte van die apokaliptiese genre.

Ek sou ten slotte wou sê dat The Lord of the Rings `n Christelike fantasie is met duidelike elemente van die apokaliptiese genre.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


## 3.2 Teologiese uitgangspunte

Die teologiese perspektief verwys na dit wat die outeur deur sy teks wil kommunikeer en die uitwerking wat hy op sy leser wil hê. Die point of view van die outeur, dit wil sê sy waardes en norme en wêreldbeskouing, word myns insiens hierin vervat omdat dit nie los te maak is van sy teologiese perspektiewe nie. Die *evaluative* point of view van die narratief, wat die hele werk oorheers, is dat daar `n stryd in die wêreld woed tussen goed en boos en die mens is onlosmaaklik deel van hierdie stryd en moet sy/haar rol ontdek en verantwoordelik nakom, want die stryd raak die hele wêreld en die ganse kosmos. “Tolkien evokes at key moments a sense of the cosmic struggle between good and evil...” (Salu & Farrell 1979:259). Dit is dus nie genoeg om die bestaan van die Bose te erken nie. Die Bose het immers ten doel om die hele aarde en alle mense te beheer en daaroor te heers en almal van die goeie te vervreem. Daarom is dit van uiterste belang om te verstaan dat mens dus nie neutraal kan bly nie, want ons blote bestaan in die wêreld maak ons deel van die stryd, en daarom moet elke individu kies! Mens kan ook nie bloot die tye waarin ons leef verwens of wegwens, en as’t ware jou oë toemaak en hoop dat dit verby sal gaan nie. Frodo sê vir Gandalf dat hy wens dat hierdie dinge nie in sy leeftyd sou gebeur nie. Gandalf antwoord:

> *“So do I. And so do all who live to see such times. But that is not for them to decide. All we have to do is to decide what to do with the time that is given us” (p 50).*

Tolkien wil sy lesers help om met **nuwe perspektief** na die lewe en die wêreld te kyk – spesifiek die wêreld van die twintigste eeu en méér spesifiek, die wêreld na die Tweede Wêreldoorlog. Hy wil die leser help om te ‘sien‘ en te ‘verstaan’[7]. Hy wil aan die leser realiteite openbaar wat dikwels onverstaanbaar is, of verhul is, maar hy wil veral hê dat die leser hom/haar daarbinne vind / herken.

Tolkien wil hê sy lesers moet begryp dat mens met `n ongeërgdheid kan leef, salig onbewus van alles rondom ons, in ons eie klein wêreld (sy voorstelling van die Shire en die hobbits het ten doel om hierdie lewenshouding te weerspieël), terwyl daar `n

[7] Sien Doel van Narratief en Apokaliptiek

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


groter realiteit is waarbinne die leser `n plek het, asook `n rol om te speel en `n verantwoordelikheid. "The religious man is one who grasps his own life within a larger historical and cosmic setting. He sees himself as part of a greater whole, a larger story in which he plays a part" (Harvey Cox 1969:14).

> *"Long we have tended our beasts and our fields, built our houses, wrought our tools, or ridden away to help in the wars of Minas Tirith. And that we called the life of Men, the way of the world. We cared little for what lay beyond the borders of our lands" (p 536-7)*

Hierdie 'sien' het `n implikasie, want sodra jy 'gesien' het kan jy jou nie meer onttrek nie. Jy kan nooit weer voorgee dat jy nie van dinge bewus is nie en het dus geen verskoning meer om onbetrokke te bly nie.

Hy wil die leser help om te ontdek dat daar nie so iets is soos toeval nie. Dikwels in Lord of the Rings word verwys na 'chance' (toeval), maar altyd met `n onmiddelike regstelling, byvoorbeeld in die woorde van Tom Bombadil:

> *"just chance brought me then, if chance you call it" (p 123).*

Kingsbury (1988:34) verwys daarna dat God se *evaluative point of view* normatief is in die geval van die Bybelse narratiewe. So ook in hierdie verhaal[8]. Dit beteken dat God as karakter in die storie beskou moet word en die feit dat God `n karakter is, bepaal heelwat van die perspektiewe van die verhaal.

### 3.2.1 Dualistiese wêreldbeeld / lig en duisternis

Tolkien het `n dualistiese wêreldbeeld waarvolgens die wêreld verdeel is in die magte van die Goeie en die magte van die Bose en dié magte is voortdurend in `n stryd met mekaar gewikkel waarby mense betrek word.

> *"There are many powers in this world, for good or for evil" (p214).*

In Appendix B (*p 1057 – 1072*) van The Lord of the Rings en *The Silmarillion* (Tolkien 1977) beskryf Tolkien dié stryd wat eeue oud is. Tolkien beeld hierdie wêreld uit met behulp van tydlose simbole soos lig en duisternis wat volgens Powell

[8] Sien perspektief oor die Groter Mag Agter Alles.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


(1990:29) argetipiese simbole is. “Tolkien often uses brightness and darkness symbolically for good and evil” (Rogers 1980:107). Die belangrikste motief vir die Bose is dié van `n skaduwee, terwyl die leitmotiv van die Goeie, helder wit lig is.

**Plekke** en **stede** word so in terme van lig en donker geskilder. Moria, die myne waar vroeër dwerge gewoon het, maar wat nou nog net die woonplek van die Bose is, is in absolute donkerte gehul.

> *“Moria ... on all a dread fell at the mention of that name. It was a legend of vague fear. It was a name of ill omen ...” (p 288)*[9].

Dit is in Moria waar die Fellowship eers met Orcs[10] gekonfronteer word, dan met Goblins en waar Gandalf uiteindelik teen die Balrog[11] te staan kom. Die Balrog (Tolkien se simbool vir die mag van die dood – `n demoon uit die onderaardse diepte) is die heerser van die onderwêreld en wanneer Gandalf teen hom veg, veg hy as’t ware teen die dood self. Die Balrog trek hom af met sy stert na die onderwêreld waar hy woon *(p 321-322)*. Hier, in die donker dieptes (`n analogie tot “ter helle neergedaal” van die Christelike geloofsbelydenis) veg Gandalf teen die monster en oorwin die dood *(p 484)*, waarna hy terugkeer met groot mag as *Gandalf the White*. Legolas en Aragorn beskryf die Balrog as `n skaduwee *(p 346)*.

In geweldige kontras tot Moria, is Lothlorien (*Boek 2, hfst 6*) – die plek waar die reisigers genees word van hulle droefheid oor wat in Moria gebeur het. Alles in Lothlorien is vol lig en lewe en vitaliteit. Die bome en plante is oorvloedig. Galadriel[12] (die karakter met Messiaanse eienskappe) is geklee in spierwit met goue hare en onbepaalde ouderdom. Die stede van Rivendell en Lothlorien bied kontrasbeelde tot Mordor (die woonplek van Sauron) en Isengard (die woonplek van Saruman). Tolkien slaag daarin om met sy beskrywing van dié stede (Rivendell en Lothlorién) ’n heimwee te skep in die harte van sy lesers wat hul daagliks bevind in stukkende oorloggeteisterde stede, na `n plek wat so heel en ongeskonde en vars is. Dan beklemtoon hy dat daar in hierdie plekke ook geestelike genesing te vinde is:

---

[9] Aanhalings en bladsyverwysings uit The Lord of the Rings, is kursief om lees te vergemaklik.
[10] Beskrywing van Orcs: “evil race of Middle Earth … Sauron’s chief servants” (Foster 1971:317).
[11] Beskrywing van Balrog: “demon of might, cloaked in darkness, spirit of fire” (Foster 1971:33).
[12] Sien detail bespreking van karakters.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Oor Lothlorien: *"Do not let your hearts be troubled … You are worn with sorrow and much toil… you shall have refuge in this city, until you are healed and refreshed" (p 349)*.

Oor Rivendell: *"Merely to be there was a cure for weariness, fear, and sadness" (p 219).*

Bilbo het Rivendell beskryf as `n perfekte woning en net om daar te wees genees mens van moegheid, angs en hartseer *(p 219)*. Hierdie beeld herinner aan Openbaring 21 waar mense genesing sal vind.

Hierteenoor word Isengard beskryf as `n vallei wat `n wildernis geword het, oortrek van onkruid en dorings, met geen bome en groen gras meer nie. Slegs nog die oorblyfsels van bome wat afgekap is, is sigbaar *(p540)*. Die land van Mordor word in detail beskryf en oor heelwat hoofstukke, omdat dit die roete is wat Frodo en Sam moet volg. Dit is `n donker land waar dit nooit lente of somer word nie, en waar niks leef nie.

*"A land defiled and diseased beyond all healing" (p 617)*.

Ook die **karakters** word uitgebeeld in terme van donker en lig. Galadriel, wat duidelike Messiaanse eienskappe besit, word uitgebeeld met lig en innerlike krag en wysheid. By haar is rus te vind van al hul sorge, smart en ontberings. Sy weerstaan die versoeking om die Ring te neem, hoewel dit aan haar ongekende krag sal gee en haar die heerser oor die wêreld sal maak. Sy slaag die toets. Sy ken die verlede en die hede, en ook die toekoms ken sy gedeeltelik. Sy deurgrond die harte van die reisigers en ken hul geheime vrese en verstaan hulle behoeftes. Aragorn sê oor haar:

*"there is in her no evil ..." (p 349)*.

Die gedagte dat daar geen boosheid of sonde in haar is nie, is nog `n Messiaanse eienskap.

Haar teenoorgestelde karakter is Shelob, die monsteragtige en vreesaanjaende spinnekop wat die verpersoonliking is van sonde en alle menslike begeertes. In 'n toneel in Boek 6, hoofstuk 9 kontrasteer Tolkien die twee karakters direk met

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)

mekaar. Frodo en Sam is in die 'nes' van Shelob waar dit donker en bedompig is, en die donkerte verdryf alle hoop en gedagtes aan die lig en veroorsaak diep wanhoop.

> *"The darkness about them and a blackness of despair and anger in his heart ... " (p 703)*.

Dan bring die herinnering aan Galadriel en die lig wat haar omgewe, nuwe hoop in die wanhoop. Hulle onthou die lig wat sy saam met hulle gestuur het om hul pad in donker plekke te verlig en so deurbreek die lig van Galadriel die donkerte van Shelob.

> *"... it seemed to him that he saw a light: a light in his mind, almost unbearably bright at first, as a sun-ray to the eyes ... Far off he saw the Lady Galadriel standing on the grass in Lorién, and gifts were in her hands" (p 704)*.

Hierdie visioen help Sam om te onthou van die sterglas wat Galadriel vir Frodo gegee het.:

> *"a light to you in dark places. A light when all the lights go out" (p 704)*.

Die glas bring soveel lig dat dit die vreeslike donkerte verdryf en nuwe hoop gee. So verdryf die gedagte aan Galadriel en haar lig nie net fisies die duisternis nie, maar ook die duisternis van wanhoop in hul harte. "The resurgence of her power occurs as Frodo and Sam confront her counterpart – Shelob. Galadriel's phial of light is the final expression of power against Shelob. Shelob is the image of that which must be thrust away and denied, the irrational chaos of being that lurks in the darkest, darkest recesses" (Rogers 1980:97).

Hierdie gedeelte is geweldig belangrik. Ons moet in gedagte hou dat Tolkien skryf as gelowige, wat sy lesers wil help om nuwe perspektief te kry. As oortuigde Christen glo hy dat selfs in die donkerste plekke van absolute wanhoop, die gedagte aan Christus en die hoop wat Hy bring en die lig wat Hy is, vir ons nuwe hoop kan gee en die duisternis kan verdryf. Hy glo dat daar geen plek te donker is vir `n gelowige om daarin lig te vind nie. Christus is ons hoop. Hý is ons lig in donker plekke. Hý kan in oomblikke van absolute wanhoop, soos in die harte van sy lesers veroorsaak is deur die wêreldoorlog, hoop bring.

Die gedagte van lig en duisternis wat goed en kwaad simboliseer word duidelik verwoord in die woorde van die karakter Treebeard:

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)


> *"It is a mark of evil things that came in the Great Darkness that they cannot abide the sun" (p 462)*.

Gandalf word ook geteken met lig, veral na sy oorwinning oor die magte van die dood:

> *"…white, shining now as if with some light kindled within, bent, laden with years, but holding a power beyond the strength of things" (p 489).*

Hy word ook nie meer *Gandalf the Grey* genoem nie, maar *Gandalf the White*.

In boek 5 hoofstuk 4 verdryf Gandalf die skaduwee van die Nazgûl:

> *"At that moment he caught a flash of white and silver coming from the North, like a small star ... It moved with the speed of an arrow and grew as it came … it seemed to Pippin that a pale light was spread about it and the heavy shadows gave way before it … He raised his hand, and from it a shaft of white light stabbed upwards. The Nazgûl gave a long wailing cry and swerves away …" (p792)*.

Voor dié Messiaanse figuur wyk die duisternis en die magte van die duisternis.

Dit is belangrik dat Tolkien met sy skildering van lig en duisternis, onder andere ten doel het om sy lesers te laat besef dat oorwinning nie noodwendig in mag en geweld lê nie, maar in die hoop wat ons in ons harte dra, en in die lig wat die duisternis kan verdryf.

### 3.2.2 Groter mag agter alles

"The Lord of the Rings is a deeply religious work ... The trilogy has no mention of God as such but Tolkien's whole creation of the perilous realm of Middle-Earth is an effort to transport us from a positivist, mechanist, urbanized and rationalist culture into which man is in contact with his own desires and the significance of the cosmos around him" (Salu&Farrell 1979:283). "Without a word about religion, the book is all about grace" (Murray 1973:878). In Tolkien se eie woorde: "The Lord of the Rings is of course a fundamentally religious work. The religious element is absorbed into the

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


story and the symbolism" (Murray 1973:878). Hierdie stellings motiveer die siening dat die boek God se *evaluative* point of view as normatief neem vir die verhaal.

Hoewel Tolkien nooit na God verwys as `n kontraskarakter vir Sauron, wat die Bose versinnebeeld nie, vind mens deur die hele boek die konsekwente gedagte van `n groter goeie mag, hoewel onsigbaar, wat aan die werk is en teenwoordig is en die verloop van dinge in Sy hande hou. Hy is ook besig om direk teen die Bose te werk. In sy boek, *The Silmarillion*, wat die wêreld van The Lord of the Rings (Middel Aarde) in perspektief wil plaas, verwys hy wel na God. Hoewel God nooit uitgebeeld word nie, word Hy duidelik na verwys en geïmpliseer in die verhaal. Hierdie mag is van so aard dat hy ook onbeskryflik is, en daarom probeer Tolkien geen eietydse of menslike simboliese karakter daarstel nie, omdat dit gewoon heeltemal ontoereikend sal wees.

Op *p 54-55* sinspeel Gandalf op `n groter mag, as hy sê dat Bilbo en Frodo die Ring het omdat dit so bedóél was. Dit móés so wees. Dit is dus vooruitbestem. Vir Gandalf is dit `n bemoedigende gedagte waarna hy verwys as die vreemdste gebeure in die geskiedenis van die Ring, omdat dit beteken dat hulle nie aan hulleself oorgelaat is nie. Op *p 214* verwys Tolkien, weer by monde van Gandalf, na die baie magte – goed en boos - in die wêreld.

Op *p 263* in die Raad van Elrond, bied Frodo aan om die Ring te neem. Hy is egter self verras wanneer hy sy eie stem hoor. Dit is asof iets groter sy stem gebruik. Tolkien illustreer dit so om duidelik te maak dat daar `n groter mag aan die werk is.

By geleentheid wil Boromir die Ring van Frodo afneem, omdat hy oortuig is dat hulle besig is om verkeerde besluite te neem en dat dit kan veroorsaak dat die oorlog verloor word teen die Bose, en natuurlik omdat die Ring hom mislei en begin om `n houvas op hom te kry. In `n oomblik van desperaatheid en angs sit Frodo die Ring aan wat aan hom onsigbaarheid verleen, sodat hy van Boromir kan vlug. Dit is egter baie gevaarlik omdat dit hulle posisie aan die vyand (wat aangetrek word deur die Ring) kan verraai. Hy beleef `n tweestryd. Maar dan is daar `n groter mag aan die werk wat hom help:

*"... as a flash from some other point of power there came to his mind another thought: Take it off! Take it off!" (p 392)*.

In hoofstuk 3 van boek 6 is Frodo en Sam naby aan die einde van die reis. Hulle het egter geen krag meer nie. Fisies is hulle uitgeput en geestelik het hulle geen hoop meer nie. Die wanhoop van Mordor het in hulle harte ingekruip. Sam veg teen die wanhoop en weier om te luister na al die argumente wat sê dat daar vir hulle geen hoop meer is nie. Hy kom tot die besluit dat daar net een uitweg is: as Frodo nie verder kan loop nie, en hý (Sam) kan nie die taak namens hom uitvoer nie, dan moet hy hom dra. Hy self is egter so uitgeput dat dit na `n onmoontlike taak lyk. Dan vind hy egter dat die las baie ligter is as wat hy verwag het:

*"Sam staggered to his feet; and then to his amazement he felt the burden light … because some gift of final strength was given to him" (p 920)*,

wat die betrokkenheid van `n groter mag impliseer. In die gedeelte wat volg word dié gedagte baie sterker. Indien Tolkien se lesers enige onsekerheid gehad het oor sy sinspeling op `n onsigbare Goddelike mag wat hulpgewend betrokke is, kan daar na hierdie hoofstuk geen onsekerheid meer daaroor wees nie. Frodo en Sam is naby aan die einde van die pad, maar hulle kan nou werklik nie meer aangaan nie. In hierdie oomblikke van wanhoop, waar die leser alle hoop laat vaar dat die *Quest* gaan slaag en waar dit duidelik is dat die taak onmoontlik is, figureer `n groter mag wat hulle bystaan en wat dit selfs in oomblikke van absolute donkerte en desperaatheid vir hulle moontlik maak om aan te gaan. Die twee karakters is letterlik by `n doodloopstraat en weet nie hoe om aan te gaan nie. Daar is geen pad verder nie. Gollum is ook nie meer daar om te help nie. Hulle is vas. Dan kyk Sam op en is verstom en oorstelp om `n duidelike pad te sien.

*"A gleam of hope returned to him. They might conquer the mountain yet. 'Why, it might have been put there a-purpose!' he said to himself. 'If it wasn't there I'd have to say I was beaten in the end'" (p 920)*.

Sam herken in hierdie oomblikke iets van `n wonder – dat die pad daar is vir juis hierdie doel van hulle en dat dit wil voorkom asof 'Iemand' dit spesiaal vir hulle daar gesit het.

Op *p 921* is die heel duidelikste verwysing na en sinspeling op die Christelike roeping deur '`n groter mag'. Sam is dankbaar oor die pad, maar hy weet nie hoe hy

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



die pad gaan bereik nie omdat daar `n groot steilte is tussen hulle en die pad. Hy gaan lê.

> *"Suddenly a sense of urgency which he did not understand came to Sam. It was almost as if he had been called: 'Now, now, or it will be too late!" (p 921).*

Wanneer ons die res van die verhaal in ag neem wat die leser die voorreg het om te 'sien' en te lees, maar wat vir Sam en Frodo verborge is, weet ons dat die tyd inderdaad besig is om uit te loop en dat hierdie roep bedoel is om hulle aan te moedig, want die laaste stryd word bepaal deur hulle optrede in hierdie oomblikke. Aragorn, Gandalf en die goeie magte staan letterlik voor die deur van Sauron. As Frodo en Sam nie gou maak nie, word hulle almal vernietig. Ook Frodo word 'geroep'.

> *"Frodo also seemed to have received the call. He struggled to his knees. 'I'll crawl, Sam', he gasped" (p 921)*.

Uiteindelik word Frodo en Sam oorval deur Gollum wat in die laaste oomblikke van die *Quest* die Ring wil afneem. Sam wil hom doodmaak. Hy lê hulpeloos voor hom en Sam is oortuig dat dit `n regverdige handeling sou wees. Maar diep in sy hart is daar iets wat hom daarvan weerhou. Ook hierin sien ons die groter mag aan die werk – nie net in Sam wat besig is om gevorm te word nie, maar ook omdat Gollum nog `n beslissende rol moet speel. Die 'mag' weet dit en dus moet Sam verhinder word om iets aan hom te doen.

Daar is nog baie meer verwysings. In werklikheid word daar deur die hele verloop van die boek die gevoel geskep van `n groter goeie mag wat teenwoordig is en wat `n beslissende rol speel (*evaluative* point of view), maar wat mense en hul besluite en keuses gebruik. Hierdie mag gebruik op ironiese wyse[13] ook die Bose en sy aard om uiteindelik die saak van die goeie te bevorder.

[13] Sien Ironie van die Bose.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


### 3.2.3 Voorsienigheid

Tolkien se lesers het begin glo dat God `n onbetrokke toeskouer is en dat die lewe maar net oorgelaat is aan toeval of aan die magspel van mense. Dit lyk nie asof daar `n groter 'mag' is wat `n rol speel nie. Met die skryf van The Lord of the Rings wil Tolkien aan die leser kommunikeer dat daar nié so iets is soos toeval nie, en dat dinge gebeur omdat dit so bestem is, en dat mense hulself op `n bepaalde plek in `n bepaalde tydsraamwerk bevind, omdat hulle `n rol het om te vervul.

> *"You have come and are here met, in this very nick of time, by chance as it may seem. Yet it is not so. Believe rather that it is so ordered that we, who sit here, and none others, must now find counsel for the peril of theworld" (p 236)*.

Hoewel Tolkien die begrip 'chance' gebruik, is dit nooit ongekwalifiseerd nie, soos blyk uit die voorafgaande aanhaling en die woorde van Tom Bombadil:

> *"chance brought me then, if chance you call it" (p 123)*.

Uiteindelik, in die verloop van die verhaal, word dit duidelik dat die taak té groot is vir die 'Fellowship'. Hulle het hulp nodig – `n ingrype van 'bo', soos sommige gelowiges dit sal verwoord, of van `n groter mag. "But the sense throughout the book is that the force at work is more purposeful than chance or blind fate. Even at the beginning of the Quest, one senses vaguely a providence at work behind the scenes" (Salu&Farrell 1979:279). Gandalf verwys na:

> *"…the strangest events in the whole history of the Ring so far: Bilbo's arrival just at that time and putting his hand on it, blindly, in the dark. There was more than one power at work" (p 54).*

Dit blyk dus reeds vroeg in die verhaal dat groter magte aan die werk is. "... it becomes evident in the second chapter that the workings of Providence will be basic to the narrative when Gandalf tells Frodo he was 'meant' to have the Ring" (Helms 1976:77).

> *"I can put it no plainer than by saying that Bilbo **was meant to** find the Ring, and not by its maker, in which case you also **were meant to** have it.*

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



> *Behind that there was* ***something else at work****, beyond any design of the Ring-maker. And that may be* ***an encouraging thought***[14]*" (p 54-55)*.

Gandalf suggereer in die voorafgaande aanhaling dat daar goeie magte aan die werk is, wat die leser en die karakters nie kan sien nie, maar wat doelbewus werk om die Bose te vernietig. Die woorde en perspektief is bedoel om die leser hoop te gee, net soos wat dit vir Frodo en die 'Fellowship' moet bemoedig.

Aragorn versterk die gedagte in Frodo en die leser se gemoed, wanneer hy sê:

> *"it has been ordained that you should hold it for a while" (p 249)*,

wat weer eens duidelik maak dat daar `n groter mag is wat dinge bestem.

Later beleef Frodo self iets van `n sturende of leidende hand wanneer hy aanbied om die Ring te neem:

> *"At last with an effort he spoke, and wondered to hear his own words, as if some other will was using his small voice" (p 263)*.

Galadriel maak `n belangrike opmerking in die verband wanneer sy aan die lede van die 'Fellowship' dié perspektief bied:

> *"Maybe the paths that you each shall tread are already laid before your feet, though you do not see them"*[15] *(p 359).*

"In Book 1 there are six 'preliminary' adventures; each involves a major threat to the ringbearer, and in each Frodo is saved by the providential appearance or action of an outside force or helper (Helms 1976:81). Die 'toevallige' verskyning van Tom Bombadil op die regte kritiese oomblik, toe Frodo in nood is, en die ingrype van Strider (Aragorn) op die mees kritiese moment, is voorbeelde van hierdie voorsieninge ingrype.

---

[14] Aksent is deur my geplaas.

[15] Hierdie blyk later `n profetiese stelling te wees, want as die leser terugkyk oor die verhaal vanaf die perspektief van die einde van die verhaal, is dit duidelik dat elkeen se pad bestem was.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


### 3.2.4 Oorwinning deur lyding

Die plot van die verhaal[16] is die *Quest* van die Ring. Dit is deur middel van die *Quest* dat Tolkien een van sy sterkste teologiese gedagtes formuleer, wat as leitmotiv beskou kan word: oorwinning deur lyding. "The paradox of this particular *Quest* is that what is most wanted is most against the grain. There is a deep sense that the ultimate goodness of the universe requires an ultimate sacrifice of the self" (Salu&Farrell 1979:256). "The Quest Tolkien gives us is to loose something" (Helms 1976:95).

3.2.4.1 <u>'n Swaar pad</u>

Lord of the Rings wil hê dat die leser duidelik moet besef dat `n keuse vir die goeie nie maklik is nie, en inteendeel groot lyding en baie swaarkry kan beteken. Na aanleiding van heelwat beskrywings in The Lord of the Rings oor die swaarkry wat al die karakters, maar veral Frodo, beleef het, skryf Salu en Farrell: "Suffering as a necessity of life, is bound up with the task. The difficulty increases" (Salu & Farrell 1979:275)

> *"... but he walked like one who carries a load, the weight of which is ever increasing" (p 893)*.

Salu en Farrell gaan voort deur te sê: "Every man, in the Christian vision, must carry the weight of his own cross" (Salu & Farrell 1979:275).

Dit is egter nie net `n stryd tussen goed en kwaad waarvan die individu deel word nie. Die grootste stryd vir die een wat gekies het om aan die kant van die goeie te staan, is in jouself. "The paradox of this particular Quest is that what is most wanted is most against the grain. Not only must good struggle against evil: not only must Frodo labour through miserable physical circumstances: but there is for the hero a struggle within himself to do what he must do, but can hardly bear to do" (Salu&Farrell 1979:256).

> *"For the hobbits each day, each mile, was more bitter than the one before, as their strength lessened and the land became more evil … But far worse than*

[16] Sien analise van plot aan die einde van hierdie hoofstuk.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



> *all perils was the ever-approaching threat that beat upon them as they went: the dreadful menace of the Power that waited, brooding in sleepless malice behind the dark veil about its Throne …" (p 914*).

Hoe verder die verhaal vorder en hoe langer Frodo die Ring in sy besit het, hoe moeiliker word dit vir hom om van die Ring afstand te moet doen. Hy is in twee geskeur, want die Ring het reeds sy invloed op hom. Een so episode is in Boek 6, hoofstuk 1. Sam het gedink dat Frodo dood is en neem die Ring om die *Quest* te voltooi. Hy besef uiteindelik dat Frodo tog leef en hou dit vir hom in bewaring tot hy hom kan red uit die hande van die Orcs. Wanneer hy Frodo weer vind en die Ring aan hom gee, reageer Frodo asof hy die Ring van hom wou steel.

> *"No, no!' cried Frodo, snatching the Ring and chain from Sam's hand. 'No you won't, you thief!'" … 'O Sam! What have I said? What have I done? Forgive me! It is the horrible power of the Ring" (p 891)*.

In Boek 2 hoofstuk 10, is dit duidelik dat Frodo iets verstaan daarvan dat die pad van `n gelowige dikwels die moeiliker pad is, terwyl Boromir dit nie begryp nie. Frodo antwoord Boromir, wat hom wil raad gee oor die besluit wat hy moet neem aangaande die roete wat hulle moet volg:

> *"I know already what counsel you would give, Boromir, and it would seem like wisdom but for the warning of my heart".*
>
> *"Warning? Warning against what?" said Boromir sharply.*
>
> *"Against delay. Against the way that seems easier. Against refusal of the burden that is laid on me. Against – well, if it must be said, against trust in the strength and truth of men"" (p 388).*

Tolkien wil sy lesers, wat ook in situasies beland waar hulle besluite moet neem, help om te verstaan dat die pad wat makliker lyk nie noodwendig die beste pad is nie, en dat ons nie ons vertroue moet stel in die krag en mag van mense nie. In die jare na die oorlog is hierdie `n belangrike waarskuwing – dat die militêre krag en mag van lande nie die antwoord is nie en dat redding nie daarin gesoek moet word nie. Dit is ook belangrik vir hom om sy lesers te motiveer om te soek na 'the road less travelled'.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


3.2.4.2 Bereidheid om te sterf

Nie alleen moet die lesers verstaan dat die pad van die goeie dikwels swaarkry beteken en dat daar `n kruis is om te dra nie. Meer nog: die wat die goeie kies moet bereid wees om daarvoor te sterf. “There is a deep sense that the ultimate goodness of the world requires an ultimate sacrifice of the self” (Salu&Farrell 1979:256).

Die tema word dikwels herhaal in die verhaal van The Lord of the Rings. Frodo verstaan dat die pad wat hy gekies het selfopoffering sal vra en dat hulle moontlik nie sal terugkeer nie. In boek 2 hoofstuk 10 besluit Frodo om alleen voort te gaan, omdat hy oortuig is dat hierdie die pad is waarvoor hy geroep is. Hy wil dit egter alleen verder aandurf omdat hy nie die res van die *Fellowship* verder in gevaar wil stel nie. Tog dring Sam daarop aan om saam met hom te gaan. Frodo antwoord:

> *“We will go, and may the others find a safe road! I don’t suppose we shall see them again” (p 397)*.

Met hierdie woorde sinspeel hy op die feit dat hierdie pad ook die einde van hulle pad sal wees en dat hulle dit nie sal oorleef nie. Frodo is egter voorberei vir hierdie dapper besluit deur die voorafgaande gebeure, waarin Gandalf sy lewe gegee het sodat hulle gered kon word. Hierdie dood motiveer Frodo om ook die pad van selfopoffering te volg.

> *“When our escape seemed beyond hope he saved us, and he fell” (p 346)*.

In Boek 5, hoofstuk 9 word die besluit geneem tydens die Laaste Debat om hulself te offer uit liefde vir die wêreld in die hoop dat dit Sauron se aandag lank genoeg sal aflei sodat Fodo en Sam moontlik nog Mount Doom kan bereik.

> Gandalf sê: *“We must march out to meet him at once. We must make ourselves the bait, though his jaws should close on us. He will take that bait in hope and in greed … We must walk open-eyed into that trap, with courage, but small hope for ourselves. For, my lords, it may well prove that we ourselves shall perish utterly in a black battle far from the living lands” (p 62)*.

“So this epiphanic act readies the narrative for the symbolic Christian gesture of all the free peoples” (Nitzsche 1979:123).

**‘Anti-quest’**

Die Ring, wat simbool is van mag in The Lord of the Rings, verander alles en almal. Die Ring maak alles boos waarmee dit in aanraking kom. By die Raad van Elrond word verskillende oplossings oorweeg, byvoorbeeld om die Ring weg te steek of te bêre of dit net nie te gebruik nie, of selfs weg te gooi. Gandalf en Elrond maak duidelik dat nie een van hierdie opsies oorweeg kan word nie. Die Ring sal altyd sy weg terugvind na iemand toe en solank as wat dit in die wêreld bestaan, selfs is dit op die bodem van die see, het dit mag om korrup en stukkend te maak.

Boromir voel dat húlle die Ring moet gebruik, want hy is oortuig daarvan dat hulle dit ten goede téén die vyand sal kan gebruik. Elrond antwoord dat mens die Ring nié kan gebruik nie.

> *“It’s strength is too great for anyone to wield at will ... The very desire of it corrupts the heart” (p 261)*.

Daar is slegs een oplossing – die Ring moet vernietig word. Dit kan egter nie vernietig word deur enige mag of krag wat hulle besit nie. Uiteindelik bly slegs een uitweg oor – dit moet vernietig word in die vuur van Mordor, waar dit gemaak is, in Orodruin. “These assertions determine the story. It becomes not a quest, but an anti-quest, whose goal is not to find or to regain something but to reject and to destroy something. Nor can there be any half-measures, attractive as they seem” (Shippey 2000:114).

Tolkien se lesers bevind hul in `n wêreld waarin daar daagliks soveel keuses is om te maak en waarin so maklik kompromieë gemaak word. Mens kan maklik glo dat jy kan deelneem aan die praktyke van die bose, sonder om self boos te word en jy kan jouself oortuig dat jy dit ten goede sal aanwend. Die oorlog wat hulle almal beleef het, het baie mense laat deelneem, op grond van hulle oortuiging dat dit vir die goeie is. Hy wil hê die leser moet verstaan dat dit nie moontlik is nie. Mens is of vír of téén die bose. Geen tussen-in weg is moontlik nie. Die beste voorbeeld hiervan is Saruman self. Saruman was nie altyd boos nie, maar hy het bo alles kennis begeer. Hy het geglo dat sy alliansie met Sauron hom sal help om meer kennis te verkry en dat hy hom dan kan losmaak van Sauron of dat hy Sauron sal kan beheer met sy meerdere kennis. Saruman sê vir Gandalf:

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


> *"A new power is rising. This then is one choice before you. We may join with that power. Its victory is at hand; and there will be rich reward for those that aided it. And the wise, such as you and I, may with patience come at last to direct its courses, to control it. We can keep our thoughts in our hearts, deploring maybe evils done by the way, but approving the high and ultimate purpose: Knowledge, Rule, Order" (p 253)*.

In Boek 6, hoofstuk 8 antwoord Frodo:

> *"Saruman was doing its work all the time, even when he thought he was working for himself. And the same with those that Saruman tricked" (p994).*

In Boek 3, hoofstuk 8 word Isengard beskryf, die woonplek van Saruman:

> *"But Saruman slowly shaped it to his shifting purposes, and made it better as he thought, being deceived – for all those arts and subtle devices, for which he forsook his former wisdom, and which fondly he imagined were his own, came but from Mordor .." (p 542).*

So gebruik Tolkien hierdie verhaal om sy lesers te help om die gevolge te besef van alliansie met die Bose. Mens kan nie aan albei kante staan nie. Die Bose maak jou ook boos, hoe goed jou bedoeling ookal is.

### 3.2.4.3 <u>Versoeking</u>

Ek het reeds daarop gewys dat dit vir Tolkien belangrik is dat sy lesers besef dat die goeie pad `n moeilike pad is, vol swaarkry en beproewing. Deel van hierdie swaarkry pad is versoekinge en in The Lord of the Rings word feitlik elke karakter versoek deur die Ring en die moontlikheid van mag. Tolkien wil egter nie net die leser bedag maak op versoekinge nie, maar wil veral die moontlike reaksies op versoekinge illustreer. Die karakters reageer verskillend en die leser moet hom-/haarself 'sien' in die karakters.

Die eerste versoeking is wanneer Frodo in die tweede hoofstuk van die eerste boek vir Gandalf die Ring aanbied:

> *"'You are wise and powerful. Will you not take the Ring?' 'No!' cried Gandalf, springing to his feet. 'With that power I should have power too*

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


> *great and terrible. And over me the Ring would gain a power still greater and more deadly'. His eyes flashed and his face was lit as by a fire within. 'Do not tempt me! I dare not take it, not even to keep it safe, unused. The wish to wield it would be too great for my strength. I shall have such need of it. Great perils lie before me'" (p 60).*

In Boek 2 hoofstuk 7 word Galadriel versoek. Weer is dit Frodo wat vir haar die Ring aanbied.

> *"'You are wise and fearless and fair, Lady Galadriel', said Frodo. 'I will give you the One Ring, if you ask for it. It is too great a matter for me.' Galadriel laughed. '… I do not deny that my heart has greatly desired to ask what you offer. For many long years I have pondered what I might do should the Great Ring come into my hands … And now at last it comes. You will give me the Ring freely! …'. 'I pass the test,' she said. 'I will diminish, and go into the West, and remain Galadriel'" (p 356-7).*

Vir Boromir is die versoeking van die Ring en die mag wat dit vir hulle sal gee om die vyand te verslaan, soos hy laat blyk uit sy rede by die Raad van Elrond, te sterk en begin dit hom oorweldig, sodat hy Frodo daaroor konfronteer in Boek 2 hoofstuk 10. Hoewel hy eers met hom probeer argumenteer, word hy uiteindelik kwaad en kry sy begeerte na die Ring die oorhand, sodat hy Frodo dreig. Sy hele voorkoms verander in hierdie gedeelte omdat Tolkien wil aandui dat die blote begeerte na die Ring mens al klaar verander.

> *"His fair and pleasant face was hideously changed; a raging fire was in his eyes" (p 390).*

Boromir beleef daarna berou en besef wat gebeur het, wanneer hy sê:

> *"A madness took me, but it has passed. Come back!" (p 390)*.

Tolkien illustreer die verskillende maniere waarop mens kan reageer op versoekings en beeld Boromir se reaksie so uit dat hy die leser se simpatie vír Frodo en téén Boromir wek. So wil hy die leser se eie reaksie in oomblikke van versoeking beïnvloed.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


### 3.2.5 **Rol van die lede van die *Fellowship***[17]

#### 3.2.5.1 Nuwe lewe

Tolkien wil sy lesers tot die besef bring dat dit in die volg van die goeie inderdaad ten diepste handel om `n nuwe lewe. "Symbols of passage, initiation and rebirth abound in the course of the story. When rescued by Tom Bombadil he expressed their liberation in terms evocative of baptism" (Salu&Farrell 1979:272).

> *"You've found yourselves again, out of the deep water … Be glad… Cast off these old rags! (p 140).'"*

Al die temas wat volg is deel van die karaktertrekke van die nuwe lewe.

#### 3.2.5.2 Roeping

Reeds in die tweede hoofstuk van die eerste boek word dit duidelik dat dit in hierdie *Quest* handel om dieper geestelike waarhede. Dit blyk reeds uit Frodo se vraag:

> *"Why have I been chosen?" (p 60)*,

en Gandalf se antwoord: *"Such questions cannot be answered ... But you have been chosen" (p 60).*

Elrond maak dit duidelik aan almal wat teenwoordig is by die Council, dat hulle geroep is om daar te wees.

> *"You have come and are here to meet, at this very nick of time, by chance as it may seem. Yet it is not so. Believe rather that it is so ordered that we, who sit here, and none others, must now find counsel for the peril of the world (p 236).*

Tolkien, as toegewyde en uitgesproke gelowige, sinspeel hierin op die Christen se oortuiging dat hulle geroep is vir `n spesifieke taak. "This recognition of being chosen or called to a specific task is at the heart of the Christian life" (Salu & Farrell 1979:274).

In boek 4, hoofstuk 3, beleef beide Sam en Frodo `n duidelike roeping.

> *"Suddenly a sense of urgency which he did not understand came to Sam. It was almost as if he had been called: 'Now, now, or it will be too late!'*

---

[17] Moontlike metafoor vir gelowiges.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



*… Frodo also seemed to have felt the call. He struggled to his knees. 'I'll crawl, Sam', he gasped" (p 921).*

Hierdie gedeelte se waarde lê binne die groter konteks van die boek. Terwyl Frodo en Sam hul stryd stry, geestelik en emosioneel uitgeput en stukkend is en nie meer krag het vir die laaste stukkie van die pad nie, is die goeie magte, waarvan hulle twee onbewus is, besig om gereed te maak om die Bose uit te daag tot `n laaste geveg. Hulle doen dit om vir Frodo en Sam tyd te wen. Indien Sam en Frodo in die tyd nié slaag daarin om die Ring te vernietig nie, sal die goeie magte verslaan word en die Bose sal oor die wêreld heers. Die enigste kans wat daar is op oorwinning is indien Sam en Frodo slaag. Van dit alles is hulle egter heeltemal onbewus en is hierdie duidelike roepingservaring nodig om hulle te motiveer vir die laaste stukkie van hierdie moeisame en eintlik onmoontlike pad. Dit gee dan ook vir hulle moed en geestelike krag om die laaste stuk af te lê.

Nog `n gedagte wat Tolkien graag aan sy lesers wil kommunikeer, wat leef in `n wêreld waar die sterkstes en die grootstes oorwin en waar dié met die grootste wapens en meeste magsvertoon, die leiers is, is dat die kleinstes en die swakstes dikwels die grootste en meer deurslaggewend verskil kan maak. "The humblest member of the Council – the insignificant hobbit Frodo – is ultimately chosen to pursue the mission of the Ring because he ís insignificant" (Nitzsche 1979:106).

*"But I feel very small, and very uprooted, and well – desperate. The Enemy is so strong and terrible" (p 61)*

Die Fellowship bestaan uit nege, wat `n baie klein getal is, maar simbolies baie betekenisvol. Hulle verteenwoordig die vry nasies[18] (*Free Peoples of the World (p268)*) en is die teenoorgestelde van die nege Nazgûl. Foster skryf in sy verwysing na die nege lede van die Fellowship as "the Nine Walkers as opposed to the Nine Riders, the Nazgûl" (Foster 1971:74). Maar Elrond verseker hulle dat krag en wysheid nie die antwoord in hierdie krisistyd is nie.

*"The road must be trod, but it will be very hard. And neither strength nor wisdom will carry us far upon it. This quest may be attempted by the weak with as much hope as the strong. Yet such is oft the course of deeds that*

[18] Die vry nasies van die wêreld is die nasies wat nie onder die heerskappy van Sauron is nie.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


*move the wheels of the world: small hands do them because they must, while the eyes of the great are elsewhere" (p 262).*

3.2.5.3 Om soos Jesus te word[19]

`n Geweldige karakterontwikkeling vind plaas in The Lord of the Rings. Verskillende van die karakters groei en ontwikkel sodat hulle al meer eienskappe van Christus openbaar.

**Sam**[20] wat aanvanklik `n eenvoudige, ongekompliseerde en baie toeganklike karakter is, ontwikkel in `n mens met geweldige innerlike diepte en geestelike krag, `n mens wat nie net die ideale gelowige simboliseer nie, maar wat iets van ware menswees uitleef. Hy het die vermoë om nie net in donker oomblikke aan te hou hoop nie, maar om skoonheid in dinge om hom raak te sien. Hy ontwikkel ook as `n buitengewoon lojale karakter wat bereid is om die ekstra myl te loop vir `n ander en om die las te dra wat vir ander opgelê is. Hierin, soos in vele ander opsigte, openbaar hy die karakter van Christus. Frodo vra hom om hulle te lei omdat hy self geen hoop meer het nie. Sam gee vir Frodo die laaste water en sy deel van die kos (*p 907*). Sam leer ook om hom nie te bekommer oor môre nie, wat herinner aan Jesus se lering:

*"... leaving the morrow till it came. He could do no more" (p 915).*

Hy laat nie toe dat wanhoop hom oorweldig nie. Hy veg daarteen sodat hy staande kan bly teen die Bose en die mag van die Bose wat hulle in wanhoop wil laat verval.

*"He knew all the arguments of despair and would not listen to them. His will was set and only death would break it" (p 919).*

En wanneer hy nie die las self op hom kan neem nie, dan neem hy die een wat dit moet dra, op hom!

*"'Come, Mr Frodo!' he cried. 'I can't carry it for you, but I can carry you and it as well" (p 919).*

---

[19] Ek glo, in die lig daarvan dat Tolkien self sy werk as `n religieuse werk beskou, en in die lig van sy point of view, dat die Fellowship `n metafoor is vir die gelowige, dat Frodo se pad die geloofspad simboliseer en dat die 'gelowige' se groei die pad van dissipelskap simboliseer waarin die gelowige ontwikkel om meer en meer soos Jesus te wees.

[20] Sien by karakters meer oor Sam.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Waar dit egter die duidelikste word dat Sam verander het en gegroei het, dat hy meer en meer, volgens die *point of view* van Tolkien, die ideale gelowige[21] geword het, is in Boek 6 hoofstuk 3, waar Gollum skielik weer op die toneel verskyn. Sam was altyd ongemaklik met Gollum en kon hom nie verdra nie. In hierdie oomblik waar hy weer met Gollum gekonfronteer word – nadat Gollum hulle wou laat doodmaak deur Shelob – en hy in `n posisie is om Gollum dood te maak, beleef hy skielik `n tweestryd en kan hy dit nie regkry nie, want iets in hom het verander.

> *"It would be just to slay this treacherous, murderous creature, just and many times deserved. But deep in his heart there was something that restrained him" (p 923).*

"… even during the trek across Mordor his sensitivity to spiritual reality is expressed by his understanding of beauty beneath the appearance of waste, of light beyond darkness, of hope beyond despair" (Nitzsche 1979:124).

**Frodo** is waarskynlik die karakter wat die meeste ontwikkel in lyn met Christus. Sy groei en ontwikkeling begin die oomblik toe hy die taak aanvaar om die Ringdraer te wees. Sy karakterontwikkeling word die duidelikste uitgebeeld in sy hantering van Smeagol (Gollum). Aanvanklik ervaar Frodo woede teenoor Smeagol. Gandalf wil hom help om op `n ander manier te kyk, net soos wat Jesus mense gehelp het om met nuwe oë en op nuwe maniere te kyk. Dit sal egter tyd neem vir Frodo om werklik te verander en te groei, maar hierdie gesprek open reeds die deur daarvoor.

> *"'This is terrible!' cried Frodo. 'What a pity that Bilbo did not stab that vile creature, when he had a chance!'*
>
> *'Pity? It was Pity that stayed his hand. Pity and Mercy: not to strike without need'.*
>
> *'I am sorry … But I do not feel any pity for Gollum.'*
>
> *'You have not seen him', Gandalf broke in.*
>
> *'No, and I don't want to,' said Frodo. 'I can't understand you. Do you mean to say that you, and the Elves, have let him live on after all those horrible deads? He deserves death.'*
>
> *'Deserves! Many that live deserve death. And some that die deserve life. Can you give it to them? Then do not be too eager to deal out death in judgement.*

[21] Ek glo dat Sam simbool is van die ideale gelowige.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


> *I have not much hope that Gollum can be cured before he dies, but there is a chance of it" (p 58).*

Hierdie is die eerste gesprek van vele wat sal volg in The Lord of the Rings waarin die leser uitgedaag sal word, saam met die karakters, om nuut na die lewe te kyk. "Gandalf cautions him to feel not wrath or hatred, but love as pity ... the chain of love it creates contrasts with the chain of enslavement represented by Sauron's One Ring" (Nitzsche 1979:102-3).

In hierdie eerste gesprek word Frodo gekonfronteer met `n ander lewensperspektief. In boek 6 hoofstuk 1, onthou Frodo hierdie gesprek, wanneer hulle oorval word deur Gollum wat hulle wil doodmaak. Nadat hy die gesprek woordeliks in sy gedagtes herhaal, antwoord hy:

> *"Very well. I will not touch the creature. For now that I see him, I do pity him" (p 601).*

Van toe af het Frodo hom met deernis en genade hanteer.

Frodo het egter ook in ander opsigte verander. Hierdie eens sorgvrye hobbit besef meer en meer dat hy geroep is om `n taak uit te voer en dat hierdie pad selfopoffering vra, maar hy is bereid om die pad te loop. De leser word bewus namate die verhaal vorder, van `n groot erns waarmee Frodo die taak op hom neem.

Nadat die Quest voltooi is en Frodo en die drie ander hobbits hul terug bevind in die Shire wat onherkenbaar verander is en die duidelike merk van die Bose dra, het Frodo een agenda: geen geweld. Wanneer dit egter duidelik word dat geweld onvermydelik is en dat daar `n fisiese konfrontasie moet plaasvind ten einde die Shire van die Bose te bevry, pleit hy herhaaldelik daarvoor dat niemand onnodig moet sterf nie.

> *"'Fight?' said Frodo. 'Well, I suppose it may come to that. But remember: there is to be no slaying of Hobbits, not even if they have gone over to the other side. And nobody is to be killed at all if it can be helped. Keep your tempers and hold your hands to the last possible moment!" (p 983)*

In `n tweede konfrontasie sê Frodo weer:

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)



*"I wish for no killing; not even of the ruffians, unless it must be done, to prevent them from hurting hobbits" (p 987).*

*"Frodo had been in the battle, but he had not drawn sword, and his chief part had been to prevent the hobbits in their wrath at their losses, from slaying those of their enemies who threw down their weapons" (p 993).*

Uiteindelik ontdek die hobbits dat Saruman (en dus die Bose) verantwoordelik is vir die verandering in die Shire en staan Saruman ook skielik voor hulle. In hierdie oomblik waarin Frodo die mag het om hom te vernietig, kies hy `n ander uitweg – ons sou dit kom noem, die weg van die kruis.

*"I will not have him slain. It is useless to meet revenge with revenge; it will heal nothing. Go, Saruman! (p 995).*

Wanneer Saruman by Frodo verbyloop steek hy hom met `n mes in `n laaste poging om hom dood te maak. Frodo het wapenrusting aan wat hom beskerm, maar selfs in hierdie oomblik verhinder hy Sam wat Saruman wil aanval:

*"No Sam! Do not kill him even now. For he has not hurt me. He is fallen, and his cure is beyond us; but I would still spare him, in the hope that he may find it" (p 996).*

Hierdie woorde herinner aan dié van Gandalf wat hy aan die begin vir Frodo gesê het en wat Frodo nou deel van sy lewe gemaak het.

"In spite of the amount of war in Lord of the Rings, there exists still a strong moral compassion for enemies who are in any way capable of reformation" (Salu&Farrell 1979:277). Bilbo het Gollum se lewe gespaar. Die Elwe spaar Gollum ook, "perhaps through over-kindliness" (p249). Gandalf probeer om Frodo te leer om deernis te hê en die resultaat is dat Gollum instrumenteel word in die vernietiging van die Ring. Selfs Saruman word deur die boom-herders (Ents) vrygelaat en wéér gespaar deur Gandalf én Frodo. "The battle against true evil has done the opposite of hardening Frodo" (Salu&Farrell 1979:277).

Die ander hobbits verander natuurlik ook en by elkeen word `n merkwaardige karakterontwikkeling en volwassewording bespeur, maar ons kan volstaan by die opmerking van Nitzsche: The 'new man' represented by the hobbits, Frodo, Sam, Merry and Pippin, then must overcome a natural inclination toward 'oldness', toward the life of the senses inherent in the hobbit love of food, comfort, warm shelter,

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


entertainment, good tobacco. All of them do so to the trilogy's end." (Nitzsche 1979:105). Waarskynlik is die hobbits die mees kontemporêre karakters in terme van ons identifisering met hulle en hul lewensbehoeftes, daarom maak die verandering wat in hulle plaasvind `n effektiewe aanspraak op die leser.

Tolkien wil sy lesers uitdaag om die lewe as so *Quest* te benader, maar dit is onvermydelik dat verandering gevra word van die wat dit op die *Quest* waag, en wel verandering wat liefde en deernis en genade kies bo haat en kwaad en vergelding, wat die karakter van Jesus openbaar.

3.2.5.4 Vreemdelinge in die wêreld / pelgrims

Hierdie gedagte in The Lord of the Rings herinner aan die pad waarvoor Jesus se volgelinge op aarde geroep word, spesifiek in die boek Openbaring. Tolkien wil sy lesers uitdaag tot `n alternatiewe, 'vreemde' (vir die wêreld) leefstyl, waarin vergelding en haat plek maak vir liefde, vergifnis en vryspraak; waarin mense hul gemaklike leefstyl verruil vir `n pad van ontbering; waarin Elf en Dwerg (aartsvyande, soos Jood en Griek in die briewe van Paulus), mens en hobbit, saam met mekaar oppad gaan en waarin nie weggeskram word van selfopoffering nie.

"All the nine companions of the Fellowship of the Ring must temporarily assume a nomadic stance in the world for the sake of their important quest" (Salu&Farrell 1979:270). Hulle moet dus bereid wees om heelwat op te offer in terme van gerief en gemak, ter wille van die groter saak. Reeds vroeg in die verhaal besef Frodo iets hiervan wanneer hy vir Gandalf sê:

> *"I should like to save the Shire, if I could … But this would mean exile, a flight from danger into danger, drawing it after me. And I suppose I must go alone, if I am to do that and save the Shire. But I feel very small, and very uprooted, and well – desperate. The Enemy is so strong and terrible" (p61).*

Gandalf, wat beskou kan word as een van die Messiaanse figure in die boek, is altyd so oppad. Hy het geen permanente tuiste nie. Hy is `n pelgrim met `n missie en `n taak wat hom altyd besig hou en weer oppad neem.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


"Gandalf takes up the special symbolic posture of wanderer. He has no home" (Salu & Farrell 1979:270). In die woorde van Tolkien, wat ons help om sy bedoeling die beste te verstaan: "If possessing a house implies having assumed a stable situation in the world, those who have renounced their houses, the pilgrims and ascetics, proclaim by their "walking", their constant movement, their desire to leave the world, their refusal of any worldly situation … Those who have chosen the *Quest*, must abandon any kind of family and social situation, any "nest", and devout themselves to "walking" towards the supreme truth, which, in highly evolved religions, is synonomous with the Hidden God, the Deus Absconditus" (The Sacred and the Profane, pp 183-4, Eliade). Hier word nie net iets van die spiritualiteit van Tolkien openbaar nie, maar ook sy *evaluative point of view* of geestelike doelwitte wat hy met die boek wou bereik. Hierdie is `n baie belangrike punt ten opsigte van Tolkien se hantering van God as karakter in The Lord of the Rings, want hiervolgens is God daar, maar Hy is verborge en die Quest is `n oppad-wees na Hom toe. God wil sigbaar word in die karakters wat al meer '*God-like*' word.

Tolkien glo dat dit ons iets kos om deel te word van die *Quest* (die keuse vír die Goeie en téén die Bose). Dit kan selfs baie van mens vra en heelwat opofferings eis, maar die beloning is dat die pelgrim in sy/haar oppad wees, iets sal ontdek van die onsigbare God en dat iets van wat verborge is, openbaar sal word.

Tolkien maak sy lesers egter nie net bewus van die geweldige implikasies wat dit inhou indien iemand kies om deel te word van die stryd teen die Bose nie. Daar is ook heelwat versterkende en vertroostende waarhede wat hy sy lesers wil help ontdek, want dit is hulle hoop in hierdie wêreld en op die lewens-*Quest*.

### 3.2.6 Hoop

"Tolkien and his characters, despite their various personal sadnesses, remain hopeful; and a major foundation of their hope is simply the reality of the world" (Rogers 1980:122). Die hele doel van die 'teologie' van The Lord of the Rings is om, soos die boek Openbaring, vir die moedelose leser hoop te gee, want sonder hoop kan mens nie sinvol leef nie. Dit lyk asof dit vir Tolkien belangrik is dat sy lesers selfs in die mees 'hoop-lose' omstandighede nie sal moedeloos raak nie. Die tema van

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


hoop word dikwels verbind met die gedagte van 'Voorsienigheid' – al lyk alles donker en sonder die moontlikheid van uitkoms, is daar tog groter magte aan die werk. Dáárom kan mens aanhou hoop. Soms is dit juis die ervaring dat groter magte aan die werk is, wat vir die karakters en die leser hoop gee.

Sam, die karakter wat dikwels die voorbeeld is van die ideale gelowige, is ook die een wat dikwels in die donkerste moment bly hoop. "Sam exemplifies the ideal Christian servant (Nitzsche 1979:124).

> *"I don't suppose we shall see them again"* (sê Frodo oor die res van die 'Fellowship'). *"Yet we may, Mr Frodo. We may", said Sam (p 397)*.

In die donkerste oomblikke waar Frodo sê dat hulle in `n doodloopstraat is, vra hy vir Sam:

> *"Sam, lead me! As long as you've got any hope left. Mine is gone" (p 907)*.

Deur die karakter van Sam wil Tolkien die leser aanmoedig om selfs in die moeilikste omstandighede nie hoop op te gee nie, maar hy wil aan die leser ook `n ander perspektief verleen: dat hoop ook soms `n keuse is.

> *"He knew all the arguments of despair and would not listen to them. His will was set, and only death would break it" (p 919)*.

Galadriel herinner hulle dat daar steeds hoop is, solank as wat die 'Fellowship' getrou bly aan hulle taak en aan die roeping om die Goeie te volg.

> *"Yet hope remains while all the company is true..." (p 348)*.

Gandalf, as Messiaanse figuur, is dikwels die een wat hoop bring en hoop gee, soms deur bemoedigende woorde, maar meestal deur nuwe perspektief te gee en die ander karakters te help om nuut te 'kyk'. In Boek 3 hoofstuk 6, help Gandalf vir koning Theoden, wat oor baie jare heen deur Saruman beïnvloed is, om met nuwe oë te kyk na die wêreld rondom hom en veral help hy hom om te sien dat álles nie hooploos en donker is nie.

> *"He lifted his staff to the window. The darkness seemed to clear and through the opening could be seen a patch of shining sky. 'Not all is dark. Take courage …'" (p 503)*.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Die hoop waarvan Gandalf praat herinner aan die Christelike hoop, wat volgens Paulus as dwaasheid beskryf is. Op Pippin se vraag of daar enige hoop is, antwoord Gandalf:

> *“There never was much hope. Just a fool’s hope” (p 797)*.

Hy is egter veral die hoop-draer, omdat hy die dood oorwin het. So word sy volgelinge bewus van sy besondere krag en mag, en dit gee vir hulle moed en hoop.

> *“Wherever he came men’s hearts would lift again, and the winged shadows pass from memory” (p 806)*.

Aragorn verwoord iets van dié hoop wat hy hulle gee, wanneer hy sê:

> *“The Dark Lord has Nine. But we have One, mightier than they: the White Rider. He has passed through the fire and the abyss, and they shall fear him. We will go where he leads” (p 490).*

Dit is egter ook Gandalf se lang en konsekwente stryd teen die Bose, wat bepalend is in die Laaste Debat (Boek 5 hoofstuk 9), waar besluit word om teen die Bose magte op te trek in `n laaste stryd. Aragorn sê:

> *“We come now to the very brink, where hope and despair are akin. To waver is to fall. Let none now reject the counsels of Gandalf, whose long labours against Sauron come at last to their test. But for him, all would long ago have been lost” (p 862)*.

Die tema van hoop is `n deurlopende tema, en het ten doel om die lesers wat hoop verloor het, te help om nuwe hoop te vind: in gemeenskap met ander, in `n dikwels onsigbare realiteit en in die keuse om te bly hoop omdat daar groter magte aan die werk is. Daar is heelwat versterkende en vertroostende waarhede wat hy sy leser wil help ontdek:

### 3.2.6.1 Nie alleen nie

Reeds baie vroeg in die verhaal waar Frodo die eerste keer besef dat hierdie `n saak van groot erns is waarvan hy hom nie kan distansieer nie, en waar Gandalf hom laat verstaan dat hy geroep is vir hierdie taak, kry hy ook dié troosvolle versekering van Gandalf:

> *“But I will always help you. I will help you bear this burden as long as it is yours to bear. But we must do something now. The Enemy is moving” (p 60).*

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Baie gou in die *Quest* skei Gandalf en Frodo se paaie egter. Frodo was waarskynlik onder die indruk dat hy en Sam alleen is, heeltemal onbewus van hoe getrou Gandalf aan sy woord is en hoe hy op baie maniere vir Frodo help, al is Frodo nie daarvan bewus nie. Hoewel Frodo dit nie kan sien nie, soos ons almal in ons eie omstandighede nie die groter prent sien nie, is hierdie feit egter vir die leser toeganklik en wil dit ons help om iets van `n groter prent ook in ons eie lewens te ontdek en `n groter mag aan die werk te sien. As Frodo hierdie woorde onthou en geglo het, sou hy dalk selfs méér moed kon behou?

Daar is dikwels tydens die *Quest* tekens van geestelike versorging. Die geskenke van Galadriel begelei hulle op hulle pad en gee moed en hoop in die mees hoop-lose omstandighede. “The gifts of the Lady Galadriel – the rope, the magic cloaks, golden hairs, phial of light, seeds of elanor – later aid them either spiritually or physically at times of crisis in their quest almost as Christian grace in material form” (Gray 1987:51).

In oomblikke van groot nood besef die Fellowship die waarde van hierdie geskenke. Sam gee in Mordor vir Frodo sy elf-mantel met die woorde:

> *“It’ll keep you from harm better than any other gear. It was made by the Lady” (p 897).*

In Boek 3, hoofstuk 5 het Aragorn, Legolas en Gimli pas ontdek dat Gandalf leef. Aragorn besef die implikasie hiervan en help die leser om ook te verstaan:

> *“The Dark Lord has Nine. But we have One, mightier than they: the White Rider. He has passed through the fire and the abyss[22], and they shall fear him. We will go where he leads” (p 490).*

Dan is daar die *lembas*, die elwe se brood, wat nie net fisies voed en versterk nie, maar wat veral geestelik versterk en nuwe krag gee. Hierdie brood herinner aan die nagmaalsbrood wat gelowiges versterk vir die dikwels swaar pad van dissipelskap.

> *“The lembas had a virtue without which they would long ago have lain down to die. It did not satisfy desire … and yet this waybread of the Elves had*

[22] Moontlik ’n sinspeling op die credo: “ter helle neergedaal”.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)


*a potency that increased as travellers relied on it alone. It fed the will, and it gave strength to endure … (p 915).*

Van Rivendell het hulle die *miruvor* saamgeneem, `n drank wat ook krag en moed gee. Gandalf gee vir elkeen `n sluk met die woorde:

*'we'll need it after that horror at the gate" (p 302).*

Uiteindelik is dit nie net al die fisiese hulpmiddels wat hulle ondersteun en begelei nie. Dit is die herinnering aan Gandalf en Galadriel se woorde, wat telkens moed gee en die donkerte verdryf. In werklikheid word die indruk geskep dat Gandalf en Galadriel in hulle gedagtes met hulle kommunikeer en met hulle oppad is.

So ontdek die geselskap dat hulle nie alleen is nie. Daar is ander wat hulle *Quest* deel, hoewel miskien op ander maniere. En hulle het mekaar. En al hulle geskenke.

3.2.6.2 Deel van `n groter geheel

`n Deurlopende tema in hierdie epiese verhaal, is dat daar magte om ons is wat `n rol speel in die verloop van dinge, soos reeds na verwys as die tweede teologiese perspektief. Met hierdie perspektief wil Tolkien die leser bemoedig, omdat dit vertroostend is om te weet dat ons nie net aan onsself oorgelaat is nie, en dat daar groter magte is wat rolspelers is. Ons maak net deel uit van `n groter geheel. Dit mag natuurlik nie as verskoning dien om nie betrokke te wees nie, maar moet juis die leser motiveer om betrokke te raak by hierdie groter kosmiese prent. Die mens soek dikwels hoop in hul geluk of in 'fate', maar "the sense throughout the book is that the force at work is more powerful than chance or blind fate" (Salu&Farrell 1979:279). Reeds aan die begin van die boek word die indruk geskep van `n groter mag wat agter die skerms aan die werk is, wanneer Gandalf vir Frodo sê:

*"It was the strangest event in the whole history of the Ring so far: Bilbo's arival just at that time, and putting his hand on it, blindly, in the dark.There was more than one power at work, Frodo…. Behind that there was something else at work, beyond any design of the Ring-maker. I can put it no plainer than by saying that Bilbo was meant to find the Ring, and not by its maker, in which case you also were meant to have it. And that may be an encouraging thought" (p54-55)*

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Die rede waarom dit `n bemoedigende gedagte is, is omdat dit die leser minder alleen en magteloos laat voel in die lig van die groot stryd wat voorlê. Dit is immers vertroostend om te weet, dat, al kan mens dit nie sien nie, daar groot sterk magte aan die werk is wat vir mens veg en wat die verloop van sake beïnvloed.

### 3.2.7 Die ironie van die Bose

Tolkien is oortuig daarvan dat dit inherent deel is van die karakter van die Bose om teen homself te draai en om êrens homself te benadeel. Dit gebeur deurdat Bose karakters teen mekaar draai, en uiteindelik nie omgee om mekaar te benadeel nie, wat moontlik die ondergang van die Bose kan bewerk.

> *"often does hatred hurt itself"*
> *Our Enemy's devices oft serve us in his despite".*

Saruman het van die begin af probeer om Sauron te gebruik om sy eie doel te bereik, waarna hy hom in sy mag wou kry. Intussen was dit egter Sauron wat Saruman gebruik het en wat hom reeds volledig in sy mag gehad het, sonder dat Saruman dit besef het. In sy gesprek met Gandalf, waarin hy Gandalf probeer oortuig om met hom kragte te smee, verduidelik hy dat hulle eers die Bose mag van Sauron moet ondersteun, maar uiteindelik sal hulle hom beheer en oor hom heers.

Saruman het Wormtongue gebruik om die koning van Rohan, Théoden, ten kwade te beïnvloed. Maar uiteindelik – toe hy vir hom van geen nut meer was nie - het hy Wormtongue verneder en as slaaf gebruik. Gandalf voorspel dit reeds:

> *"How long is it since Saruman bought you? What was the promised price? Wormtongue, you have done what you could for your true master … Yet Saruman is apt to overlook his bargains. I should advice you to go quickly and remind him, lest he forget your faithful service" (p 509)*.
>
> In `n latere hoofstuk sê Wormtongue: *"Poor old Grima! Always beaten and cursed. How I hate him!" (p 961).*

Uiteindelik het Wormtongue vir Saruman doodgemaak.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


In Boek 6 slaag Frodo en Sam daarin om die 'Dead Marshes' suksesvol te deurkruis en Mordor in te gaan sonder om gesien te word, slegs vanweë die hulp van Gollum: "they succeed only because of the reversed effects of Gollum's lust and the positive effect of Frodo's good will (combined of course, with other factors, among them Sauron's distracted attention)" (Helms 1976:89).

> *"Let us remember that a traitor may betray himself and do good that he does not intend" (p 797)*.

Tolkien wil hê dat die leser iets moet sien en verstaan van die karakter van die Bose en dat dit in `n sin selfvernietigend is. Verder is dit deel van die karakter van die Bose om onbetroubaar te wees en die lesers moet begryp dat hulle dus nie die beloftes van die Bose moet glo nie.

### 3.2.8 Oorlogmotief

Tolkien maak deurlopend gebruik van militêre motiewe en die verhaal bou op na `n gevegsklimaks. Dit is egter nie `n weerspieëling van sy ondersteuning van oorlog nie. Inteendeel, juis ten opsigte van hierdie saak is `n kyk na die histories-sosiale omstandighede van die oorspronklike lesers belangrik, want Tolkien is na die oorlog en die trauma wat hy self beleef het absoluut tot in sy wese geskok oor oorlog en wat dit aan mense doen. Sy oorlogsterminologie is enersyds om oorlog direk met die Bose te vereenselwig, want dit is die Bose wat dit inisieer; andersyds is dit `n simbool vir die geestelike stryd wat gestry word – `n baie kragtige simbool omdat die oorlogstonele nog vars in die geheue van die lesers was.

Hy wil dit duidelik maak dat Sauron en Saruman deur middel van militêre mag en geweld hul bose koninkryk wil uitbrei en vestig en die weermag wat hulle ontwikkel noodsaak `n oorlog waarin onskuldige mense betrek word. Tolkien is nié `n voorstaander van militêre mag en krag nie, en spreek selfs sy groot teleurstelling uit teenoor sy seun, Christopher, dat laasgenoemde in die lugmag was gedurende die oorlog vanweë sy sterk gevoelens teen enige vorm van oorlog en geweld (www.tolkienonline.com). Hy is diep bewus van die verskrikking en geweld van oorlog. Hy wil egter op hierdie manier sy lesers help om iets te begryp van die oorlog wat hulle sopas deurleef het en wil hulle help om te sien dat dit ten diepste gegaan

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


het oor die magspel en magsbeheptheid van (bose) mense wat hul mag wil uitbrei ten koste van ander. Om die rede verbind hy die oorlog direk aan Sauron en Saruman om te sê dat die oorlog by die Bose pas. Hiervoor gebruik hulle natuurlik nie net militêre mag nie, maar veral ook ideologieë, manipulasie en misleiding.

Mens moet in gedagte hou dat hierdie `n oorlog is tussen die Bose en die Goeie en so doen die verhaal `n beroep op elke leser om te kies of hulle aan die kant van die Bose of die Goeie staan. Tolkien maak dit duidelik dat niemand neutraal kan bly en onbetrokke kan wees nie, want hierdie oorlog betrek alles en almal, of jy wil of nie. Die Bose wil alles onder sy mag hê en die res wil hy vernietig. `n Stryd is dus onvermydelik. Tolkien wil ook hê dat sy lesers moet besef dat dié wat nie aan die kant van die Goeie staan nie uit vrees, uiteindelik tog gaan ly indien die Bose die oorwinning behaal.

Die klimaks van die stryd tussen boos en goed word uitgebeeld deur `n veldslag waarin die donker Sauron te staan kom teen dié een wat die dood oorwin het, Gandalf. Die oënskynlike wanbalans tussen die twee magte – Sauron met sy geweldige militêre oormag aan die een kant en Gandalf en Aragorn met 7000 mense aan die ander kant – sinspeel op die gelowiges wat dikwels in die minderheid is, maar nietemin die stryd aansê.

Die oorlog het `n aanloop met heelwat kleiner veldslae. Die uitbeelding hiervan is belangrik, omdat Tolkien dit gebruik as voertuig om inligting te gee oor die Bose en die Goeie en hoe hulle funksioneer. Die Goeie is in `n absolute minderheid, maar magte wat vir hulle onsigbaar is bring dikwels `n uitkoms in oomblikke van desperate moedeloosheid. Die goeie magte staan saam en ondersteun mekaar en kom tot mekaar se hulp. Die goeie magte is bereid om te sterf ter wille van die moontlike sukses van die *Quest*/groter saak. Hierteenoor word die Bose wreedaardig en onmenslik uitgebeeld, met voortdurende stryd onder mekaar. Hulle word gedryf deur `n absolute magsbeheptheid. Hulle word forseer en gedryf en selfs mishandel en tree ook teenoor mekaar wreed op. Daar word by verskeie geleenthede gevegte uitgebeeld waar bose groepe teen mekaar veg en baklei.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



Die finale oorlog word gewen in dié dramatiese oomblik wanneer dit lyk asof die goeie magte, in absolute minderheid, `n tragiese nederlaag gaan lei, maar die Ring op daardie spesifieke oomblik in die vuur gegooi word en die nederlaag `n geweldige oorwinning word[23]. Hierdie toneel is uiters betekenisvol ten opsigte van dit wat Tolkien aan sy lesers wil kommunikeer: hoewel die vyandige magte in `n oorweldigende meerderheid is, verloor hulle in daardie oomblik al hulle hoop en al hulle mag. Toe hulle leier, die verpersoonliking van die Bose en dus die Bose self, verslaan is, toe is hulle ook verslaan. Met terugverwysing na die teologiese perspektief op Voorsienigheid, is dit belangrik dat daar hier van geen toeval sprake is nie. Dit is nie toevallig in die hitte van die stryd en op die mees beslissende oomblik, dat Frodo en Sam die Ring tot by die vuur bring nie. Dit moes presies so gebeur, omdat die laaste klimaks van die oorlog, die uitdaging van die goeie Koning met sy Messiaanse karakter teenoor die bose, móés plaasvind.

Hier word dit belangrik om daarna te verwys dat Tolkien, student van onder andere ook mitologieë, waarskynlik bekend was met die ‘combat myth’ waarna Collins (1976) in haar boek *The combat Myth in the Book of Revelation* verwys[24], en dat hy baie waarskynlik van die oorlogmitologie gebruik maak waarvan Openbaring ook gebruik maak. In die vergelykende studie wat volg sal die twee verhale spesifiek ten opsigte van die oorlomitologie vergelyk word. Hier volg net `n kort vergelyking van Tolkien se oorlogmitologie met die bestaande prototipe ‘combat myth’.

Die basiese temas wat in feitlik al die mitologieë voorgekom het, hoewel nie altyd eenders gerangskik nie, is die volgende:

A. Die draak (die opponent van die goddelike karakter; hy is meestal deel van `n paar (man en vrou / broer en suster)).
B. Chaos en wanorde (magte wat die draak verteenwoordig)
C. Aanval (die opponent wil die hoofgod verhoed om aan bewind te kom of wil sy mag van hom wegneem).
D. Die held / kampioen (‘champion’)
E. Die held se dood

[23] Let op die twee paralelle verhale: Gandalf veg teen die Bose op een vlak, terwyl dieselfde stryd gevoer word deur Frodo en Sam, maar binne-in die domein van die Bose. Die twee paralelle verhale stem ooreen met Op 12 (Michael en die engele wat op een vlak veg teen Satan terwyl Christus op aarde die stryd stry deur homself op te offer).
[24] Sien vollediger bespreking van Collins se hantering van Op 12 by die verhaalanalise van Openbaring.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


F. Die draak se heerskappy (terwyl die held dood is en waarskynlik in die onderaardse diepte is, heers die draak op destruktiewe wyse: hy plunder en vernietig, hy val die 'familie' van die held aan).

G. Herstel van die held

H. Nuwe stryd en oorwinning

I. Herstel en hernuwing van orde

(Collins 1976:59-61).

Die temas kom in The Lord of the Rings as volg voor:

A. Sauron (enkel karakter)

B. Die beskrywing van Mordor en Isengard as plekke van chaos en die gebrokenheid van die skepping rondom Sauron se gebiede is tekens hiervan

C. Saruman wat Gandalf uit die weg wil ruim

D. Die sinspeling op die ware identiteit van Aragorn

E. Gandalf se stryd met die bose tot die dood toe

F. Saruman en Sauron se sterk ryk en weermag wat hulle opbou.

G. Gandalf oorwin die dood

H. Die laaste en beslissende veldslag en Sauron wat verslaan word

I. Aragorn word koning

Collins verwys ook na bepaalde elemente wat voorkom, soos geformuleer deur Hooke, in *Myth and Ritual*:

a. Die dramatiese uitbeelding van die dood en opstanding in die oorlogmitologie.

b. Simboliese uitbeelding van die skeppingsmitologie.

c. Die stryd waarin die triomf van die betrokke god uitgebeeld word oor die vyand.

d. Die heilige huwelikseremonie.

e. Die triomf-prosessie waarin die koning die god is.

Elemente a, c, d en e kom voor.

Tolkien maak deurlopend in The Lord of the Rings duidelik dat die stryd tussen goed en kwaad almal raak en dat almal betrokke is by die oorlog. Treebeard, die boom-herder, sê:

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


*"I am not altogether on anybody's side, because nobody is altogether on my side ... (p 461).*

Maar dan besef hy, in sy vertelling oor die Bose wat die woude en bome roekeloos en genadeloos vernietig het, dat hy tóg deel is van hierdie stryd:

*"I have been idle. I have let things slip. It must stop!" (p 463).*

Die Hobbits moes ook eers bewus gemaak word van die Bose in die wêreld en dat dit hulle wel óók raak, omdat daar `n dag gaan kom waarin Sauron sy hande uitgestrek het tot by The Shire (hulle geliefde land), voordat hulle oortuig kon word dat hierdie ook húlle stryd is.

Daar is ook ander karakters wat twyfel of hulle bydrae enige verskil kan maak. Hulle het oorreding nodig. Koning Théoden van Rohan was so lank onder die verlammende invloed van die Bose wat Wormtongue as werktuig gebruik het, dat hy self geen lig meer kan sien nie. Gandalf bevry hom van die houvas wat die Bose oor hom het.

Die oorlogmotief is doelbewus gekies vanweë die konteks van Tolkien en sy lesers, maar is waarskynlik vir elke tyd steeds relevant, omdat dit simbool is vir `n stryd wat voortdurend woed.

### 3.2.9 'Eucatastrophe'

*Eucatastrophe* is Tolkien se eie term. Tolkien definieer *eucatastrophe* as "the good catastrophe, the sudden and joyous turn – not an ending, but the moment when the dead knights come back to life … In moments like these we get a glimpse of joy that for a moment poses outside the frame, rends indeed the very web of story, and lets a gleam come through: a gleam of revelation from outside the narrative (Shippey 2000:207).

Vir Tolkien is Jesus Christus die inkarnasie van *eucatastrophe* vir die wêreld en die mensdom. *Eucatastrophe* vind plaas daar waar `n storie onverwags draai en `n goeie einde hoop bring dat die lewe tog uit meer bestaan as net pyn. Die gelukkige

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


einde van die verhaal (die moment van *eucatastrophe*), verkondig die hoop dat lyding en tragedie nie uitsluitlik is waaruit die lewe bestaan nie. "The peculiar quality of 'joy' in successful fantasy can thus be explained as a sudden glimpse of the underlying reality of truth, and the 'joy' which the 'turn' in the story gives, has the very taste of primary truth" (Tolkien 1966:63).

Wanneer Tolkien aan die einde van The Lord of the Rings die verhaal goed laat eindig en na baie lyding en verdriet alles laat draai, dan beskou hy dit self – hierdie oomblik van vreugde en onverwagse oorwinning – as `n stuk Evangelie wat hy skryf.

Ek identifiseer twee *eucatastrophic* momente in The Lord of the Rings. Die eerste moment is wanneer chaos en gebrokenheid die verhaal oorheers. Die leser is diep bekommerd. Alles loop skeef en dit lyk asof die *Quest* verlore is. Frodo en Sam is alleen oppad. Aragorn, Legolas en Gimli is tevergeefs (lyk dit) op die spoor van die Urukhai wat Pippin en Merry gevange geneem het. Hulle beland in *Fangorn Forest*, `n plek wat vir hulle onheilspellend voorkom en waar hulle bang en ontuis voel. Hulle is moeg en moedeloos en voel hulle het misluk. Hulle mis hul vriend en leier, Gandalf, wat sy lewe opgeoffer het vir hulle. Mens sou hul gemoedstoestand kon vergelyk met dié van die dissipels in die bovertrek nadat Jesus gekruisig is.

Dan ontmoet hulle skielik `n ou man. Hulle vermoed dat hy die bose karakter Saruman is, maar tot hulle (en die leser se) geweldige vreugde en blydskap ontdek hulle dat dit Gandalf is wat dood was, maar lewe. Die beskrywing wat volg herinner aan dié in Openbaring 1:12-17 waar óók dié Een beskryf word wat die dood oorwin het.

> *"His hair was white as snow; and gleaming white his robe; the eyes under his brows were bright; piercing as the rays of the sun; power was in his hand. Between wonder, joy and fear they stood and found no words" (p484)*.

In `n ontmoeting met Saruman openbaar Gandalf sy nuwe identiteit, wanneer hy Saruman uit die Raad werp en wel as:

> *"Gandalf the White, who has returned from death" (p569)*.

Dit is dus sy oorwinning oor die dood wat aan hom die nuwe mag en gesag gee.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



Die tweede *eucatastrophic* oomblik is in Boek 6 hoofstuk 4. In hierdie hoofstuk het die klein weermag van die Goeie opgetrek teen die geweldige oormag van Sauron. Vrees, wanhoop en die onmoontlikheid van hul taak word in detail beskryf. Intussen, sonder dat die weermag daarvan bewus is, word die Ring in die vuur gewerp, en beleef die weermag verstom die val van Sauron en hoewel die skaduwee van sy hand nog oor hulle strek, is dit impotent.

Volgens Shippey (2000:208) is hierdie weer `n oomblik waarin die Christelike verhaal duidelik na die oppervlak kom en waarin daar eksplisiet daarop gesinspeel word – die oomblik waarin die Bose oorwin word en dit beskryf word as `n groot donkerte wat verdwyn. Die een Christelike moment is in die oomblik waarin die Christus-koning teen die Bose te staan kom en die Bose oorwin word. Hierdie toneel herinner aan Openbaring 19. Die Christelike verhaal word versterk deur die datum van hierdie gebeure, 25 Maart, want 25 Maart is die datum van die kruisiging – die eerste Goeie Vrydag, soos bekend in die Engelse tradisie. 25 Desember is weer die dag waarop die Fellowship hulle *Quest* begin het en uit Rivendell vertrek het op hul reis.

“The main action of *The Lord of the Rings* takes place then in the mythic space between Christmas, Christ’s birth, and the crucifixion, Christ’s death” (Shippey 2000:209).

### 3.2.10 Eskatologiese hoop

As toegewyde Christen en as mens wat tydens die oorlogsjare gekonfronteer is met die dood wat soveel onskuldige lewens geeis het, het Tolkien heelwat nagedink oor die lewe na ons sterwe. Hy skryf in verskeie briewe dat The Lord of the Rings die produk is van veral sy nadenke oor die lewe na ons sterwe en dat die boek in dié sin gesien kan word as `n eskatologiese werk (Shippey 2000:112). In `n brief gedateer 14 Okt 1958, skryf hy, “... the tale is concerned with Death and Immortality” (www.tolkienonline.com/qoutes). Die Reis oor die See[25] na die *Undying Lands* aan die einde van die boek verteenwoordig sy hoop op `n ewige lewe. Dié eskatologiese

---

25 Simbolies van ons sterwe en van ons reis na die ewige lewe.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


gedagte is `n terugkerende tema wat `n hele paar keer veronderstel word of na verwys word. Elrond praat daaroor en Galadriel verwys daarna.

The Lord of the Rings eindig met `n laaste reis wat buitengewoon is, want daar is geen terugkeer moontlik nie. Die reis word simbolies uitgebeeld as `n reis met `n skip oor die groot see. Dit is belangrik dat hierdie reis nie die einde van Gandalf, Bilbo, Frodo, Galadriel, en die ander, se lewens uitbeeld nie, maar dat hulle na `n nuwe land vertrek, wat geskei is van hierdie leefwêreld en waar die inwoners onsterflik is. "Wanderers in life, the company finally go towards the absolute haven across the sea, presumably to share in the wholeness and immortality that is signified by the Far West, the Undying Lands" (Salu & Farrell 1979:271).

> *"And the ship went out into the High Sea and passed into the West, until at last on a night of rain Frodo smelled a sweet fragrance on the air and heard the sound of singing that came over the water. And then it seemed to him that … the grey rain-curtain turned all to silver glass and was rolled back, and he beheld white shores and beyond them a far green country under a swift sunrise" (p 1007)*.

Die afskeid is hartseer omdat vriende mekaar groet, maar daar is `n vrede wat die toneel oorheers en wat bly,

> *"... and among them, filled with a sadness that was yet blessed and without bitterness, rode Sam, and Frodo, and Bilbo ..." (p 1006).*

Nitzsche verwys daarna dat die onsterflikheid herinner aan die ewige lewe van `n Christen, "… an immortality reminiscent of Christianity" (Nitzsche 1979:124). In die Christelike geloof is die ewige lewe `n genade geskenk, deur God aan ons gegee. In Tolkien se boek: 'On Fairy Stories', skryf hy dat dit slegs deur 'miraculous grace' is dat `n mens toegelaat word om die 'Undying Lands' in te gaan (Gray 1987:33). Dit is egter ook duidelik dat nie almal die land binnegaan nie, slegs die wat op aarde aan die kant van die Goeie was.

In The Lord of the Rings sê die karakter Tom Bombadil vir die bose Barrow-weights *"to go where gates are ever shut, till the world is mended" (p 139)*. Tolkien kommunikeer hiermee `n duidelike eskatologiese gedagte van `n wêreld wat heel

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


gemaak sál word, wat sál verander en nuut word, en as dit gebeur sal die poorte oopgaan en die dooies sal lewend word.

**Ewige lewe**

Die karakters leef dus met die vooruitsig van `n ewige lewe wat op hulle wag na afloop van hulle stryd. Hoewel die gedagte van die ewige lewe vaag is en in geen sekere terme uitgewerk of geskilder word nie, maak Tolkien dit duidelik dat daar `n lewe hierna is en dat dit `n ewige lewe is waar alles heel en nuut gemaak sal word.

**3.2.11 Die koning kom! en die nuwe stad**

Die hoogtepunt van die *eucatastrophe* is wanneer dit bekend word dat Aragorn, die *'Ranger'*, in werklikheid die koning blyk te wees op wie gehoop is en wie genesing kan bring en mense kan versoen. Ons ontmoet hom die eerste keer in `n kroeg waar hy `n growwe en onaantreklike voorkoms het en deur die eienaar wantrou word. Ook Sam wantrou hom. Hy was bekend as `n *'Ranger'* en hulle was nie mense met aansien nie, soos afgelei kan word uit Aragorn se beskrywing:

> *"Travellers scowl at us and countrymen give us scornful names" (p 242)*.

In werklikheid het die *Rangers* egter `n uiters belangrike taak gehad. Frodo vra vir Gandalf:

> *"'Do you really mean that Strider is one of the people of the old kings? I thought he was only a ranger'. 'Only a Ranger!' cried Gandalf. 'My dear Frodo, that is just what the Rangers are: the last remnant in the North of the great people'" (p 215)*.

Hoewel dit tydens hulle reis dikwels duidelik word dat Aragorn oor besondere gawes beskik en `n buitengewone mens is, word dit eers duidelik in die land Gondor dat hy die koning is waarna almal verlang het en dat hy – as koning – helende hande het wat genesing kan bring, selfs aan dodelike wonde. Hy is ook die een wat geestelike wonde kan genees wat toegedien is deur die Bose. Faramir is baie ernstig gewond. Aragorn behandel hom en wanneer hy sy oë oopmaak, herken hy Aragorn as die langverwagte koning:

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


*"... a light of knowledge and love was kindled in his eyes, and he spoke softly: 'my Lord, you called me. I come. What does the king command?' 'Walk no more in the shadows, but awake!' said Aragorn" (p 848)*.

Hierdie gedeelte herinner aan Jesus wat mense genees het en wat dan deur hulle erken is as koning / Messias en vir wie Jesus dan na die lig toe geroep het.

Vir Eowyn, dodelik gewond deur die wapens van die vyand wat ongeneeslike wonde veroorsaak, roep hy terug uit die donkerte waarin sy haar bevind:

*"Awake! The shadow is gone and all darkness is washed clean!" (p 850)*.

Die nuus het deur die stad versprei dat die koning, op wie almal vir geslagte lank gewag het, gekom het. Baie het na hom toe gestroom om hul te genees en hy het tot laat in die nag gewerk (p 853).

Selfs die dooies antwoord op sy roepstem en volg hom wanneer hy dit vra (p770-771).

In Boek 6 hoofstuk 5 is die finale oorwinning behaal. Sauron is verslaan en die duisternis het verdwyn. Aragorn word koning. Dié beskrywing van Aragorn[26], wat ek glo ook `n Messiaanse karakter is, herinner aan die beskrywing van die Seun van die mens in Openbaring 1. Waar Aragorn voorheen `n ruwe voorkoms gehad het, het sy voorkoms heeltemal verander na sy oorwinning oor die Bose, byna soos die van Jesus nadat Hy die oorwinning oor die Bose behaal het en uit die dood uit opgestaan het. Net soos wat sommige Hom nie herken het na sy opstanding nie, herken Frodo en Sam ook nie vir Aragorn wanneer hulle hom weer sien – nou as koning - nie.

*"It seemed that he was revealed to them for the first time. Tall as the sea-kings of old, he stood above all that were near; ancient of days he seemed and yet in the flower of manhood; and wisdom sat upon his brow, and strength and healing were in his hands, and a light was about him" (p 947)*.

[26] Sien karakters.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



Aragorn se optrede in hierdie teks herinner ook aan dié van Christus. Volgens Openbaring sal Hy kom om regverdig te oordeel. Op *p 947* sit Aragorn op die troon en spreek hy sy oordeel uit oor almal wat `n aandeel gehad het in die oorlog en hul aan die kant van die Bose geskaar het.

Sy optrede teenoor almal spreek van genade en deernis en groot wysheid.

Die stad van die koning herinner aan die stad in die boek Openbaring. In hierdie stad is vrede en genesing vir almal wat daar woon. Mense kom hierheen van oral af om raad en wysheid te vra. In die middel van die stad is `n boom wat dood was en weer begin lewe nadat Aragorn koning geword het. Die hoofstuk word afgesluit met die bruilof van die koning.

### 3.2.12 Die uitbeelding van die Bose in The Lord of the Rings

#### 3.2.12.1 <u>Tolkien se doel met die uitbeelding van die Bose</u>

In die hoofstuk oor die outeur van The Lord of the Rings, het ek reeds daarna verwys dat Tolkien `n spesifieke doel gehad het met die skryf van hierdie verhaal en dat dit nie net nog `n fantasieverhaal was nie. Tolkien was een van die skrywers van die twintigste eeu wat die Tweede Wêreldoorlog beleef het en hy en sy tydgenote kan nie daarvan beskuldig word dat hulle hul rug probeer keer het op die gebeure nie. “Rather, they had to find some way of communicating and commenting on them” (Shippey 2000:viii). Elkeen het hul eie manier gevind om kommentaar te lewer op die vreeslikste gebeure van die twintigste eeu. Vonnegut het vir twintig jaar gewonder hoe hy kan skryf oor die mees sentrale gebeure van sy lewe, die vernietiging van Dresden, op `n manier wat ook dié mense sal aanspreek wat probeer om die gebeure te ontken of te ignoreer. Die belangrikste tema wat almal fasineer het, was die Bose, omdat hulle dit op so `n ekstreme manier beleef en ge'sien' het. Al die skrywers van daardie tyd het hul eie beelde en teorieë van die Bose geskep in 'n poging om daarop kommentaar te lewer. Tolkien lewer egter nie net kommentaar nie. “He not only poses questions about evil, he also provides answers and sollutions” (Shippey 2000:xxxi).

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Die wêreld wat Tolkien teken is `n wêreld wat daagliks bedreig word deur die bose magte van ons tyd. Hierdie bose is werklik en dit bedreig ons bestaan en die wêreld én kosmos, en omdat dit ons wêreld en die voortbestaan daarvan bedreig, raak dit ons almal ten diepste en is niemand hiervan gevrywaar nie. In die hoofstuk, *The Council of Elrond*, word baie tyd spandeer aan die verhaal van die Bose, omdat Tolkien die leser wil help om te verstaan dat die Bose `n werklikheid is en dat nie `n enkele nasie of stad of volk onaangeraak sal bly deur die Bose nie. Deur die vertelling wil hy die leser ook help om die Bose te herken, want die uitbeelding daarvan is baie kontemporêr. Dit is eers wanneer Frodo besef dat sy geliefde Shire ook in gevaar is en bedreig word, al lyk dit nog glad nie so nie en sien hy geen tekens van die bose daar nie, wat hy besef dat ook hy `n rol het om te speel. Galadriel se spieël waarin Frodo kyk, wat nie net wys wat was en wat is nie, maar ook wat moontlik in die toekoms kan gebeur, wil Frodo en die leser uitdaag om nie `n onbetrokke toeskouer te wees nie. Dit is betekenisvol dat die *Fellowship of the Ring*, wat bestaan uit 9 lede, al die vry nasies van die wêreld verteenwoordig, wat weer eens daarop dui dat almal betrokke is.

*"They shall represent the Free Peoples of the World." (p 268)*

Dit is belangrik dat die leser verder besef dat die Bose en Goeie in `n stryd gewikkel is met mekaar en dat elke mens betrek word by hierdie stryd. "Tolkien evokes at key moments a sense of the cosmic struggle between good and evil..." (Salu and Farrell 1979:259). Dit is dus nie genoeg om die bestaan van die Bose te erken nie. Die Bose het immers ten doel om die hele aarde en alle mense te beheer en daaroor te heers en almal van die goeie te vervreem. Daarom is dit van uiterste belang om te verstaan dat mens dus nie neutraal kan bly nie, want ons blote bestaan in die wêreld maak ons deel van die stryd, en daarom moet elke individu kies! Om nié te kies nie, is ook `n keuse – vir die bose. "... evil does exist, and what is more, it has to be resisted and fought, not by all means available, but by all means virtuous: and what is even more, not doing so, in the belief that one day omnipotence will cure all ills, is a dereliction of duty" (Shippey 2000:134). Mens kan ook nie bloot die tye waarin ons leef verwens of wegwens nie, en as't ware jou oë toemaak en hoop dat dit verby sal gaan nie. Frodo sê vir Gandalf dat hy wens dat hierdie dinge nie in sy leeftyd sou gebeur nie. Gandalf antwoord:

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



> *"So do I. And so do all who live to see such times. But that is not for them to decide. All we have to do is to decide what to do with the time that is given us" (p 50).*

Ons moet besluit!!

**Tolkien se doel:** hy wil sy lesers help om die werklikheid en bestaan van die Bose te erken en om te verstaan hoe die Bose 'lyk' en funksioneer.

3.2.12.2 Struktuur vir die Bose in Lord of the Rings

Ek wil die volgende struktuur voorstel vir Tolkien se uitbeelding van die Bose.

Sauron, die '*Dark Lord of Mordor*'

/ \

Saruman, propagandis en militêre arm    Nazgûl, sy psigologiese wapen

|

Wormtongue

Gollum

Nasies

Kraaie

Wolwe

Die eerste drie name is die Bose triniteit, Sauron en sy twee trawante, Saruman en die Nazgûl. Dan is daar die wat die produk is van die Bose en deur die Bose gebruik word, hetsy omdat hulle deur die Bose verlei is, of mislei is, of onbewustelik/bewustelik in die mag daarvan gekom het: Wormtongue (wat deur Saruman gebruik word om Théoden te vergiftig met woorde en gedagtes), en Gollum (die absolute voorbeeld van die verlore mens wat in die mag van die Bose is), die nasies wat gehoor gee wanneer Sauron hulle hulp vra en wat hul trou aan hom beloof het en kraaie en geteelde wolwe wat deur Saruman gebruik word as spioene en 'wapens'.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


3.2.12.3 Profiel van die Bose

**a) Die Bose is 'n realiteit en dit raak jóú werklikheid en het met jou bestaan te doen**

Dat die Bose `n werklikheid is en bestaan, het die lesers van Tolkien reeds besef. Hulle het pas die Tweede Wêreldoorlog beleef (baie van hulle het ook die Eerste Wêreldoorlog oorleef). "They were bone-deep convinced that they had come into contact with something irrevocably evil…" (Shippey 2000: xxx). Wat presies die bron van hierdie Bose is en op watter maniere dit funksioneer, het niemand egter gewaag om te probeer antwoord nie. Tolkien waag `n antwoord. Hy gee aan die Bose `n 'gesig' en `n karakter en handelinge wat verstaan en herken kan word. Die leser ontdek met skok dat die Bose nie so ver van hom/haar af staan nie, dat hulle dalk reeds baie naby daarmee te doen gehad het en dat dit hulle leefwêreld bedreig. Die leser ontdek dat die Bose nie net `n werklikheid is wat met die oorlog en soortgelyke situasies van verskrikking verband hou nie, maar dat dit in baie ander daaglikse werklikhede manifesteer.

**b) Die Bose lyk nie altyd boos nie, maar kan selfs lyk soos die goeie**

Die Bose manifesteer in werklikhede wat die leser waarskynlik nie as boos herken het nie, omdat dit op `n ander manier gepropageer word. So het die leser dalk selfs onder die indruk verkeer dat dit iets goed is. Op hierdie manier lewer Tolkien spesifiek op industrialisasie kommentaar. Die meeste lesers het op daardie stadium na die oorlog, industrialisasie beskou as `n geleentheid tot vooruitgang en tot die herstel van die ekonomie en werkskepping – alles edel konsepte, en op dié manier is dit ook gepropageer. Tolkien help die leser egter om die bose elemente van die uitbuiting van mense daarin raak te sien en hoe swakker mense, soos vrouens en kinders, verniel en misbruik was tot die voordeel van ander. Oor die begeerte om te besit en mag te hê oor mense (dit wil sê om mense te besit), skryf Tolkien: "we are possessed, captured, by what we think we possess" (Tolkien 1964:49). Tolkien voel dat dit die bron is van "an overweening blindness in not seeing the world as we should – really the same blindness that underlies Sauron's lust for domination" (Tolkien 1964:52). Hier verwys hy ook na ons eie begeerte om te besit in die konteks van `n toenemende verbruikerskultuur, en die houvas wat die Bose oor ons kry

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)

deurdat hy ons mislei om te dink dat iets goed is en tot ons voordeel is, maar in werklikheid is dit boos en tot nadeel van die samelewing en van die individu.

**c) Die Bose is in stryd met die goeie en elke mens word by die stryd betrek**

Die hele *Quest* gaan daaroor dat die Bose nie maar net toegelaat word om te heers nie, maar dat daar `n stryd aan die gang is wat reeds eeue oud is en nou weer opnuut opvlam, omdat die Bose nuwe mag gekry het. Die stryd tussen die Goeie en die Bose gaan ver terug in die geskiedenis tot by die begin van die skepping. Tolkien se verhaal oor die oorsprong van Sauron en die val van Sauron stem feitlik volledig ooreen met die paradysverhaal in die Bybel, die slang en die val van Satan. Tolkien wil sy leser help om te begryp dat die stryd altyd daar was, al was hulle nie daarvan bewus nie. Die leser word genooi om met Frodo te identifiseer, wat salig onbewus was van hierdie groter werklikheid en wat nou tot sy skok ontdek dat hy nog altyd binne hierdie werklikheid geleef het en dat dit net aan Gandalf en ander 'boodskappers' van die Goeie te danke is, dat hulle ongesteurd kon leef tot op daardie stadium, salig onbewus van hierdie groter verhaal. Aragorn maak dit duidelik:

> *"... we have played another part. What roads would any dare to tread, what safety would there be in quiet lands, or in the homes of simple men at night, if the Dúnedain were asleep? When dark things come they fly from us. That has been the task of my kindred …" (p 242)*.

Nou het die Bose egter sy hande uitgestrek en gaan hulle nie meer onbewus kan bly van sy bestaan nie (soos gebeur het met die Wêreldoorlog).

> *"But now the world is changing. A new hour has come. Battle is at hand (p 242)"*. *"The Nameless Enemy has arisen again. The power of the Black Land grows and we are hard beset" (p 239)*.

**d) Die Bose kan 'n houvas op mens kry op so subtiele manier dat mens dit nie besef nie**

"Without his awareness (Frodo's) the Ring has grown an adhesive grip on his spirit" (Rogers 1980:96). Mens sien die houvas wat die Ring (en dus mag) op mense kry in verskeie karakters. Gollum is deur die jare verteer deur die Ring en sy gehegdheid daaraan en sy liefde daarvoor. Die Ring en om dit weer te besit oorheers sy hele bestaan, sodat hy in werklikheid nie eers meer as menslike karakter herkenbaar is

nie. Bilbo is ook deur die Ring verander en neem swaar daarvan afskeid. In die heel eerste hoofstuk van die eerste boek word reeds iets gesuggereer van die mag van die Ring wanneer die saggeaarde hobbit, Bilbo, vir Gandalf (wat hom aanmoedig om die Ring agter te laat) sê:

> *"'Well, if you want my ring yourself, say so! But you won't get it. I won't give my precious away, I tell you'. His hand strayed to the hilt of his small sword" (p33)*.

In Boek 2 hoofstuk 10 word dit duidelik dat die Ring ook `n houvas op Boromir het, waarskynlik aangehelp deur sy eie begeerte na mag. Boromir probeer Frodo oortuig om die Ring vir hom te gee en wanneer Frodo weier wil hy dit met geweld afneem. Die manier waarop Tolkien die verandering in hom skilder deur sy gesigsuitdrukking wat skielik `n ander karakter openbaar, kommunikeer hy effektief dat die Ring se houvas op hom begin duidelik word. Veral die feit dat hy daarna nie weet wat oor hom gekom het dat hy so opgetree het nie, dui daarop dat dit `n groter mag was wat hom beheer het. Hierdie gedeelte is geweldig belangrik. Tolkien wil aan sy lesers duidelik maak dat ook 'goeie' mense in die mag van die Bose kan kom as hulle na verkeerde dinge streef, soos na mag en roem en eer. Hy wil ook daarop wys dat die begeerte na mag vir die Bose `n houvas op mens gee sonder dat jy dit besef.

**e) Die Bose kan mens verander sodat jy self boos word**

Saruman is hiervan die beste voorbeeld. Saruman het gedink dat hy `n alliansie met die Bose aangaan en dat hy in die proses sy eie mag sal vestig sodat hy uiteindelik oor die Bose sal heers. "Saruman's goals are knowledge (no one can object to that); organization in the service of knowledge; but finally control. In the pursuit of control Saruman is prepared to co-operate with forces he knows perfectly well are evil, but which he thinks he can use for his own much more admirable purposes, and later discard" (Shippey 2000:126). Hierdie verhouding met Sauron het hom egter heeltemal korrup gemaak en intussen was hy – sonder dat hy dit besef het - die speelbal van Sauron en het hy sy wil uitgevoer.

> *"But Saruman had slowly shaped it to his shifting purposes, and made it better, as he thought, being deceived – for all those arts and subtle devices, or which he forsook his former wisdom, and which fondly heimagined were his own, came but from Mordor; so that what he made was naught, only a little*

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


*copy, a child's model or a slaves flattery, of that vast fortress, armoury, prison, furnace of great power, Barad-dûr …" (p542).*

In Boek I hoofstuk 2, sê Gandalf - in antwoord op die versoeking wat hy beleef toe Frodo hom die Ring aanbied - dat hy nie soos Sauron wil word nie, waarmee hy duidelik maak wat dit aan hom sal doen as hy aan die versoeking sou toegee, en dat niemand teen die Ring (sy metafoor vir Bose mag) bestand is nie. In Boek 2 hoofstuk 7 maak Galadriel, wat dieselfde toets deurstaan, duidelik dat sy wel aanvanklik die Ring met goeie intensies sou gebruik, maar dat dit haar uiteindelik sal verander en dat ook sy boos sal word.

Die Nazgûl is Tolkien se simboliese karakter wat illustreer wat met mens gebeur as jy volledig in die mag van die Bose is. Jy word soos die Bose. Jy het geen eie bestaan meer nie en word gedryf deur dieselfde verterende verlange na mag en vernietiging en besit, as die Bose. Deur die kollektiewe karakter wil Tolkien kommunikeer dat mens in werklikheid dood is as jy aan die Bose behoort, al leef jy nog. "In the Nazgûl, who are victims of the Ring's power, the fullness of that power is most clearly visible. They are its slaves, no longer having any will of their own … They still inhabit their original bodies … (but) their flesh is not alive, not dead, but "undead" (Kocher 1972:62).

**f) Die Bose maak dikwels bestaande strukture korrup en gebruik dit om sy doel te bereik**

"They (Tolkien en sy tydgenote) were bone-deep convinced that they had come into contact with something irrevocably evil. They also felt that the explanations for this which they were given by the official organs of their culture were hopelessly inadequate, out of date, at best irrelevant, at worst part of the evil itself" (Shippey 2000:xxx). Dit is dus moontlik dat die regering van die dag en die spreekbuis van die regering, medeverantwoordelik is vir die Bose van die 20ste eeu.

**g) Die Bose forseer, manipuleer en intimideer**

"The Ring can work only by coercion of will. Such is its nature. Anyone who uses coercion in even the best of causes is using evil means to a good end and thereby corrupting the end – and himself" (Kocher 1972:61). Tolkien wil die leser help om te verstaan dat selfs `n goeie doel wat bereik word deur mense te forseer en dinge teen

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


hul wil te laat doen, is boos, want dit is vir Tolkien een van die gawes van menswees en een van God se geskenke vir `n mens: vrye keuse. Sauron word uitgebeeld as `n obsessiewe wese wat gedryf word deur sy begeerte na mag en om alles en almal te beheer en te domineer. “He is always on the offensive, always reaching out to draw all life to himself in order to subdue it” (Kocher 1972:59). Hy kan nie tot rus kom nie. Hierdie begeerte om absolute beheer te hê, “is not satisfied if another does what it wants; he must be made to do it agains his will” (Auden 1969:47). Ons moet egter nie die fout maak om te dink dat mense net deel word van die Bose omdat hy hulle op een of ander manier forseer nie. Daar is ook dié wat heeltemal vrywillig deel word, byvoorbeeld sy luitenant wat homself gepas noem ‘Mouth of Sauron’. Hy was gefasineer deur Sauron se mag en het hom daarom gevolg en van hom begin leer, sodat hy nou sy spreekbuis is.

**h) Die Bose se grootste wapens is wanhoop en misleiding en mag**

**Mag:** Volgens Tolkien is die begeerte na mag ten diepste boos en máák mag ook die besitter daarvan boos. Hy en die lesers van sy tyd het natuurlik beleef wat mag en magsbeheptheid aan mense doen gedurende die oorlogsjare, maar ook wat die belofte van mag aan mense doen. Die Ring is die simbool van mag. Die Ring maak alles boos, insluitend die besitter of draer daarvan. In die “Council of Elrond’ word herhaaldelik gesê dat die Ring vir niks goeds gebruik kan word nie, want die Ring gee mag en mag maak boos. “All power corrupts, and absolute power corrupts absolutely” ((Shippey 2000:115). “All seizures of power, no matter how ‘strong or well-meaning’ the seizers, will go the same way. That’s what power does” (Shippey 2000:116).

Mag is volgens hom in niemand se hande iets goed nie. Iemand mag dalk goed begin en mag gebruik om die goeie te bewerkstellig, maar omdat mag volgens Tolkien ten diepste boos is, kán mens dit nie lank vir die goeie gebruik nie, omdat die een wat die mag het daardeur korrup gemaak word.

Een van die duidelike motiewe in die verhaal is om die leser te help ontdek wat mag aan mens doen, en dat dit een van die Bose se wapens is waarmee hy mense in sy mag kry, selfs is hulle nie daarvan bewus nie. Die leser moet hiervan bewus wees, want die leser moet mag en die begeerte daarna verwerp. “Power is the realm of the Dark Lord. The way of the fellowship is the way of renunciation of power” (Salu&Farrell 1979:278).

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


**Wanhoop:** Een van die wapens van die Bose, is die skep van wanhoop. Wanhoop is die manier waarop die Bose iemand ontwapen en magteloos en hulpeloos laat voel. Met hierdie wapen veroorsaak hy dat mense nie meer teen hom kan veg nie omdat hulle nie meer kan hoop nie. Hulle sien geen uitkoms nie, hulle verloor alle perspektief, hulle voel die stryd is klaar teen hulle gewen. Wanhopige mense het nie meer perspektief nie, want wanhoop word die bril waardeur hulle na die lewe kyk en dit beteken dat hulle nie meer kan sien dat daar dalk nog hoop is nie. Deur misleiding, leuens en die verdraaiing van die waarheid, veroorsaak die bose dat mense geen hoop meer kan sien nie. Dit is die grootste wapen van die Nazgûl, die derde persoon in die triniteit, en hulle leier Koning Angmar, word genoem 'Captain of Despair'. Hulle wapen is om wanhoop te saai. So wen die vyand reeds die grootste deel van die stryd. "Despair is Sauron's greatest weapon, as witnessed in the Siege of Gondor" (Nitzsche 1979:123).

Sauron is die groot **misleier.** Hy mislei Saruman om te glo dat Saruman sy mag deel, terwyl hy net besig is om hom te gebruik. Koning Théoden word deur die Bose mislei om te glo dat hyself nie meer in staat is om besluite te neem nie en deur soveel wanhoop oor die tye waarin hy leef te beleef, dat hy aan absolute depressie begin lei. Koning Denethor word deur Sauron mislei om te glo dat daar geen hoop meer is in die wêreld nie. "(through) the information he is allowed to gather, Sauron leads him to overpessimistic conclusions, despair, and eventual suicide" (Kocher 1972:69). Saruman, die tweede figuur in die bose triniteit van The Lord of the Rings, se grootste vaardigheid is om mense te mislei.

**i) Die Bose wil soos God wees**

"He aspires to be God. He wishes to rule the races of Middle Earth and to expand his rule to the dead after the world ends" (Kocher 1972:74). Hy kan egter nooit soos God wees nie, soos blyk uit Frodo se stelling na aanleiding van hoe die Orcs ontstaan het. Hy het nie die Orcs gemaak nie, maar het elwe gemartel en op hulle geëksperimenteer en so het Orcs ontstaan. Frodo sê: "The Shadow that bred them can only mock, it cannot make: not real things of its own"

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


**j) Die Bose kan die Goeie nie verstaan nie**

`n Interessante eienskap van die Bose soos wat Tolkien dit skilder, is dat die Bose deur die Goeie oorwin kan word, omdat die Bose die Goeie nie kan verstaan nie. "This basic epistemological superiority of the good over the evil is symbolized by Lorien's light, which pierces the heart of the darkness of Dol Guldur but cannot be pierced by it in return. Lacking imaginative sympathy an evil intelligence cannot by understanding penetrate a good one, which does have that power in reverse. The former is too involved in self" (Kocher 1972:60). So gebeur dit dat Sauron nie kan verstaan dat Aragorn en Gandalf vir hom `n lokval stel aan die einde van die verhaal met die laaste veldslag nie, want hy kan nie glo dat hulle hul lewens sal opoffer vir ander nie. Dat hulle daaraan sal dink om die Ring te vernietig sal hy nooit kan begryp nie. "Within the logic of ambition he expects some of the Western leaders to turn the power of the Ring against him. But with the lack of imagination that characterizes the self-involved he cannot conceive that they may refuse power and decide to destroy the Ring instead" (Kocher 1972:75).

**k) Die ironie van die Bose**

"The irony of evil bringing forth good continues all through the epic" (Kocher 1972:46). Wormtongue, in `n oomblik van woede waarin hy Gandalf wil doodmaak, gooi hom met `n palantir[27], wat een van Saruman se kosbaarste besittings is in die stryd om mag, sodat Gandalf sê: *"Often does hatred hurt itself!" (p571).* Théoden lewer dié kommentaar: *"Strange powers have our enemies and strange weaknesses! But it has long been said: oft evil will shall evil mar" (p 570).* Hy sien ook hoe die Bose se dade omgedraai word téén hulle en tot voordeel van hul teenstaanders. Ook Gimli merk op: *"strange and wonderful I thought it that the designs of Mordor should be overthrown by such wraiths of fear and darkness. With its own weapons was it wasted"*. By die klimaks van die verhaal slaag Frodo nie daarin om die Ring te vernietig nie. Gollum, wat die Ring met geweld by hom afneem, val daarmee in die vuur en so word die doel van die *Quest* bereik. "The irony of evil is consummated by its doing the good which good could not do" (Kocher 1972:75).

[27] `n Palantir is `n voorwerp wat vir die besitter daarvan groot mag gee, omdat dit insig gee in dit wat op `n ander plek gebeur, maar ook wat in die hart van `n ander persoon gebeur.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


**l) Die Bose vernietig die skepping**

Nog `n kenmerk van die Bose, is dat Saruman en Sauron nie omgee vir die natuur of vir mense nie en alles stukkend maak om hul doel te bereik. In Boek 3 hoofstuk 8 word beskryf hoe Saruman baie mooi dinge vernietig het en word die bar woestynland wat nou sy woonplek omring, vergelyk met hoe dit eens gelyk het – groen en vrugbaar, met `n rivier en baie stroompies. Treebeard verwys ook daarna dat Saruman nie omgee vir 'growing things' nie, behalwe as hy dit kan gebruik vir sy eie doel. "He has abused Nature's growing things by destroying the trees and twisted human nature by creating mutants and enslaving the will of men like Théoden to obtain his will" (Nitzsce 1979:114). Mense word dus ook deur die Bose gebruik. Dié wat Sauron teëstaan word na verwys as die 'free peoples' van die wêreld. Hulle word so genoem omdat Tolkien wil beklemtoon dat hulle vry is en `n vrye keuse uitoefen, terwyl die volgelinge van Sauron as slawe in sy diens is. Hulle is ook vry van die mag van die Bose. Die kontras word duidelik wanneer Aragorn in die Laaste Debat sê dat elkeen vir hulself moet kies of hulle vir Gandalf gaan volg in die laaste oorlog teen Sauron.

**m) Die Bose vervolg mense**

In Boek 5 hoofstuk 5 ontmoet die leser vir Ghân-buri-Ghân, `n karakter wat herinner aan die inheemse aborigene-bevolking van Australië. Hy is die leier van die wilde mense wat hul woonplek in die berge maak. Hy sal hulle (die Goeie) help, maar dan soek hy die versekering dat die wilde mense nie meer gejag sal word nie. Die vervolging van mense[28] is vir Tolkien een van die eienskappe van die Bose in die wêreld en dis belangrik dat hy vir ons wil sê dat dit nie net Sauron is wat die wilde mense vervolg het nie, maar ook ander, en dat hulle déél was van bose praktyke.

> *"But if you live after the Darkness, then leave Wild Men alone in the woods and do not hunt them like beasts anymore" (p 815).*

3.2.12.4 <u>Metafore vir die Bose</u>

Die twee belangrikste metafore waarmee Tolkien werk, is die Ring en die Skaduwee ('*Shadow*').

[28] Rassisme en vervolging van mense hetsy ideologies of fisies, is vir Tolkien een van die kenmerke van die Bose in die wêreld, en is een van sy teologies-kritiese uitgangspunte.

Die Ring simboliseer mag.

> *"One Ring to rule them all, One Ring to find them,*
> *One Ring to bring them all, and in the darkness bind them*
> *In the Land of Mordor where the Shadow lies"*

Die Ring is `n baie effektiewe metafoor om die aard en die karakter van 'mag' mee uit te beeld. Die Ring is baie sterk en magtig, in die hande van die Goeie en die Bose. As Sauron dit weer in sy hande kan kry, sal dit hom sterker as ooit maak en ook onsterflik, in elk geval vir die sienbare toekoms. Die Ring oefen egter sy krag uit op alles en almal wat daarmee te doen kry. Niemand is daarteen bestand nie. Dit hou groot gevaar in vir enigeen wat die Ring besit, omdat die Ring as't ware sy eienaar in besit neem. Die Ring verteer en beheer die draer. Die proses van verandering in die draer kan lank of kort duur, afhangende van die goeie intensies van die draer. Hoe dit ookal sy – nie geestelike krag of goeie bedoelinge kan die proses verhinder nie. Vroeër of later sal die donker mag die eienaar oorweldig en besit. Die uiteinde is onvermydelik dat die eienaar van die Ring self boos word, want die Ring verander alles in die bose. Wat meer is, is dat die Ring nie net weggebêre kan word, of onbenut kan bly nie. Dit moet vernietig word en daar is net een plek waarin dit vernietig kan word: die vuur van Orodruin.

Só, wil Tolkien ons help om te verstaan, werk Mag. Mag neem van mens besit. Dit word `n obsessie by die een wat Mag het of wil hê. Mag maak alles boos, omdat Mag ten diepste boos is van aard. Dit is die begeerte om te besit en te beheer selfs ten koste van ander. Tolkien wil hê dat die leser moet begryp dat Mag selfs in goeie hande negatief is, omdat dit eventueel die eienaar daarvan gaan verander en so `n werktuig van die Bose word. Deur duidelik te maak dat die Ring vernietig moet word en dat daar geen ander uitweg is nie, kommunikeer Tolkien sy boodskap dat daar nie plek is vir Mag in `n heel wêreld nie, en dat mense bewus moet wees van die uitwerking daarvan en dat dit destruktief is, sodat hulle dit kan vermy.

Tolkien wil ook die punt maak dat die gevaarlikste Bose binne-in ons is. "Tolkien warns that the most dangerous evil springs from inside, not from outside" (Nitzsche 1979:105). Die feit dat van die hobbits so reageer op die klein bietjie mag wat hulle

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


oor ander kry as ‘Shirriffs’, is `n bewys hiervan. Ook Boromir, wat sê dat almal na sy vaandel toe sal stroom as hy die mag van die Ring besit, is `n aanduiding hiervan.

Die ander metafoor is ‘The Shadow’. Wanneer daar oor die Bose gepraat word is dit dikwels in terme van `n donker skaduwee wat oor die wêreld sprei en al groter word. Die Ring wil almal bind en na die Land van Mordor bring ‘where the Shadow lies’. Wanneer Gandalf teen die Balrog veg, die demoon uit die onderwêreld, en saam met hom verdwyn, sê Aragorn: ‘he fell into Shadow’. Gandalf sê dat al die lande in die Skaduwee sal verval, as hulle verloor teen die Bose. Soms is die Skaduwee die personifikasie van Sauron en dan weer word dit gebruik om die Nazgûl mee te beskryf.

Die beeld van die Skaduwee kommunikeer `n baie belangrike perspektief aangaande die Bose, en dit word die duidelikste uit Frodo se woorde:

*“the Shadow can only mock, it cannot make ... not real things of its own”*

Die metafoor van Skaduwee dui iets van die donkerte van die Bose aan en dat die donkerte soos `n kombers alles omvou, maar aan die ander kant is die Bose ook nét `n Skaduwee wat nie self kan skep nie. Die Bose kan net dit wat reeds geskep is verander en lelik maak, maar dit kan nie uit sig-self nuut skep nie. Iets hiervan het Frodo geleer by Tom Bombadil: “Frodo learned from Tom the ultimate impotence of evil” (Helms 1976:81). Tolkien wil dus sy lesers help om aan die een kant bewus te wees van die werklike gevaar en enorme destruktiewe krag van die Bose, maar aan die ander kant ook van die onmag van die Bose. “Lord of the Rings seems to have a deep-seated contradiction between evil as an absence (‘the Shadow’) and evil as a force (‘the Dark Power’)” (Shippey 2000:135). Die mag van die Bose lê in `n groot mate in die mag wat ander daaraan gee of daaraan toeken. Hoe groter vrees mense vir die Bose het, hoe groter mag het dit dus.

#### 3.2.12.5 Bose in die 20ste eeu

Die Bose van elke eeu, hoewel dit dieselfde basiese karaktertrekke toon, manifesteer op verskillende maniere in elke tyd. Elke individu sal die Bose anders identifiseer. Tolkien het die volgende sake aangespreek:

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Oorlogvoering, industrialisasie en die nadelige uitwerking daarvan op die wêreld, die verslawing van mense, rassisme en die ekologiese krisis, uitbuiting van mense.

In Boek 6 hoofstuk 8 is die hobbits terug in die Shire. In hierdie hoofstuk skilder Tolkien `n nuwe profiel van die Bose. Tot nou toe het die leser `n idee gekry van hoe die Bose op kosmiese vlak, in die natuur, op politieke terrein en met oorlog funksioneer. In hierdie hoofstuk bring Tolkien dit tuis tot hier by die leser, waar hy/sy elke dag met hulle klein lewens besig is en ons klein bestaan voer en onder die indruk verkeer dat ons met al die dinge van die Bose niks te doen het nie. Tolkien help die leser om te sien hoe die Bose op die klein vlak van ons bestaan ons lewens raak, wanneer die Shire ons mikro-kosmos word.

Die Shire het verander. Waar hulle voorheen vry was leef die hobbits nou in vrees. Daar is geen tekens meer van feesviering waarvoor die hobbits so lief is nie. Die ingang tot die dorp wat voorheen vir almal toeganklik was het swaar hekke en wagte sodat besoekers nie meer welkom is nie. Kos word gerantsoeneer. Oral is hobbit-polisie wat op hul eie mense moet spioeneer. Mag speel `n groot rol, want die 'polisie' (Shirriffs) handhaaf die reëls. Alles wat voorheen in oorvloed in die Shire beskikbaar was, is nou onverkrygbaar omdat dit uitgevoer word na ander plekke en die mense van die Shire sien dit nie eers nie. Een van die hobbits verduidelik:

> *"We grows a lot of food, but we don't know what becomes of it. It's all these 'gatherers' and 'sharers' ... They do more gathering than sharing, and we never see most of the stuff again" (p976).*

Intimidasie word gebruik om die hobbits te forseer om deel te wees van die nuwe sisteem. `n Klomp 'ruffians' is gestasioneer in die dorp en as iemand hul verset word hulle met geweld hanteer. *"The ruffians had clubs in their hands and horns by their belts" (p 981)*. Daar is selfs `n tronk geskep vir almal wat hulle verset. Daar is ongelukkig ook die wat saamgaan met die nuwe beleid omdat hulle as "Shirriffs' aangestel is en die magsposisie vir hulle belangrik is. Die meule is afgebreek met die doel om groter en beter meule op te rig. Al die bome is afgekap, baie vir geen ander doel as om net daar te bly lê nie, en `n fabriekkonstruksie is opgerig.

> *"An avenue of trees had stood there. They were all gone … and up the road they saw a tall chimney of brick in the distance. It was pouring out*

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



*black smoke into the evening air" (p981). There's no longer even bad sense in it. They cut down trees and let them lie, they burn houses and build no more" (p989).*

Tolkien wil die leser in hierdie hoofstuk help om duidelik die Bose van die twintigste eeu te herken: mag, fabrieke, uitbuiting van mense ter wille van selfverryking, en geld wat belangriker is as mense en vreugde, en die instandhouding van Bose strukture met geweld en oorlog. Hy wil hê dat die leser moet raaksien hoe maklik individue korrup kan word wanneer hulle daarby baat. Hy wil die leser help om die vreugdeloosheid en die sinloosheid van hierdie praktyke raak te sien.

**Oorlog:**

Hoewel The Lord of the Rings in oorlogsterme geskryf is en die oorlogmotief `n belangrike rol speel in die opbou van die plot van die verhaal, sou ons dit kon vergelyk met die Messiaanse oorlog in die boek Openbaring, waar oorlog as sulks nie goedgekeur word en aangemoedig word nie, maar waar die leser ook nie passief en onbetrokke kan toekyk hoe die Bose magte seëvier nie. Tolkien gebruik die oorlogsbeelde juis om die geweld daarvan bloot te stel, asook die onnodige lyding wat dit veroorsaak. Die vernietigende wapens wat die Bose gebruik herinner aan wapens wat tydens die Tweede Wêreldoorlog die eerste keer gebruik is en wat die oorlog so wreedaardig laat verloop het. Dit is met goeie rede dat Tolkien al die vreemde wapentuig by die vyand plaas. Hy wil duidelik maak dat sulke wapens en oorlogvoering by die Bose tuis hoort.

Ek het reeds daarna verwys dat Tolkien waarskynlik net soos die outeur van Openbaring van bestaande oorlogsmitologieë gebruik gemaak het, wat `n manier is om oor die kosmiese stryd tussen goed en kwaad te skryf.

**Industrialisasie:**

Tolkien se uitbeelding van Isengard en die bome en woude wat vernietig word ter wille van wapenvervaardiging, asook sy uitbeelding van die Shire en die vernietiging en besoedeling van die omgewing ter wille van fabrieksontwikkeling, het ten doel om kommentaar te lewer op die uitwerking van industrialisasie op die omgewing en die ekologie. 'n Ekologiese krisis ontstaan as gevolg van die (dikwels onnodige)

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


vernietiging van woude. Industrialisasie het egter nie net `n uitwerking op die omgewing nie, maar ook op mense wat gebruik word om die werk te doen teen lae lone en slegte behandeling.

.

**Ekologie:**

Dat `n ekologiese krisis die gevolg sal wees van voortgaande roekelose industrialisasie, word uitgebeeld deur die landskap rondom Mordor en Isengard. Die gevolg as die Bose die stryd sou wen, is dat die hele aarde binnekort soos `n woestynlandskap sal lyk.

**Die verslawing van mense:**

Mense word slawe van `n sisteem of `n ideologie deurdat hulle mislei word om daarin te glo, of self baat vind daarby.

Daar is ook `n ander vorm van verslawing en dit is mense wat letterlik gevange geneem word en as slawe behou word, soos wat Sauron gedoen het. Ek dink egter dat dit in The Lord of the Rings die meeste handel oor die psigologiese verslawing van mense. Mense raak of verslaaf aan die gedagte van mag of geld of besit, of aan `n bepaalde ideologie. Tolkien wil die gevaar hiervan uitwys en dat dit tot obsessie kan lei, soos in die geval van dié wat aan die Ring geheg raak.

**Rassisme:**

Ghân-Buri-Ghân herinner aan die inheemse aborigene-bevolking van Australië. In The Lord of the Rings word hulle uitgebeeld as 'wilde' mense wat in die natuur leef en niemand hinder nie, maar wat ge'jag' word en vervolg word. Tolkien lewer hiermee waarskynlik kommentaar op rassisme soos dit gemanifesteer het in byvoorbeeld Amerika teenoor die inheemse Indiaanse stamme, in Suid-Afrika met apartheid, in Australië teen die inheemse Aborigene bevolking en deur Engeland met hulle koloniale sisteem.

**Ten slotte:**

Tolkien slaag daarin, te oordeel aan sy geweldige leserskring en aanhang, om met sy uitbeelding, kontemporêr sinvol te kommunikeer oor `n tema wat die meeste skrywers liewer vermy omdat dit so groot en eintlik so onbeskryflik is. Hiervoor gebruik hy die fantasie-genre baie effektief. Hy slaag daarin om met fantastiese

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



karakters tog baie naby aan die twintigste eeuse mens te kom met hul ervaring van die Bose in hul leefwêreld.

## 3.3 Simboliek en ironie

***Simboliek***

The Lord of the Rings bevat heelwat simboliek, maar nie die fantastiese simbole van Openbaring nie. Die outeur maak meer gebruik van argaïese simbole waartoe die hedendaagse leser steeds toegang het en wat steeds deel vorm van die hedendaagse leefwêreld, byvoorbeeld die simboliek van lig en donker vir goed en kwaad, en kleursimboliek: wit is die kleur van oorwinning, en swart is die kleur van die Bose en die dood. Die een groot simbool van The Lord of the Rings wat die hele verhaal stuur, is die Ring, wat simbool is van mag. Die *Fellowship* is simbool vir die gelowiges en die *Quest* is simbool van die geloofspad.

Hierdie is slegs enkele verwysings na simbole in The Lord of the Rings. `n Verdere detail bespreking van die simbole in hierdie gedeelte sou oorbodig wees, omdat die simbole wat uiteindelik ook belangrik is vir die vergelykende studie van die twee verhale, in detail bespreek is by teologiese uitgangspunte,

***Ironie***

In die analise van Openbaring is daarna verwys dat daar veral twee baie prominente ironiese elemente in Openbaring is, naamlik: die <u>ironie van oorwinning</u> wat verkry word en behaal word deur lyding, en die <u>ironie van die Bose</u>: dat die Bose wat so in beheer lyk van die wêreld in werklikheid niks kan doen sonder dat God dit toelaat nie.

Een van die mees belangrike ooreenkomste tussen die twee verhale, is dat dié ironiese elemente, wat te doen het met die twee belangrikste teologiese perspektiewe van die boek Openbaring, ook ekstensief in die boek The Lord of the Rings hanteer word. Ook in hierdie boek is dit twee van die belangrikste perspektiewe wat die outeur aan sy lesers, wat in `n wêreld moet leef waar hulle God

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


nie kan sien nie en dikwels nie beleef nie, wil kommunikeer: die Bose wat so magtig lyk, kan niks doen sonder dat God dit toelaat nie, en daar is oorwinning in lyding.

Hierdie twee ironiese elemente word in detail bespreek in die voorafgaande teologiese uitgangspunte.

### 3.4 Narratiewe elemente

Ek hanteer die narratiewe elemente as deel van die Gebeure, Ruimte en Plot. Hier wil ek slegs kortliks daarna verwys dat ook The Lord of the Rings, net soos Openbaring, baie effektief van *kontras* gebruik maak as narratiewe element: kontras word geskep tussen karakters (bv. Goeie en Bose triniteit, Galadriel en Shelob), tussen ruimtes (die stede Lothlorién en Rivendell teenoor Mordor en Isengard), en algemene kontras tussen die Goeie en die Bose. Daar is baie meer kontrasterende elemente, maar dit word in die vergelykende studie hanteer.

Om `n volledige studie te maak van hierdie boek met sy 1055 bladsye (in my uitgawe) se narratiewe elemente, is `n enorme studie op sigself. Dus volstaan ek by dit wat by Ruimte, Gebeure en Plot bespreek word.

## 4. STORIE

### 4.1 Karakters uit The Lord of the Rings

Tolkien se karakters word so uitgebeeld dat die leser intens met hulle identifiseer. Mens en elf, hobbit, dwerg en towenaar – almal kom ontmoet die leser op die vlak van hulle eie menslike bestaan en konfronteer mens met jou eie mens-wees en keuses, met jou lewensgevoel en –beskouing.

Omdat Tolkien ook werk met `n dualistiese wêreldbeeld kan ons die karakters indeel in kategorieë van goeie karakters en bose karakters.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



**Goeie hoofkarakters**

Die verborge Een

Gandalf

Aragorn

Frodo

Sam

Boromir

Hobbits

Galadriel

**Bose hoofkarakters**

Sauron

Saruman

Nazgûl

Shelob

Tolkien werk met `n Goeie triniteit teenoor `n Bose triniteit, en vir al die ander belangrike rolspelers is daar ook kontras-karakters.

Die trinitêre karakters is Sauron die Bose met sy kontrakarakter as die Een wat nie sigbaar is nie, maar na Wie voortdurend verwys word; Gandalf se kontrakarakter is Saruman en Aragorn s'n is Angmar. Galadriel se kontrakarakter is Shelob.

Dit is baie belangrik vir ons bespreking van die karakters, om daarna te verwys dat die karakters in The Lord of the Rings méér is as karakters. Hulle is simbole vir iets groter en wat na iets anders verwys. Daarom is dit moontlik vir Tolkien om in die laaste groot stryd en die klimaks van die verhaal die twee karakters, Gandalf en Aragorn, te laat oorvloei in mekaar. Albei besit Messiaanse eienskappe. Wanneer Gandalf, as die oorwinnaar oor die dood, die stryd teen Sauron aansê, is dit tegelyk Aragorn wat hom tot die stryd uitgedaag het deur middel van die palantir. Wanneer Gandalf as oorwinnaar uit dié stryd tree wat hy al vir 2000 jaar voer en wat nou `n klimaks en beslissing bereik het, is dit Aragorn wat as Koning gekroon word. Dit is asof die twee karakters so saam funksioneer soos die Lam en die seun van die mens, of die Lam en die Ruiter op die wit perd van Openbaring.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


**Aragorn**

Aragorn het verskeie name wat elkeen iets oor sy identiteit openbaar. Aragorn, die seun van Arathorn, is sy koninklike naam wat hom moet identifiseer as die erfgenaam van die troon en die lang verwagte koning wat sal kom. Ellesar is sy naam in die elftaal wat beteken 'geneser', en as kind is hy Estel genoem, wat 'hoop' beteken. Daar was `n vers oor hom geskryf, wat iets van sy geheime identiteit en van sy toekoms wil onthul, byna soos `n profesie:

> *"All that is gold does not glitter, not all those who wonder are lost; The old that is strong does not whither, deep roots are not reached by the frost. From the ashes a fire shall be woken, a light from the shadows shall spring; Renewed shall be blade that was broken, the crownless again shall be king" (p 167).*

Aragorn (op daardie stadium nog net bekend as Strider) se reaksie op hierdie woorde is: "I am Aragorn, and these verses go with that name". Hiermee sê hy dat dit inderdaad `n beskrywing is van hom, en dat die profesie ook op hom van toepassing is. Hierdie woorde verraai veel oor hom: oor sy voorkoms, sy menswees, sy bestaan en dit waarvoor hy vooruit bestem is.

*All that is gold does not glitter* verwys na sy voorkoms. Hy was grof en ru van sy jare in die wildernis en hy het by sommige mense wat hom nie geken het nie eerder suspisie en wantroue as vertroue gewek[29].

*Not all those who wonder are lost.* Aragorn was `n swerwer – altyd op pad, maar nie rigtingloos of doelloos nie, soos wat die wat sy missie in die wêreld geken het sou weet.

*The old that is strong does not whither, deep roots are not reached by the frost.* Die sin verwys daarna dat niks hom korrup kon maak nie, dat hy nie begin moed opgee het nie, dat hy onvermoeid volhard het.

*From the ashes a fire shall be woken, a light from the shadows shall spring;*

Wanneer alles donker en verlore lyk, sal hy na vore kom as dié een wat nuut kom maak en lewe en hoop bring, wat lig gee in die duisternis.

*Renewed shall be blade that was broken, the crownless again shall be king"*

Hy is die langverwagte koning, die een na wie almal verlang, die een wat redding, genesing, versoening en vrede sal bring.

---

[29] Dit herinner aan die voorspelling van Jesaja oor die dienskneg wat onaansienlik is.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)



So lyk Tolkien se een Messiaanse figuur. Hy het meer as een karakter wat op Christus dui, omdat hy self oortuig is dat nie een karakter genoeg is om Christus te simboliseer nie. Dié een karakter is `n heenwysing na Christus daarin dat hy die dood binnegaan in `n oomblik van selfopoffering sodat ander kan lewe, maar dan oorwin hy die dood en keer hy terug met `n nuwe gestalte, as die opgestane een wat nuwe mag en krag het teen die magte van die Bose[30]. Aragorn is 'n Messiaanse karakter op `n paar maniere. Nie almal herken hom vir wie hy is nie[31]. Sommige sien hom net as die swerwer[32], maar die wat hom herken leef saam met hom met groot verwagting. Sy misterieuse bestaan en eensame missie waarin slegs `n paar ander gedeel het, was in werklikheid om sy lewe lank teen die Bose te veg[33] en mense te beskerm teen die Bose se aanslae, waarvan hulle meestal nie eers geweet het nie. Hy het dit egter verborge gedoen, omdat sy tyd nog nie gekom het om as koning na vore te tree  nie. Uiteindelik sal hy egter na die oorwinning oor Sauron[34], die groot bose karakter in die verhaal, by die laaste veldslag[35], as koning gekroon word en sal sy nuwe Ryk kom[36] wat gekenmerk word deur vrede en herstel en geregtigheid.

Dit is egter in sy deel-wees van die Quest waar ons hom die beste leer ken, hier waar hy met sy 8 metgeselle oppad is en die aanvalle van die Bose beleef en hulle mekaar se lewens deel. Hy is die een wat hoop en moed gee as alles verlore lyk[37]. Wanneer die hobbits by geleentheid bang is, troos hy hulle deur te sê: *"There is hope. You are not alone" (p 185).* Toe hulle omstandighede steeds moeiliker word, moedig Aragorn hulle aan om nou hulle vertroue in hom te stel en nié wanhopig te word nie. *"Don't despair! You must trust me now" (p 193).* En ook in `n volgende, selfs meer gevaarlike situasie, roep hy uit: *"Do not be afraid!" (p 303)*. Hulle leer inderdaad dat hulle hom kan vertrou met hulle lewens en dat hy uitkoms sal bewerk in selfs die moeilikste van omstandighede.

---

[30] 'n Verwysing na Gandalf wat by sy karakter bespreek sal word.
[31] " … a strange-looking weather-beaten man" (153);  "Do you really mean that Strider is one of the people of the old kings? I thought he was only a ranger" (215).
[32] of die Timmerman uit Nasaret?
[33] "Lonely men are we, Rangers of the wild, hunters – but hunters ever of the servants of the Enemy" (242).
[34] Anagie tot Satan
[35] Analogie tot die gebeure van Armageddon
[36] Die oorwinning oor Satan is die aanbreek van die nuwe koninkryk en van God se vrede en herstel.
[37] "As companion he is dependable, approachable and full of hope" (Kocher 1972: 69).

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Die stryd teen die Bose word feller en Aragorn se tyd kom nader. Gandalf sê: *"His time draws near" (p 797).* Aragorn daag uiteindelik vir Sauron, die bose karakter van sy tyd, uit en sê*: "(Sauron) saw me, but in other guise than you see me here. To know that I lived and walked the earth was a blow to his heart, for he knew it not until now" (p 763).* Duidelik is hier van `n geestelike dimensie sprake waarin Aragorn anders lyk as wat mens hom met die blote oog sien. Sauron het reeds iets van hom as die koninklike heersersfiguur gesien.

Intussen is die wêreld van hulle tyd besig om donker te word en die donkerte sprei uit oor al die stede en mense. Almal sien en voel dit en vrees oorweldig mense, maar waar Aragorn kom, bring hy hoop. Mense wil weer opstaan en veg. Hulle sien kans om aan te gaan selfs te midde van `n oorweldigende meerderheid van die vyand.

Hierna word nog `n Messiaanse karaktereienskap duidelik, want Aragorn, as erfgenaam van die troon, het mag oor die dood en wanneer die stryd teen die Bose die felste word, roep hy die dooies op om hom te volg in die laaste veldslag, waarna hy hulle sal vryspreek. Hy alleen is in staat om hulle te roep. Net aan hom sal hulle gehoorsaam wees, want hy is die koning wat sal kom![38]

Aragorn besef dat sy tyd om die Bose te konfronteer nader kom en hy sê dit in woorde wat baie klink soos `n uitspraak van Jesus toe die kruis nader gekom het: *"Now my hour draws near"(p 151).*

Aragorn moet `n paar keer keuses maak waar hy kan kies tussen dit wat hy al vir baie jare graag wil doen en wat nou binne sy bereik is - om na sy stad Minas Tirith toe te gaan - of om `n ander pad te volg wat moeiliker is en soms selfs sinloos lyk. Elke keer kies hy die ander moontlikheid weg van Minas Tirith, weg van homself. Daar is twee versoekings wat hy in die verhaal beleef: om vroeër na sy stad te gaan as wat die groter plan agter alles blyk te wees[39], en mag en outoriteit oor te neem; en natuurlik die Ring. Om die Ring te neem moes vir hom `n versoeking gewees het soos vir al die ander karakters. Feitlik elke ander sleutelkarakter beleef een of meer

[38] *"The dead ride behind. They have been summoned" (771).*
[39] Die versoeking herinner aan Jesus se versoeking in die woestyn, wat gaan oor mag en beheer.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



oomblikke waarin hulle direk met die Ring gekonfronteer word en in elkeen sien mens `n geestelike worsteling. Tog lees mens op geen stadium van so `n worsteling in Aragorn nie. Hy is die enigste karakter wat nie `n innerlike stryd beleef wat die Ring aan betref nie, maar wat die versoeking volledig weerstaan. Vir hom is daar net een weg – die Ring moet vernietig word en mag nooit gebruik word. Aragorn ken en verstaan die Bose goed. Aragorn hou egter in die maak van sy keuses deurlopend rekening met die feit dat hulle nie alleen in hierdie stryd is nie en hy herinner dikwels sy metgeselle daaraan dat daar groter magte aan die werk is, waarmee hulle moet rekening hou. In die woorde van Kocher oor hierdie karakter en die Ring: "The Ring is lawfully his, if anybody's. But he turns away and never turns back in all the weeks and months he spends in Frodo's company. This is his proof that he is worthy to be king" (Kocher 1972:50).

Intussen kom hy wel in Minas Tirith aan, maar hy gaan die stad nie binne nie omdat hy voel dat die tyd nog nie reg is nie. Gandalf laat hom egter kom, omdat hy hom nodig het. In die stad is talle mense wat ernstig of selfs dodelik gewond is. Faramir, Eomer en Merry is drie van die gewondes. Die verhaal vertel hoe hy elkeen van hulle genees deur hulle terug te roep uit die mag van die duisternis, terug na die lig en die lewe. Hulle word genees, want hy is die een wat sou kom, die koning[40]. Die genesingsverhale herinner veral aan dié van Jesus. Wanneer Pippin beangs is dat Merry gaan sterf, antwoord Aragorn hom dat hy nie bang moet wees nie, want hy het betyds gekom en hom teruggeroep na die lewe *(p851)*. Faramir herken en bely hom dadelik as koning en daardie hele nag sou hy besig wees om mense te genees. Merry en Pippin vra verwonderd: was daar al ooit iemand soos hy gewees? *(p 852).*

Uiteindelik kies hy die pad wat waarskynlik tot die dood sal lei, maar hy doen dit ter wille van Frodo en Sam, want alleen hierdeur kan hy vir hulle die pad oopmaak na oorwinning. Hy trek met sy leërmag van 7000 soldate op teen die tienduisende soldate van Sauron[41]. Hy praat sy mense moed in. Hulle vertrou hom genoeg om teen hierdie onmoontlike situasie aan te kom en bereid te wees om self hulle lewens op te offer in hierdie stryd teen die Bose, selfs lyk die uitkoms na `n absolute verloorsaak.

[40] Herinnering aan die Messias wat genesing bring en mense roep na die lig.
[41] Die gedeelte herinner aan Armageddon.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Tolkien gaan baie kreatief te werk wanneer hy `n nuwe karakter, 'the mouth of Sauron' op die toneel laat verskyn. Hy is presies dit – die spreekbuis van Satan, en hy kom om hulle uit te lag, met hulle te spot, en hulle te bedrieg[42] met vals nuus oor Frodo en Sam.

> *"Aragorn took the other's eye and held it, and for a moment they strove thus; but soon, though Aragorn did not stir nor move hand to weapon, the other quailed and gave back as if menaced with a blow" (p 870).*

Die oorwinning word behaal by hierdie laaste veldslag. Aragorn word koning. By die kroningsgeleentheid is Aragorn die swerwer skielik Aragorn die koning.

> *"When Aragorn arose all that beheld him gazed in silence, for it seemed to them that he was revealed to them now for the first time" (p 947).*

Die beskrywing wat volg is vol simboliek en wil duidelik uitbeeld dat hy die koning is!

> *"Tall as the sea-kings of old, he stood above all that were near; ancient of days he seemed and yet in the flower of manhood; and wisdom sat upon his brow, and strength and healing were in his hands, and a light was about him" (p 947).*

Hierdie beskrywing toon sterk ooreenkoms met Daniël 7 en Op 1 se beeld van die Seun van die mens. In Dan 7 is die verwysing na *ancient of days* en dieselfde beeld sal later vir Christus in Openbaring gebruik word. `n Hofsaak volg waarin die *ancient of days* gaan oordeel, net soos in Openbaring beskryf word. Aragorn het op sy troon gesit om te oordeel en sy oordeel was vol genade[43] en vergifnis. Die slawe is bevry en het land (en `n nuwe lewe) ontvang. Ou vyandskap is beeïndig en nuwe verhoudinge is gevestig. Die woonplek van die Bose is heeltemal vernietig en Sauron en die Nazgûl is in die onderaardse diepte gegooi[44]. Minas Tirith word beskryf in nuwe glorie, met bome en fonteine, strate van wit marmer, die boom in die middel van die stad wat weer lewe, en met vreugde en vrede wat heers.[45]

Die verhaal eindig met `n laaste sinspeling op die nuwe stad en die Messias, deur die boom in die middel van die stad en die bruilof!

---

[42] Hy doen dieselfde as die eerste dier van Satan (Sien Op 13:1-8).
[43] *"… perceiving the mercy and the justice of the king" (p 948).*
[44] Dieselfde lot as dié van Satan in Openbaring 20:3.
[45] 'n Moontlike analogie tot die nuwe Jerusalem

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


**Gandalf**

Gandalf kan beskou word as die tweede Messiaanse analogie. Hy besit weer ander Messiaanse karaktereienskappe wat hom as `n Messiaanse karakter identifiseer.

Ons ontdek hierdie karakter eers deur die getuienis van ander oor hom. In die laaste debat voordat die klein leërmag optrek teen die geweldige oormag van Sauron, sê Aragorn oor Gandalf: *"Let none now reject the counsels of Gandalf, whose long labours against Sauron come at last to their test. But for him all would long ago have been lost" (p 862)*. Vir meer as twee duisend jaar het Gandalf geveg teen Sauron. Dit is sy hele bestaansdoel. Hy is gestuur as boodskapper om teen Sauron te veg en om almal te verenig wat teen hom is. Hy moet dit doen sonder om sy mag teen Sauron s'n te gebruik en almal wat deelneem aan die stryd moet dit doen uit eie vrye keuse[46]. Hy kom as gestuurde in die gestalte van `n mens. Wie het hom gestuur? Niemand weet nie. Dit moes die Een gewees het oor wie ek later sal skryf[47].

Galadriel getuig as volg oor Gandalf: *"needless were none of the deeds of Gandalf in life" (p 347)*. Sy sê dit nadat sy die nuus ontvang het dat Gandalf gesterf het. "She seems to mean that although Gandalf knew his peril he accepted even death if necessary as the only way to speed the Ring-bearer on his mission" (Kocher 1972:144). Galadriel sê dit na aanleiding van die gebeure in die myn van Moria waar Gandalf sy lewe opgeoffer het vir die ander en vir die saak: die stryd teen die Bose. Hy het vooraf geweet dat hy waarskynlik daar sy lewe sal moet gee. Aragorn het ook geweet en het hom gewaarsku. Hy is so seker daarvan dat daar iets met Gandalf gaan gebeur dat hy aandring op `n alternatiewe roete. Gandalf besluit egter op dié pad. Het hy dalk nie geweet nie? Hy het. Dit blyk uit Aragorn se woorde wanneer hy – toe Gimli sê dat Gandalf se vermoeë om in die toekoms in te sien hom in die steek gelaat het – reageer deur te sê:

> *"The counsel of Gandalf was not founded on foreknowledge of safety, for himself or others ... There are some things that it is better to begin than to refuse, even though the end may be dark (p 325)".*

Hy het egter dié pad geloop, want deur sy lewe te gee maak hy dit moontlik vir die res van die Fellowship om die stryd teen die Bose voort te sit. *"When our escape*

[46] Appendix B, 1059. Hierdie bestaansdoel en stryd herinner aan die van Jesus
[47] Hierin is `n duidelike sinspeling op die inkarnasie van Jesus as gestuurde van God.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


*seemed beyond hope he saved us, and he fell", (p 346)*, sê Frodo oor die vreeslike gebeure. Die verhaal eindig egter nie.

Gandalf oorwin die dood! Die bose magte van die dood waarteen hy veg word gesimboliseer deur `n monster wat as `n Balrog – simbool vir die dood, die monster uit die onderaardse diepte - beskryf word, en waaroor Aragorn sê: *"An evil monster of the Ancient World it seemed, such as I have never seen before. It was both a shadow and a flame, strong and terrible" (p 346).*

In Gandalf se eerste 'verskyning' aan Aragorn, Legolas en Gimli in Fangorn woud, herken hulle hom aanvanklik nie[48]. Dan 'sien' hulle dat dit Gandalf is, maar 'n 'ander' Gandalf, 'n 'nuwe' Gandalf, wat ook beskryf word met woorde wat herinner aan Dan 7 en Op 1:

> *"His hair was white as snow in the sunlight; the eyes were bright, piercing as the rays of the sun; power was in his hand" (p 483-4)*.

Ook sy naam het verander. Hy is nou Gandalf the White, waar hy Gandalf the Grey was. Die wit is die kleur van sy oorwinning.

Hulle wou hom aanval toe hulle hom die eerste keer gesien het, want hulle het gedink dat dit Saruman is, maar al drie magtige vegters was onsuksesvol. Hy verduidelik dat nie een van hulle wapens besit wat iets aan hom kan doen nie. Aragorn begryp dat sy oorwinning oor die dood aan hom nuwe mag gegee het oor die bose en daarom sê hy:

> *"The Dark Lord has Nine. But we have One, mightier than they: the White Rider. He has passed through the abyss, and they shall fear him. We will go where he leads" (p 490).*

Hierdie woorde verduidelik wat dit beteken dat Gandalf die dood oorwin het. Hy het letterlik in die onderaardse diepte (die woonplek van die Bose[49]) ingegaan en daar teen die Bose en die dood geveg[50], maar hy het daar uitgekom en het daarom nou nuwe mag oor die Bose, want dit sal maak dat hulle hom vrees.

---

[48] Net so het Jesus se dissipels en Maria en die Emmausgangers Hom nie herken in sy verskyning aan hulle na sy opstanding uit die dood nie.

[49] Sien Op 20:3

[50] Hierdie beskrywing herinner aan die geloofsbelydenis: 'Hy het ter helle neergedaal'.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Die nuwe mag van Gandalf wat die dood oorwin het, beleef ons in sy ontmoeting met Saruman, sy kontra-karakter. Saruman is blootgestel vir sy aandeel in die werk van die Bose. Gandalf is in `n nuwe posisie. Hy het gekom om Saruman te oordeel. Ons sien in hierdie gedeelte sy mag, maar ook sy genade. Hy roep na Saruman om hom te 'bekeer', om `n nuwe lewe te kies en hom te volg:

> *"Would it not be well to turn to new things?" (p 568)*

Hy moedig hom aan om nie bang te wees nie en verseker hom dat hy hom geen kwaad sal aandoen nie.

> *"I have the power to protect you, I am giving you a last chance" (p 568).*

Wanneer Saruman sy aanbod van die hand wys, werp Gandalf hom uit die Raad van die Wyses[51]. In hierdie gedeelte blyk sy mag:

> *"Behold, I am not Gandalf the Grey whom you betrayed. I am Gandalf the White, who has returned from death" (p569).*

Gandalf en sy geselskap sal later weer vir Saruman, nou in bedelaar-gestalte, ontmoet. Weer sal Gandalf vir hom genade bied en die geleentheid om nuut te kies.

Nog `n verskyning is in die troonkamer van Théoden waar beskryf word hoe hy skielik `n magtige voorkoms aanneem,

> *"suddenly he changed. Casting his tattered cloak aside, he stood up and leaned no longer on his staff, and spoke in a clear voice ... standing white and tall …" (p 503)*.

In `n latere gedeelte word Gandalf se eerste ontmoeting met die Nazgûl beskryf:

> *" … he caught a flash of white and silver coming from the North, like a small star it moved with the speed of an arrow, and grew as it came. It seemed that a pale light was spread about it and the heavy shadows gave way before it; and then a great voice calling … he raised his hand, and from it a shaft of white light stabbed upwards. The Nazgûl gave a long wailing cry and swerved away" (p 792).*

`n Ontmoeting volg met die koning van die Nazgûl, Angmar:

---

51 Analogie tot Satan wat as aanklaer uit die hemel gegooi word.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


*"all fled before his face. All save one. There waiting, silent and still, sat Gandalf upon Shadowfax ... 'You cannot enter here', said Gandalf, and the huge shadow halted. 'Go back to the abyss prepared for you! Go back! Go!' 'Old fool', the rider said. 'This is my hour. Do you not know Death when you see it?'Gandalf did not move ..." (p 811).*

Gandalf kén die dood. Hy het immers daarteen geveg en dit oorwin, daarom sit hy onwankelbaar voor die koning van die Bose se leër.

Nog voordat die leser ontdek dat Gandalf leef en voordat enige van die geselskap dit ontdek, moet Aragorn-hulle besluit oor die verdere roete. In dié konteks herinner Aragorn hulle daaraan dat daar ander groter en sterker magte aan die werk is. "In this he happens to be right, for at that moment Sauron and Gandalf are contending for Frodo's soul on the summit of Amon Hen" (Kocher 1972:147). Frodo hoor in sy gedagtes die stem van Sauron en dan die stem van Gandalf. Albei roep na hom en die leser besef dat iets gebeur in die geestelike dimensie wat nie sigbaar is nie, maar wat Frodo duidelik beleef in terme van sy eie innerlike stryd. Gandalf se oorwinning oor die dood plaas hom ook vir die leser in `n nuwe geestelike dimensie.

Gandalf gee `n belangrike perspektief op die oorwinning oor die Bose wat hy behaal het wanneer hy sê dat daar `n groot storm kom, maar die gety het verander! Dit is in hulle guns. Die storm kom dus steeds, maar `n deel van die geveg is gewen en dit verander die res van die stryd wat voorlê. En dan sê hy:

*"I was sent back – until my task is done" (p 491).*

Twee belangrike eienskappe van Gandalf blyk uit die stelling: 1) sy oortuiging dat elkeen `n roeping en bestaansdoel het, en 2) sy geloof in `n groter mag wat in beheer is van sy lewe en wat hom stuur en gebruik. Oor hierdie twee karaktereienskappe enkele opmerkings. Deurlopend ontdek die leser dat Gandalf oortuig is daarvan dat mense geroep word vir `n taak en dat almal deel is van die geveg teen die duisternis wat dreig om hul wêreld te oorheers. So help hy Frodo om dit te verstaan wanneer hy vir hom sê dat dit nie toeval was dat eers Bilbo en nou hy die Ring besit nie. Mense moet egter ook kies om hierdie rol en taak waarvoor hulle geroep is te aanvaar en te vervul. Dit is belangrik dat die karakters in die verhaal (en die leser) ontdek dat daar `n keuse is en dat hulle die keuse moet maak. Niemand

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



kan neutraal bly nie. Jy is of aan die een kant of aan die ander, maar tussen-in is onmoontlik, want vroeër of later gaan die stryd deel van jou bestaan word. Hy is selfs oortuig dat Gollum `n rol het om te vervul in die konteks van die groter geheel (greater scheme of things) (Kocher 1972:36). Gandalf help individue om te verstaan dat hullle geroep word, maar dan motiveer hy hulle ook om te kies. Hy gee egter ook die versekering dat hulle nie alleen is nie. Vir Frodo sê hy*:*

*"You have been chosen* (die roeping)*, and now the decision lies with you* (keuse). *But I will always help you. I will help you bear this burden* (versekering van nabyheid)[52]*, as long as it is yours to bear" (p 60)*.

Reeds vroeg in die verhaal is een van die eerste dinge wat ons van Gandalf leer ken, sy diep oortuiging dat daar `n groter goeie mag agter alles is wat die wêreld bestuur en wat `n plan het met alles en almal. Hierdie mag werk onsigbaar maar is onteenseglik teenwoordig en Gandalf is voortdurend besig om daaroor te getuig en ander daaraan te herinner. Sy persepsie van hierdie groter mag is kompleks, want die Een hou alles in sy hande en bestuur sake, en laat dinge gebeur, maar op so manier dat hy nooit die vrye wil en keuse van mense en ander lewende wesens aantas nie[53]. Hy leef sy lewe binne hierdie groter bestaan van Iemand in wie hy glo en na wie hy verwys – Iemand wat die gang van dinge bestuur en in Sy hande hou. Gandalf verwerp ook altyd die moontlikheid van toeval in situasies en kies om `n groter mag aan die werk te sien en te glo dat dinge bestem is om te gebeur. Dit is binne hierdie konteks en geloofsoortuiging van Gandalf, dat hy aanhou glo dat Gollum en later ook Saruman en Wormtongue `n rol het om te speel. "All are filling roles written for them by the same great playwright" (Kocher 1972:45). Dit is ook hierdie oortuiging wat hom op `n besondere manier na krisissituasies laat kyk. In elke krisis sien hy die moontlikheid van iets wat ten goede kan meewerk en wat dalk selfs bedoel was om te gebeur. Die beste voorbeeld hiervan is die unieke manier waarop hy na Boromir kyk. Hy glo dat die oomblik waarin Boromir geswig het voor die versoeking van die Ring, uiteindelik noodsaaklik was en hulle gehelp het soos niks anders kon nie, in hulle stryd teen die Bose. Hy dink ook oor die rolle van Pippin en Merry wat slegs in die laaste oomblikke deur Elrond bygevoeg is tot die Gemeenskap van die Ring. Hulle teenwoordigheid het vir Boromir geleentheid gegee

52 Herinner aan Jesus wat ons laste help dra

53 Ek het in detail geskryf oor die groter mag en vooruitbestemming by Tolkien se teologiese uitgangspunte.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


om in die laaste oomblikke te veg om hulle te red, en om tot insig te kom in sy dade sodat hy om vergifnis kon vra.

> *"But that is not the only part they have to play. They were brought to Fangorn, and their coming was like the falling of small stones that starts an avalanche in the mountains" (p 485)*.

As die hele episode nie gebeur het nie, sou Pippin en Merry nie deur die Orcs na Fangorn gebring geword het nie en sou hulle nie die Ents (boom-herders) kon oortuig om deel te word van die stryd teen die Bose nie, en hulle sou nie Isengard, die woonplek van Saruman, kon vernietig, wat die begin van die einde van die Bose was nie. Hier praat Gandalf weer oor hulle rolle wat hulle moes speel.

Gandalf is ook dikwels oortuig daarvan dat die Bose se dade teen hulle gebruik kan word deur die Goeie. So verwys hy na die ironie dat die bende Orcs wat die hobbits moes vang en na Saruman moes bring, uiteindelik die goeie gedien het deur die twee te bring na `n plek waar hulle andersins nooit sou uitkom nie en wat noodsaaklik was binne die groter konteks van die stryd. Net so het Wormtongue se woedende reaksie om die palantir te gooi, `n geweldige uitwerking gehad, want toe kon Aragorn vir Sauron uitdaag en dit het Sauron se fokus van Frodo en Sam weggeneem. Gandalf se reaksie hierop is:

> *"Strange are the turns of fortune! Often does hatred hurt itself!" (p 571).*

Wat verdere karaktereienskappe aan betref, leer ons Gandalf ken as `n mens met wysheid, insig en deernis. Hy het geweldige groot genade en is bereid om te vergewe. Hy glo dat dit nooit te laat is om nuut te begin nie, en hy hou nooit op om te hoop en te glo dat iemand dalk kan verander nie. Oor Gollum sê hy: *"I have not much hope that Gollum can be cured before he dies, but there is a chance of it"*[54] *(p 58)*. Hy sê ook dat dit deernis en genade was wat Bilbo daarvan weerhou het om Gollum dood te maak. Hy leer ook vir Frodo dat hy nie mag oordeel nie.

Die Gemeenskap van die Ring vertrou Gandalf met hulle lewens. Solank as wat hy by hulle is, het hulle moed en hoop vir die swaar pad wat voorlê. So verseker Aragorn hulle in die myne van Moria dat Gandalf, wat hulle daar ingelei het, hulle

---

[54] Hierdie is dieselfde rede waarom God nog nie sy finale oordeel bring nie – daar is nog hoop dat mense tot geloof sal kom.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



daar sal uitlei[55]. Hy doen dit, al kos dit sy lewe. In latere gedeeltes, na sy opstanding, gee hy hoop vir hooploses, *"Wherever he came men's hearts would lift again, and the winged shadow pass from memory" (p 806).*

Van Gandalf se heel laaste woorde in die verhaal herinner aan dié van Jesus voor Sy hemelvaart. Die hobbits, oppad terug na die Shire, glo dat alles reg sal wees opdat Gandalf by hulle is. Gandalf antwoord egter:

> *"I am with you at present, but soon I shall not be" (p 974).*

**God**[56]

Heel eerste moet ons natuurlik vra of daar wel van God sprake is in die verhaal en indien wel, of die verwysings voldoende is om God as karakter te bespreek. My antwoord is, ja. Ek wil dit as volg motiveer: 1) as ons in die narratiewe benadering kan praat van `n implisiete outeur en implisiete leser en ons verwys na die implisiete inhoud, dan kan ons sekerlik ook praat van `n implisiete of geïmpliseerde karakter, dit wil sê `n karakter wat deur die implisiete outeur voorveronderstel word as deel van die verhaal en teenwoordig in die verhaal, sonder dat hy/sy by die naam genoem word. Die teenwoordigheid van die karakter in The Lord of the Rings word egter nie net voorveronderstel en geïmpliseer nie, maar word ook dikwels na verwys, wat die karakter baie werklik maak vir die leser; 2) die karakter is implisiet teenwoordig juis vanweë Sy karakter, en daarom is die verborgenheid en implisietheid dus juis belangrik in die uitbeelding van die karakter.

Die vraag is egter nog nie beantwoord of dié implisiete karakter inderdaad God is nie, want Hy word nêrens so genoem nie. Om die vraag te beantwoord, help inligting oor die historiese outeur ons: Tolkien is `n oortuigde Christen wat sy hele verhaal skryf as openbaring en wel religieuse openbaring en in `n sekere sin selfs as Evangelie[57]. "Tolkien has indeed rooted his tale in the symbolic consciousness of man" (Salu & Farrell 1979:274). En Tolkien se eie antwoord: "The Lord of the Rings is of course a fundamentally religious and catholic work … The religious element is

---

[55] Die gedeelte herinner aan Psalm 23 waar die herder leiding gee in `n dal van doodskaduwee. Hierdie Psalm het in Jesus se lewe waar geword. Hy was die herder en om sy skape deur te lei het Hom sy lewe gekos, soos hy ook gesê het. Hier is Gandalf, die Messiaanse analogie, die herder.

[56] Hierdie is 'n verwysing na die Een wat verborge, maar teenwoordig is. Sien ook teologiese perspektiewe. In Tolkien se boek Silarillion ontmoet ons die Een, die Skepper en Onderhouer, na wie hy een keer verwys as God.

[57] Sien inligting oor outeur aan die begin van hierdie hoofstuk.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


absorbed into the story and the symbolism" (www.tolkienonline.com/quote). Tolkien voorveronderstel God in elke lewensituasie en sy beeld van God stem ooreen met die uitbeelding van dié karakter in The Lord of the Rings. "Another of Tolkien's ways of unobtrusively exploring the sacred is to embody certain moral and intellectual themes of the Christian vision in a context that has no explicit trappings of religion. This allows fresh emotional contact with ideas that might otherwise be categorically prejudged" (Salu&Farrell 1979:274). Heelwat van Tolkien se historiese lesers het `n vooroordeel teenoor God, soos wat die feit dat letterlik duisende mense na die oorlog hul kerklidmaatskap beëindig het, getuig. As hy God dus te eksplisiet uitbeeld mag dit dit onmoontlik maak vir die narratief om dié verandering te bewerk wat die outeur wil bereik, naamlik **`n bewussyn van die verborge God se teenwoordigheid in en betrokkenheid by die kosmos**.

Hy skryf sy verhaal na aanleiding van mense se geloofs- en lewens- en Godsvrae, en hy wil juis onder andere antwoord probeer gee op die vraag na God se betrokkenheid in die wêreld. Sy uitbeelding van die geïmpliseerde karakter stem ooreen met die boodskap wat hy wil kommunikeer oor God – verborge en dikwels op die agtergrond van ons bestaan, maar teenwoordig en voortdurend besig met ons bestaan. Daarom maak Tolkien God implisiet deel van die hele verloop van die verhaal, om mense so in `n vars emosionele kontak met God en gedagtes oor God te bring.

Tolkien het onder andere in een van sy artikels verwys na die 'Deus Absconditus, the hidden God' (www.tolkienonline.com/quote), waarin dit duidelik blyk dat die verborge God deel is van sy Godsbeeld en dit verklaar waarom hy God as implisiete karakter teenwoordig maak. Laastens is Tolkien oortuig dat God implisiet in elke verhaal betrokke is – narratiewe en historiese verhale.

***Die implisiete karakter***

Deurlopend in die verhaal is verwysings daarna dat daar Iemand is wat besig is met die verloop van die geskiedenis en wat betrokke is in die ontvouing van die verhaal. Sy teenwoordigheid of voortdurende verwysing daarna bring vrede en rustigheid omdat dit vir die ander karakters en die leser duidelik is dat dinge nie net aan die noodlot oorgelaat is nie, maar deur Hom bestuur word. Inteendeel, die bestaan van

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


iets soos die noodlot word oor en oor pertinent ontken en telkens word duidelik gemaak dat daar `n plan is waarom iets gebeur het. Daar is dikwels van `n Goddelike ingrype sprake.

Die eerste ingrype is wanneer Gandalf verduidelik dat `n ander mag aan die werk is in die storie van die Ring – `n mag wat sterker is as Sauron en wat daarom gesorg het dat die Ring in die hande van Sauron se vyande kom, wat in die geval die hande van die hobbits is.

> *It was the strangest event in the history of the Ring: Bilbo's arrival just at that time, and putting his hand on it … There was more than one power at work" (p 54).*

Tom Bombadil red die hobbits van `n gewisse dood en antwoord hulle dat dit nie sý plan was om op daardie gegewe oomblik betyds by hulle te wees nie, waarmee hy duidelik impliseer dat dit die plan van `n groter mag was *(p 123).*

In Elrond se Raad gee die karakters te kenne dat `n groter mag die betrokke groep bymekaar gebring het op dié gegewe oomblik in tyd *(p 236).* Daar is nog heelwat soortgelyke verwysings wat bespreek word by teologiese perspektiewe.

My lees van die teks laat my dus eerstens met die indruk van `n implisiete Goddelike karakter wat veronderstel word as betrokke in die hele plot van die verhaal. Hy is die Een wat die Ring in die hande van die goeie laat beland. Dit is Hy wat eers vir Bilbo die ring laat vind op die regte tyd, wat dan vir Frodo kies vir sy taak, en dan die hobbits begelei op hulle *Quest*. Dit beteken nié dat hulle geen swaarkry beleef nie. Inteendeel, die hele verhaal gaan oor die swaar pad waarop hulle talle versoekings beleef en erge pyn en lyding, maar hulle word voortdurend geestelik versterk in hul 'woestyntyd' en geestelik bewaar. Dít beteken nou weer nie dat dit vir hulle maklik was omdat hulle soveel geestelike krag ontvang het nie. Dikwels is die karakters aan die einde van hul pad en voel hulle dat hulle nie meer kan aangaan nie. Tog slaag hulle en bly hulle behoue – dít is die geestelike bewaring waarvan ek praat.

Hierdie Goddelike karakter is betrokke in die verloop van sake en het `n 'greater scheme' (Kocher 1972:36), maar Hy is op so manier betrokke dat die karakters steeds vrye keuse het. In lyn met die Christelike boodskap weet Hy wat om met die

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


keuse van elke individu te maak en hoe om dit deel te maak van Sy plan (vergelyk met die boodskap van Rom 8). "The future is the property of the One who plans it. Yet it is not fixed in the sense that every link in the chain of events is foreordained. It cannot be, because in his encounter with Gollum, Bilbo's choice to kill or not to kill is genuinely his, and only after it has been made is it written into the guiding scheme. Human free will coexists with a providential order and promotes this order, not frustrates it" (Kocher 1972:36). Ook Frodo is vry om te kies, *"the decision lies with you" (p 50)*. As Frodo nie gekies het nie, lei mens af uit die verhaal dat iemand anders waarskynlik geroep sou word. "For it is becoming clear that the Designer is working against Sauron and would have brought forward other alternative means to confront him" (Kocher 1972:37).

Hierdie is `n baie belangrike perspektief ten opsigte van die Goddelike karakter: Hy het nie net `n plan wat Hy wil uitvoer nie. Hy gebruik die karakters in die verhaal, en wel deur hulle te roep en hulle self te laat kies[58]. Maar mens moet kies!

Hierdie Een het ook vir Gandalf gestuur om die gestalte van `n mens aan te neem en teen Sauron te kom veg, maar nié met mag of geweld nie[59]. Dit openbaar iets van die Goddelike karakter: dat Hy genoeg omgee vir die toekoms van die mense van Middel Aarde om `n boodskapper te stuur wat kan help teen die Bose.

Hy is deurgaans betrokke, Hy maak nuwe paaie oop in doodloopstrate[60], Hy voorsien 'manna' wat geestelik voed[61], Hy gebruik selfs die Bose om uiteindelik Sy plan te laat werk. Dit word al duideliker na mate die verhaal ontvou dat daar `n groot Outeur aan die skryf is wat elke gebeure gebruik en ten goede laat meewerk in hierdie stryd teen die Bose magte. In `n brief gedateer 26 Julie 1956, skryf Tolkien oor die feit dat Frodo in die laaste instansie gefaal het. Sy verdediging van die gebeure in die verhaal, is: "the Writer is not one of us" (www.tolkienonline.com). Daarmee sê hy oor sy eie storie dat daar in werklikheid `n groter Outeur aan die

---

[58] Die rede waarom hy die keuse wat elke karakter moet uitoefen so prominente tema maak, is waarskynlik omdat hy die leser wil help om perspektief te kry t.o.v die afgelope oorlog waarvoor baie mense God blameer. Hy wil hê dat hulle moet verstaan dat mense nie marionette is nie, maar self keuses maak, en oorlog is die keuse van mense, nie van God nie.
[59] Die leser word gelei om aan te neem dat die Een hom gestuur het. In Appendix B p1059 word dit egter pertinent verduidelik.
[60] Sam se ervaring op *p 920* waar hy skielik `n pad sien wat hy glo spesiaal daar geplaas is vir hulle, deur `n groter mag wat betrokke is.
[61] Op *p 915* word verwys na die geestelike voedingswaarde van die *lembas*-brood wat Galadriel vir hulle gegee het.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


werk was en dat hy self nie altyd beheer gehad het oor die afloop van die gebeure in die verhaal nie.

Selfs Gandalf se dood word `n oorwinning oor die vyand, en Boromir se dood word ten goede gebruik. Mens sou ook kon sê dat die Bose die hele tyd as't ware in Sy hande is, al besef die Bose dit nie. Uiteindelik, in die ontvouing en klimaks van die verhaal, word dit duidelik dat daar Iemand was wat alles in Sy hande gehou het, want wanneer Aragorn en sy leërmag opdaag om die groot laaste veldslag teen Sauron te voer, word Frodo en Sam dringend deur die Een geroep om gou te maak en hulle kry bonatuurlike krag vir die laaste deel van die pad. En wanneer Frodo in die heel laaste oomblik nie slaag nie, sorg Hy dat die Ring wel vernietig word deur die karakter Gollum, wat Gandalf voorspel het nog `n belangrike rol moet speel, anders sou dit nie gebeur het dat hy deel geword het van die Quest nie.

Tolkien maak God nie meer eksplisiet betrokke / teenwoordig in die verhaal nie, want dit sou die ervaringswerklikheid van die lesers sodanig weerspreek het dat dit hulle sou kon vervreem van die verhaal. Hy wil hulle egter juis help om te ontdek dat die verborge God nié afwesig is nie, maar die hele tyd aan die werk is en al laat Hy mense hul keuses maak en al laat Hy die Bose toe in die wêreld, hou Hy die meesterplan in Sy hand en laat Hy uiteindelik alles ten goede meewerk. Hy sorg uiteindelik vir die oorwinning oor die Bose en in die laaste plek vir die ewige lewe.

**Frodo**

Sommige kommentare en artikels oor The Lord of the Rings is van mening dat Frodo `n Christusfiguur in die verhaal is. Dit sou egter myns insiens verkeerd wees om Frodo so te sien, want daarvoor is daar baie meer verskille as ooreenkomste tussen die karakters. Die enigste ooreenkoms is die las wat Frodo dra wat vir baie redding sal bring en wat sy lewe kan kos, maar dié las herinner nie net aan Christus nie, maar veel eerder aan die kerk van Christus en haar roeping, soos ook die boek Openbaring uitbeeld[62].

Dié roeping – soos Frodo sal ontdek – gaan eerstens daaroor om te verstaan dat daar `n stryd is in die wêreld tussen goed en kwaad en dat hy deel is van die stryd,

---

62 Jesus roep gelowiges om hul kruis te dra en om die koste van dissipelskap te bereken.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


tweedens dat hy `n keuse moet maak, maar moet weet dat die keuse implikasies het want dit is `n moeilike pad. Volharding is nodig wat moontlik word vir Frodo omdat hy herhaaldelik daarvan verseker word dat hy nie alleen is nie. Tog voel hy met tye onuitspreeklik verlore en alleen, maar dan vind hy troos in dinge soos die lig van Galadriel wat hom geestelik versterk, of woorde van Gandalf wat hy onthou.

Frodo is dus eerder simbool van 'n gelowige wat geroep word om in hierdie wêreld anders te leef en teen die Bose op te staan en jou kruis op te neem en agter Jesus aan te loop, al beteken dit om soos Jesus te sterf vir jou geloof; en sy pad is simboliserend van die geloofspad wat elke gelowige moet loop. Hierdie pad is moeilik met baie steiltes en afgronde en dit kan selfs jou lewe kos. Dit is egter die pad van elke ernstige gelowige.

Frodo verlaat sy 'ou' lewe as vrolike, blymoedige Hobbit wat geen sorge het nie en die lewe ligtelik opneem. Sy wêreld was klein, maar veilig en geborge. Hy het niks geweet van al die donker en lelike dinge van die lewe nie. Die bestaan van die Bose was hoogstens vir hom `n vae begrip uit ou verhale met geen definisie nie. Wanneer Gandalf hom oor hierdie dinge inlig, is sy eerste reaksie dat dit tog niks met Hobbits te doen het nie. Dit is dinge buite die grense van die Shire en buite die grense van sy bestaan en dit raak ander, nie vir hom nie.

Gandalf help hom om sy eerste groot lewensles[63] te leer: daar is `n stryd tussen die goeie en bose magte in die wêreld en hierdie stryd het met hóm, Frodo Baggins, hobbit van die Shire, te doen. Almal is deel van hierdie stryd, want eventueel sal die Bose sy weg ook na die Shire toe vind.

Hy leer sy tweede les: in sy besit is `n waardevolle skat wat die vyand wil hê en dit is nie toeval dat hy dit het nie, want daar is `n groter mag agter alles in die lewe en Hy – die groter mag wat betrokke is by hierdie stryd en by die afloop daarvan - het dit so bestem.

Sy derde les: hy moet kies. Gandalf beveel hom nie, maar begelei hom net om te verstaan wat die keuse behels. Die keuse is syne of hy op hierdie pad gaan begin loop waarvan die bestemming onbekend is, net met die geloof dat hy nie alleen is nie[64].

---

[63] Binne die konteks van die vergelyking met Op sou ons ook hierna kon verwys as geloofslesse.

[64] Herinner aan die roeping en keuse en pad van heelwat Bybelfigure (Abraham, dissipels, ens).

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Frodo kies. Hierdie keuse is egter nie eenmalig nie, maar sal weer en weer herhaal moet word. Elke dag sal hy opnuut moet besluit of hy aangaan of omdraai. Dikwels wens hy dat hy kan teruggaan, maar elke keer kies hy weer om voort te gaan. Hy verstaan dat hy deel geword het van die stryd en dat hy nie kan omdraai nie. Dit is egter nie net `n stryd tussen goed en kwaad waarvan hy deel geword het nie. Hy ontdek dat die grootste stryd vir die een wat gekies het om aan die kant van die goeie te staan, in jouself is. Hoe verder die verhaal vorder en hoe langer Frodo die Ring in sy besit het, hoe moeiliker word dit vir hom om van die Ring afstand te moet doen. Hy is in twee geskeur, want die Ring het reeds sy invloed op hom.

Frodo verstaan dat die pad wat hy gekies het dikwels die moeiliker pad is. In die gesprek met Boromir waarin laasgenoemde die ring van hom wil afneem, sê hy vir Boromir dat hy nie sy raad kan volg nie, want hy weet Boromir wil die makliker pad voorstel terwyl sy hart hom *waarsku "Against the way that seems easier. Against refusal of the burden that is laid on me" (p 388.)* Dié tema word dikwels herhaal in die verhaal van The Lord of the Rings. Hierdie eens sorgvrye hobbit besef meer en meer dat hy geroep is om `n taak uit te voer en dat hierdie pad selfopoffering vra, maar hy is bereid om die pad te loop. Die leser word bewus namate die verhaal vorder, van `n groot erns waarmee Frodo die taak op hom neem. Uiteindelik besluit hy om alleen voort te gaan, omdat hy oortuig is dat hierdie die pad is waarvoor hy geroep is. Hy wil dit egter alleen verder aandurf omdat hy nie die res van die Fellowship verder in gevaar wil stel nie. Tog dring Sam daarop aan om saam met hom te gaan. Frodo antwoord: *"We will go, and may the others find a safe road! I don't suppose we shall see them again" (p 397)*. Met hierdie woorde sinspeel hy op die feit dat hierdie pad ook die einde van hulle pad sal wees en dat hulle dit nie sal oorleef nie. Die selfopoffering van Gandalf versterk en motiveer hom egter om ook die pad van selfopoffering te volg.

Dit het nou reeds duidelik geword dat Frodo geweldig as karakter gegroei het[65]. Sy groei en ontwikkeling begin die oomblik toe hy die taak aanvaar om die Ringdraer te wees en word die duidelikste uitgebeeld in sy hantering van Smeagol (Gollum). Aanvanklik ervaar Frodo woede teenoor Smeagol, maar Gandalf daag hom uit om

[65] Hierna is ook verwys in die teologiese perspektiewe: om soos Jesus te wees.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


op `n ander manier te kyk[66]. Dit is waarskynlik die grootste verandering wat in Frodo plaasvind – hy leer om nuut na die lewe te kyk, want wanneer hy dan met Gollum gekonfronteer word onthou hy hierdie gesprek en beleef hy iets van die deernis en jammerte teenoor Gollum waarvan Gandalf gepraat het, en van toe af het Frodo hom met deernis en genade hanteer.

Reeds baie vroeg in die verhaal waar Frodo die eerste keer besef dat hierdie `n saak van groot erns is waarvan hy hom nie kan distansieer nie, en waar Gandalf hom laat verstaan dat hy geroep is vir hierdie taak, kry hy ook dié troosvolle versekering van Gandalf:

> *"But I will always help you. I will help you bear this burden as long as it is yours to bear" (p 60).*

Baie gou in die *Quest* skei Gandalf en Frodo se paaie egter. Frodo was waarskynlik onder die indruk dat hy en Sam alleen is, heeltemal onbewus van hoe getrou Gandalf aan sy woord is en hoe hy op baie maniere vir Frodo help, al is Frodo nie daarvan bewus nie. In hierdie tye gee die herinnering aan Gandalf en Galadriel se woorde egter tog telkens moed en verdryf die donkerte. In werklikheid word die indruk geskep dat Gandalf en Galadriel in hulle gedagtes met hulle kommunikeer en met hulle oppad is.

Nadat die *Quest* voltooi is en Frodo en die drie ander hobbits hul terug bevind in die Shire wat onherkenbaar verander het en die duidelike merk van die Bose dra, het Frodo een agenda: geen geweld. Wanneer dit egter duidelik word dat geweld onvermydelik is en dat daar `n fisiese konfrontasie moet plaasvind ten einde die Shire van die Bose te bevry, pleit hy daarvoor dat daar geen onnodige geweld moet wees nie, maar indien geweld absoluut onvermydelik is ter wille van die oorlewing van die hobbits, mag niemand onnodig sterf nie.

Uiteindelik ontdek die hobbits dat Saruman, die Bose, verantwoordelik is vir die verandering in die Shire en staan hy ook skielik voor hulle. In hierdie oomblik waarin Frodo die mag het om hom te vernietig, kies hy `n ander uitweg – ons sou dit kom noem, die weg van die kruis.

---

[66] Herinner aan die uitdaging van die Evangelie om met nuwe oë te kyk.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



> *"I will not have him slain. It is useless to meet revenge with revenge; it will heal nothing. Go, Saruman! (p 995).*

Wanneer Saruman by Frodo verbyloop steek hy hom met `n mes in `n laaste poging om hom dood te maak. Frodo het wapenrusting aan wat hom beskerm, maar selfs in hierdie oomblik verhinder hy Sam wat Saruman wil aanval:

> *"No Sam! Do not kill him even now for he has not hurt me. He is fallen, and his cure is beyond us; but I would still spare him, in the hope that he may find it" (p 996).*

Hierdie woorde herinner aan dié van Gandalf wat hy aan die begin vir Frodo gesê het en wat Frodo nou deel van sy lewe gemaak het. Dit is duidelik dat Tolkien sy karakter op so manier laat ontwikkel dat hy meer en meer soos Jesus word (*evaluative* point of view).

"The battle against true evil has done the opposite of hardening Frodo" (Salu&Farrell 1979:277).

Frodo se verhaal eindig met sy eksodus na die ewige lewe.

**<u>Sam</u>**

> *"I feel like spring after winter, and sun on the leaves; and like trumpets and harps and all the songs I have ever heard" (p 931).*

So klink die Sam Gamgee wat die leser eers mettertyd leer ken, want Sam is een van daardie karakters wat maklik as ongekompliseerd en selfs 'eenvoudig' verstaan kan word, net omdat die vele lesers nie ontvanklik is vir sy besondere en 'aardse' soort wysheid en insig nie. Wie Sam is en wat hy van die lewe geleer het, het hy nie in boeke gevind nie, maar in sy tuin en by sy geliefde bome en plante en blomme. Dit is ook waar hy gemaklik is – tuis as tuinier. Soms verras hy die leser egter met iets diepsinnig wat hy sê, of met `n verrassende talent wat hy openbaar, maar hy is self so gou selfbewus daaroor dat hy dit onderspeel en `n soortgelyke reaksie by die leser wek. Die leser word algaande baie lief vir hierdie karakter wat mens aanvanklik oorhaastig as 'eenvoudig' sou beskryf, maar dit is sy onpretensieuse en ongeraffineerde aard wat tot die misverstand kan lei. Waarskynlik het sy beskeie lewe in die Shire ook nooit geleenthede gebied vir sy besondere karaktereienskappe om na vore te kom nie. Mens kom egter vroeg in hierdie verhaal vol uitdagings agter

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


dat Sam, die hobbit, `n sterk, standvastige, geankerde mens is met duidelike waardes waarop hy sy lewensbesluite en sy optrede baseer, wat hy nie onnodig bevraagteken nie, maar gewoon aan vashou.

Hy is nie `n mens wat filosofeer oor die lewe en lewensvraagstukke nie, maar sal in moeilike situasies die denkers en filosowe verras met sy uitkomste en gedagtes oor `n saak wat gewoon prakties sin maak. Hy deel ook nie dikwels sy gedagtes nie, maar wanneer hy direk daarna gevra word, toon hy besondere insig op `n ongekompliseerde en voor-die-handliggende manier. Een so voorbeeld is wanneer Frodo homself distansieer om `n besluit te neem oor die verdere pad. Die ander lede van die *Fellowship* besin lank oor wat moontlik in Frodo se hart aangaan. Dan word dit duidelik, wanneer Sam uiteindelik sy siening deel *(p 394)*, dat nét hy regtig die innerlike stryd en worsteling verstaan wat Frodo beleef. Hoewel hy dus grof en ongeslyp voorkom toon hy ook diep insig.

Nog so geleentheid is wanneer Sam en Frodo deur Faramir gevange geneem word. Hier toon Sam besondere insig in die Bose en die Bose se aard. Faramir laat blyk in sy ondervraging van Frodo dat Frodo moontlik nie bo verdenking is nie. Sam reageer deur te sê dat die vyand baie bly sal wees oor Faramir se optrede, want Sam verstaan dat die Bose agterdog saai tussen mense en so verdeeldheid bring tussen mense wat saam teen hom kon staan *(p 650)*. Ook oor die gedagte dat Lothlorien en Galadriel gevaarlik is, verduidelik Sam dat dit net gevaarlik is omdat die wat daar ingaan gekonfronteer word met hulleself *(p 664)*.

Sam is die voorbeeld van die ideale gelowige, wie se lewe en optrede veral deur twee karaktereienskappe gekenmerk word wat deel is van die Christelike lewe: 1) hy gee nie om om sy lewe op die spel te plaas ter wille van `n ander nie, en 2) selfs in die moeilikste en mees hoop-lose situasie slaag hy daarin om aan te hou hoop.
Om Frodo te vergesel, al mag dit moontlik sy lewe kos, is nooit eers vir Sam `n saak om te oorweeg nie: hy gaan Frodo vergesel, want hy het vir Gandalf belowe om dit te doen en hy gaan nie sy belofte verbreek nie. Dit is hierdie aangrypende eenvoud waarmee hy na die lewe kyk wat soms maak dat hy as `n eenvoudige karakter beoordeel word. Op geen stadium in die verhaal oorweeg hy dit selfs om die Gemeenskap van die Ring te verlaat nie. Hy sal dit slegs doen indien Frodo dit doen,

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


maar hy is aan Frodo verbind deur sy belofte, en selfs probeer Frodo sonder hom die reis verder aanpak, spring Sam, wat nie kan swem nie, in die rivier – vasbeslote om nie agter te bly nie *(p 396)*.

Sam is die mees hoopvolle karakter. Hy gee nooit moed op nie en probeer altyd `n ligpunt in elke situasie sien. Wanneer Frodo sê dat hulle nie weer hulle vriende sal sien nie, glo Sam dat hulle tog moontlik sal *(p 397)*, en selfs in Mordor – die woonplek van Sauron waar geen hoop kan leef nie - hou Sam aan met hoop en veg hy teen die wanhoop wat dreig om hom te oorval.

Sam verander ook op hierdie *Quest*, of miskien moet mens sê, die *Quest* verander hom. Reeds vroeg in die verhaal ontmoet hulle een aand Elwe saam met wie hulle die nag deurbring en die volgende oggend praat Sam met soveel wysheid oor die Elwe dat Frodo na hom kyk, *"half expecting to see some outward sign of the odd change that seemed to have come over him" (p 85).* Sam verduidelik self dat daar inderdaad die vorige nag iets met hom gebeur het wat hom anders laat voel en laat kyk. Die manier hoe hy dan oor hulle reis wat nog voorlê praat, dui op `n merkwaardige, diepsinnige en spirituele verstaan van wat gebeur:

> *"I know we are going to take a very long road into darkness; but I know I can't turn back. ... I have something to do before the end, and it lies ahead. I must see it through ..."*[67] *(p 85).*

Sy woorde is enersyds byna profeties omdat hy dit self nie eers verstaan nie, en andersyds gebruik Tolkien hierdie karakter om die leser te help verstaan dat – al is die pad soms donker – mens nie kan omdraai solank daar nog iets is wat gedoen moet word nie.

Die byna profetiese woorde sal egter by `n latere geleentheid weer in sy gedagtes opkom, en dié keer sal hy dit self ook verstaan. In Shelob se nes lyk dit vir Sam asof Frodo dood is en hy beleef sy eerste oomblik van wanhoop. Dan kom die woorde wat hy aan die begin van hulle reis gespreek het, by hom op en gee dit hom moed om `n geweldige besluit te neem, dat hý dan die taak enduit moet deurvoer. Hy is immers een van die *Fellowship* wat gekies is om Frodo te begelei en te help om te

[67] Hierdie kan moontlik gesien word as `n openbaringsoomblik vir Sam.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


slaag. Hy is dus medeverantwoordelik vir die sukses van die missie, en moet alleen verder.

> *"'What shall I do, what shall I do?" he said. And then he remembered his own voice speaking words that at the time he did not understand himself, at the beginning of their journey: I have something to do before the end. I must see it through" (p 714).*

Ons leer hierin net weer sy volharding en toegewydheid ken, en sy erns met die taak wat aan hulle opgedra is.

Sam beleef op sy reis `n geestelike verdieping. Eintlik sou die hele *Quest*, maar in besonder vir hom en Frodo die laaste deel van die *Quest*, beskryf kon word as `n geestelike reis (*journey*). Naby aan die einde van die verhaal waar alles onmoontlik begin lyk en waar die taak hulle begin oorweldig en hulle werklik so alleen is, sonder Gandalf en Aragorn en die ander om hulle te help en te bemoedig, beleef Sam `n duidelike roepingservaring en daarmee saam die ontdekking van die groter mag wat betrokke is in hulle *Quest* en wat hulle wil laat slaag en dit gee vir hom nuwe krag. Dan ontdek hy by `n doodloopstraat waar absoluut geen moontlikheid meer is om verder te gaan nie en hy vir die eerste keer ook by die punt is om moed op te gee, `n pad wat hy besef vir hulle daar geplaas is deur `n groter mag wat besig is om te voorsien. Hy besluit om Frodo te dra en merk tot sy verbasing dat die las merkwaardig lig is – asof Iemand besig is om hulle te help. Ons sien hom doelbewus veg teen die wanhoop wat hom wil oorweldig - *"he knew all the arguments of despair and would not listen to them" (p 919)*.

Hy leer ook `n belangrike Christelike lewensles, naamlik om nie oor môre bekommerd te wees nie, want hy kan niks doen aan dit wat môre inhou nie.

Waarskynlik is die mees blywende indruk by die leser van Sam en sy reis, sy selfopofferende liefde wat in alle omstandighede sy optrede gekenmerk en bepaal het, van waar hy aanvanklik besluit het om saam met Frodo te gaan, tot waar hy telkens opnuut besluit om verder te gaan. Hy is selfs op `n stadium bereid om Frodo te dra, al is hy self uitgeput.

Maar een van die belangrikste eienskappe wat hy sou leer is dié van genade. Sam kon Gollum nie verdra nie en het op geen stadium Frodo se deernis en jammerte

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


gedeel of verstaan nie, tot in die laaste oomblikke, letterlik meters voor die einde van die *Quest* waar hy in die posisie is om die hulpelose Gollum dood te maak wat oor hom op die grond lê. In daardie oomblik ontdek hy egter iets in sy hart wat hom daarvan weerhou,

> *"But deep in his heart there was something that restrained him ... dimly he guessed the agony of Gollum's shrivelled mind and body ... unable to find peace or relief ever in life again" (p 923)*.

In hierdie gedeelte soos dit beskryf word op *p 922-3* sien Sam eers duidelik `n visioen en in hierdie visioen sien hy skielik alles soos wat dit regtig is in die geestelike realm, nie soos dit vir die blote oog sigbaar is nie. Dié visioen gee aan hom nuwe perspektief.

**Boromir**

Boromir is `n tragiese karakter. Ons ontmoet hom by die Raad van Elrond *(p 234)*. Hy het `n indrukwekkende, edel en trotse voorkoms en die leser sal ontdek dat hy `n sterk, kompotente en dapper leier en vegter is. Gandalf sal later na hom verwys as `n krygsman en `n leier van mense *(p 485)*. Hy is `n dinamiese figuur wat haastig en angstig is om die Bose uit te oorlê. Boromir het egter een groot tekortkoming: Mag is vir hom belangrik. En hy is trots – té trots. Hy luister aandagtig by die Raad na alles wat gesê word, maar hy twyfel of Aragorn werklik die regmatige troonopvolger is, *"he looked at Aragorn and doubt was in his eyes" (p241)*. Boromir betwyfel ook die wysheid van die wyses (Gandalf en Elrond), want hy het hulle vol twyfel aangekyk. Waar Aragorn en Gandalf hul lewens lank teen die Bose geveg het, maar daaroor swyg, sê Boromir met trots: *"those who shelter behind us, give us praise ..." (p239).*

Dit wil voorkom asof Boromir nie verstaan dat daar `n groter geestelike werklikheid is en dat die Ring deel daarvan is nie. Hy verstaan nie die konsep van die Ring en die Bose se werk deur die Ring nie. Hy begryp nie dat die Ring `n houvas kry op elkeen wat dit in gebruik neem en dat die Ring die draer verander en korrup en boos maak, en dat niemand daarteen bestand is nie. Waarskynlik het dit juis met sy trots te doen, want hy glo dat hy en sy mense nie korrup gemaak kan word nie en dat hulle verhewe is bo enige mag van die vyand. Tolkien wil die leser help om in die spieël te kyk en te sien dat mens met die beste bedoelings, soos om die Bose te oorwin, self verlore kan gaan. Boromir sê: *"the Men Of Gondor are valiant, and they will never*

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


*submit" (p 260)*, maar dit het natuurlik ook met sy eie begeerte na mag te doen, want dit is al wat die Ring nodig het om iemand reeds in sy mag te hê: `n mens wat mag soek vir homself en ter wille van sy eie roem en eer.

Boromir is nie `n oneerbare karakter nie. Daar is in hom die dringende begeerte om die Ring te gebruik tot voordeel en redding van sy eie mense en land, en nie net tot sy eie voordeel nie, maar alleen in die begeerte na eie erkenning, is alreeds die saadjie van die Bose[68], en dit kan deur die Ring gebruik word.

Boromir wil by die Raadsitting herhaaldelik weet waarom hulle die Ring wil vernietig en nie liewer wil gebruik nie. Hy voel selfs dat daar wysheid was in die optrede van Saruman om die Ring teen Sauron te wil gebruik, en is blind daarvoor dat die blote begeerte na die Ring (na meer mag) Saruman korrup gemaak het. Uiteindelik word besluit dat die Ring vernietig sal word en Boromir word as een van die *Fellowship* van die Ring aangewys wat Frodo moet vergesel in sy opdrag om die Ring te vernietig. Hy maak egter nooit vrede met die besluit wat geneem is deur die Raad nie. Hoewel hy saam met die *Fellowship* oppad gaan, en al die swaarkry saam met hulle beleef en saam veg en ly, is dit van tyd tot tyd duidelik dat hy nie tevrede is met besluite wat geneem word nie. Die leser verkwalik hom nie dat hy voel dat die Ring eerder ten goede gebruik kan word nie. Het Gandalf en Galadriel nie albei al aan die moontlikheid gedink nie? In Lothlorien word dit egter duidelik dat dit swaar op sy hart lê en dat hy nie vrede het met die besluit en rigting van die *Fellowship* nie. Hy spreek die gedagte uit dat dit dwaas is om die Ring weg te gooi. Wanneer hy besef wat hy gesê het, korrigeer hy homself deur te sê dat lewens weggegooi word. *"Frodo caught something new and strange in his glance ..." (p 360)*. Hierdie gedagte het egter sodanig `n houvas op hom gekry (wat die werk van die Ring was sonder dat hy dit kon sien of besef), dat hy Frodo konfronteer. Hulle is alleen in die woud. Boromir bied sy raad aan, maar Frodo wys dit van die hand en sê dat Boromir die maklike pad wil kies, maar dat dit nie die regte pad is nie. Hy verwys ook tereg daarna dat Boromir sy vertroue plaas in die krag van mense en Frodo glo dat dit nie wys is nie, want daarin is daar geen redding nie. Boromir spreek sy twyfel uit oor die wysheid van die wyses: *"Yet often I doubt if they are wise and not merely timid .... True-*

[68] Verwys na Tolkien se perspektief op die Bose.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)

*hearted men, they will not be corrupted" (p 389).* Hierdie is `n ironiese stelling omdat die Ring klaar sy hart korrup gemaak het, sodat hy nie kan sien dat daar ook krag en oorwinning gevind kan word in ander dinge as in fisiese mag en oorlog nie. Hier blyk dan ook sy eie begeerte na mag en waarskynlik lê die houvas wat die Ring op hom het van die begin af, hierin:

> *"The Ring would give me power of command. How I will drive the hosts of Mordor, and all men would flock to my banner" (p 389).*

Boromir raak kwaad en uiteindelik wil hy die Ring met geweld afneem. Dit is belangrik dat die leser besef dat hy hier buite karakter optree, want al het hy nie begrip nie en verlang hy na militêre oorwinnings onder sy vaandel, is hy nie `n slegte mens nie en is hy te edel om `n weerlose hobbit aan te val. Dit is dus die Ring wat hier aan die werk is deur hom en wat sy hele voorkoms laat verander in daardie oomblik. Hierdeur wil die outeur duidelik maak dat dit `n ander mag is wat deur hom werk.

Die verhaal eindig tragies, want Boromir sterf *(p 404)*. Die Orcs wat hulle agtervolg het, daag op en in `n baie dapper geveg teen die Orcs waarin hy sy lewe opoffer om sodoende die hobbits te red, word hy dood gemaak. Die tragiese einde word egter in nuwe perspektief geplaas deur die sterwensoomblikke van Boromir en deur Gandalf se woorde oor hom. In sy laaste oomblikke besef Boromir dat hy nie verstaan het nie. Hy het self herken dat sy optrede teenoor Frodo dié van `n vreemdeling was en het dit hom reeds tot insig gebring. Nou bely hy egter sy skuld en spreek hy sy opregte jammerte uit. Met `n skuldbelydenis op sy lippe, sterf hy. Later praat Gandalf oor Boromir, en hy praat met deernis en vertel dat hy van Galadriel verneem het dat Boromir in gevaar is. Hulle albei het hom dus nie veroordeel vir sy optrede nie, maar het dit beskou as die vyand wat hom bedreig. Gandalf sê egter na aanleiding van sy sterwensoomblikke dat hy aan die einde uit die hande van die vyand ontsnap het en beskou dus sy skuldbelydenis as die oomblik waarin hy gered is. Hy gaan egter voort deur `n verdere duidelik Christelike perspektief te gee:

> *"It was not in vain that the young hobbits came with us, if only for Boromir's sake" (p 485).*

Gandalf verwys hier na die rol wat die twee hobbits gespeel het daarin dat Boromir, in `n poging om hulle te verdedig, moes sterf. Volgens Gandalf is dit goed dat dit gebeur het, en moes dit gebeur, voordat die Ring groter houvas op Boromir gekry

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


het, sodat hy nie meer in staat was om tot insig te kom nie, of dalk iets gedoen het wat die hele *Quest* in gevaar kon stel.

So eindig die verhaal van Boromir.

Ten spyte daarvan dat die leser van die begin af agterkom dat Boromir nie verstaan dat dit hier om `n geestelike stryd gaan nie, en onder die indruk verkeer dat die stryd met mag van mense gewen kan word, is Boromir tegelyk `n karakter waarvoor die leser lief word. Hy het `n sagte kant, hy is in staat tot berou, hy is dapper en is bereid om sy lewe op te offer ter wille van die ander.

**<u>Galadriel</u>**

Galadriel word deur heelwat kommentare beskou as die derde Messiaanse karakter. Sy het onbetwisbare Messiaanse karaktereienskappe. Sy word beskryf as sonder sonde, *"there is no evil in her" (p 349).* Sy is nie net die draer en gewer van lig nie. Sy self is lig en haar naam beteken 'lady of the light' (Foster 1971:157). Dit herinner aan Johannes se beskrywing van Christus as die lig wat na die wêreld toe gekom het. Galadriel is onsterflik en is daar vanaf die ontstaan van die wêreld. Sy is van altyd af in `n stryd gewikkel teen die Bose.

Net soos die onderskeie beskrywings van Aragorn in die kroningstoneel en Gandalf in die opstandingstoneel herinner aan die visioen van Daniël 7, waarop Op 1 se beeld van die Seun van die mens gebaseer is, so herinner ook die beskrywing van Galadriel aan die beskrywing van die Seun van die mens en is dit moontlik `n literêre manier om die drie figure aan mekaar te verbind. Haar klere is wit, haar hare is goud, maar haar ouderdom is onbepaald en haar oë is skerp, *"keen as lances in the starlight, and yet profound" (p 345).* Mens ontdek in hierdie eerste ontmoeting met haar dat sy baie weet van wat niemand vir haar kon vertel nie.

Een van haar belangrikste karaktereienskappe is dat sy die harte van die karakters voor haar deurgrond. Sy sien wat alles in hulle gedagtes skuil. Niks is vir haar verborge nie.

> *"She seemed to be looking inside me ... each had felt that he was offered a choice between a shadow full of fear that lay ahead, and something that he*

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


*greatly desired, and to get it he had only to turn aside from the road and leave the Quest and the war against Sauron to others" (p 349).*

So toets sy die harte van elke lid van die geselskap en daarom is dit ook vir haar moontlik om later vir Gandalf te sê dat Boromir in gevaar was *(p 485)* – sy het in sy hart sy begeerte na die Ring gelees en het verstaan dat dit beteken dat die Bose reeds `n houvas op hom het. Sy weet ook waarheen om die arend te stuur wat vir Gandalf gaan haal en terugbring na haar woonplek waar hy kan herstel, want Lothlorien, wat sy geskep het, is `n plek waar rus en genesing gevind word. Sommige beleef onrus daar, byvoorbeeld Boromir, maar om die woorde van Sam te gebruik, is dit eintlik net wat hulle saam met hulle daar ingebring het en daar ontmoet, wat hulle beleef.

*"... folk takes their peril with them into Lorien, and finds it there because they've brought it" (p 664).*

Mens word in Lothlorien dus gekonfronteer met jouself. Gandalf vertel van die genesing wat hy daar gevind het in die woonplek van Galadriel, nadat hy uit die dood uit opgestaan het. Sy is ook die een wat hom in wit klee *(p 491)*.

Galadriel beleef versoeking wat herinner aan Jesus se versoeking in die woestyn, en sy weerstaan die versoeking *(p 357).*

Galadriel bring nie net lig in duisternis nie. Sy gee ook vrede, hoop en rus. Sy nooi hulle om hul laste neer te lê. Sy moedig hulle aan om nie hoop te verloor nie, *"but even now there is hope left" (p 348),* en soos Jesus dikwels aangemoedig het dat mense nie bang of bekommerd moet wees nie, sê sy: *'do not let your hearts be troubled' (p 348)*. Sy kan dit alles sê omdat dit nie net trooswoorde is nie, maar sy is die gewer van troos, hoop en rus en hulle sal dit in die volgende dae beleef.

Die afskeidstoneel tussen Galadriel en die geselskap herinner aan die laaste Avondmaal van Jesus. Sy neem `n beker en gee dit aan elkeen om te drink – die beker van afskeid, met die woorde dat hulle moet drink en nie hartseer moet wees nie. Die bedoeling is dat hierdie beker hulle sal vertroos wanneer hulle op hul donker en swaar pad voortgaan, net soos die nagmaalbeker van Jesus die gelowiges moet vertroos en versterk wanneer hulle die geloofspad loop. *"We have drunk the cup of parting and the shadows fall between us" (p 365)*, maar voor hulle vertrek gee sy ook

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)


nog ander gawes wat hulle sal begelei en versterk. Veral die *lembas* is in die konteks van die nagmaal belangrik, want die *lembas* is brood wat nie net die liggaam voed nie, maar veral die hart en die gees en wil.

> *"The lembas had a virtue without which they would long ago have lain down to die. (It) had a potency that increased as travellers relied on it alone… It fed the will, and it gave strength to endure …" (p 915). "Often in their hearts they thanked the Lady of Lorien for the gift of lembas for they could eat it and find new strength" (p417).*

Dan gee sy `n lig vir hulle pad, met die belofte dat dit in die donkerste plekke vir hulle lig sal bring. Of sy Frodo en Sam se ontmoeting met Shelob (Galadriel se kontraskarakter) vooruit gesien het, weet ons nie. Sy het egter wel geweet dat hulle `n pad van donkerte betree en dat daar baie donker plekke en ontmoetings voorlê waar haar lig vir hulle hoop sal bring. In die donkerste plek, waar geen lig meer is nie en waar alle hoop verdwyn en net nog absolute wanhoop bestaan, die woonplek van Shelob, bring hierdie lig inderdaad vir hulle redding en nuwe hoop wanneer die lig die spinnekop verdryf en dit die donkerte om hulle en in hulle verdryf.

**<u>Sauron</u>**

Sauron word deur Tolkien geskep as die karakter waarin absolute Bose vergestalt word. "Sauron is his most complex representative figure of the satanic in Middle-Earth: a creature of immense age and former beauty, who has lost heaven and must forever seek to regain it" (Helms 1976:37). Ons weet nie so baie oor Sauron nie – net dat hy geweldige mag besit, die absolute verpersoonliking is van die bose en analogie is tot Satan, baie wreed is en die begeerte het om die heerser van die wêreld en die hele skepping te wees. Ons weet ook dat hy vinnig besig is om meer en meer mag te kry en dat daar baie tekens oral oor die wêreld (wat Tolkien skep) is van sy mag.

> *" ... the master of the dark Tower of Mordor, whose power is again stretching out over the world!" (p 220)*.

"The whole plot of Lord of the Rings is permeated with the idea of the will of Sauron operating at a distance, stirring up evil forces, literally animating the Ringwraiths and even the orcs" (Shippey 2000:136).

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



Sauron se verhaal herinner onmiskenbaar aan die verhaal van Satan in Genesis. Die mense, die Númenoreans, was – soos Adam en Eva in die skeppingsmitologie – een iets verbied: om nie naby die 'Undying Lands' te kom nie.

> *"Sauron bewitched the King; and soon he had turned the hearts of all the Númenoreans, except the remnant of the Faithful, back towards the darkness. Sauron lied to the King, declaring that everlasting life would be his who possessed the Undying Lands, and that the Ban was imposed only to prevent the Kings of Men from surpassing the Valar" (Appendix A, 1013).*

Hierin sien ons die misleidende karakter van Sauron. Vir die optrede is Sauron gestraf en die laaste leiers van die wat gehoorsaam was het troos gevind daarin dat Sauron vernietig is.

> *"But it was not so. Sauron was indeed caught in the wreck of Númenor, so that the bodily form in which he long had walked perished; but he fled back to Middle-Earth, a spirit of hatred[69]. He was unable ever again to assume a form that was fair to men, but became black and hideous, and his power thereafter was through terror alone" (Appendix A,1013).*

Sauron het twee trawante wat sy werk doen, terwyl hy sy oog oor die wêreld laat dwaal op soek na die Ring om sodoende absolute mag te kry. Die twee trawante is Saruman en die Nazgûl[70]. Dit is deur hulle dat Sauron sy wil laat gebeur.

**Saruman**

Sauron gebruik Saruman as sy propagandis. Saruman moet met sy stem, wat besondere mag besit en mense betower, mense laat glo in Sauron[71], of dat dit tot hulle voordeel is om ten minste aanvanklik saam met hom te werk. Die gesprek tussen Saruman en Gandalf (*p 563-8*) is `n goeie voorbeeld van hoe sy taktiek werk. Sy rol is om te mislei en te oorreed, maar ook om te verlei.

In die hoofstuk, getiteld 'The Voice of Saruman' *(p 563-8)* ontdek die leser veel oor Saruman uit die gesprek tussen Saruman en koning Théoden wat in die vorige

69 Hierdie is `n analogie tot die draak wat uit die hemel gegooi word en dan woedend op die aarde die mense begin vervolg.
70 Saam vorm dié drie die bose triniteit in The Lord of The Rings.
71 Vergelyk met die eerste dier van Openbaring 13.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


hoofstuk deur Gandalf bevry is uit die houvas van die Bose, asook tussen Saruman en Gandalf:

> *"You are a liar, Saruman, and a corrupter of men's hearts. You hold out your hand to me, and I perceive only a finger of the claw of Mordor" (p566)*.

Saruman werk dus deur mense korrup te maak en hulle te mislei. Hy is egter in werklikheid die hand van Sauron.

Saruman gebruik mense en dinge solank as wat dit/hulle vir hom van nut is. Treebeard help die leser om dié perspektief op Saruman (en die karakter van die Bose) te kry:

> *"He is plotting to become a Power. He has a mind of metal and wheels; and he does not care for growing things, except as far as they serve him for the moment" (p 462)*.

Hieruit blyk reeds `n ander karaktertrek van die Bose – dat die bose karakters mekaar ondermyn en teen mekaar werk en mekaar gebruik net tot voordeel van hulleself. "Saruman has abused Nature's growing things by destroying the trees and twisted human nature by creating mutants and enslaving the will of men like Théoden to obtain his will" (Nitzsche 1979:114).

Saruman probeer om die leiers te beïnvloed, want op so manier is hy seker dat die koning se land aan sy kant sal wees, daarom het hy Wormtongue, sy werktuig, gestuur om in die paleis van Théoden as 'raadgewer' op te tree en die gedagtes en perspektief van Théoden te vergiftig.

Saruman gebruik die Orcs en die Urukhai, wat hy self geskep het as `n soort van oorlogmasjien, om as vernietigende mag op te tree, daar waar sy propaganda nie voldoende is nie. Hy slaag daarin om die hobbits in die Shire sy wil te laat uitvoer, omdat hy hulle verwar met wat Shippey na verwys as: "the insistent persuasion of modern political jargon" (Shippey 2000:220).

**<u>Nazgûl</u>**

Die Nazgûl voer die oorlog van Sauron op psigologiese vlak. Hulle skep vrees in die harte van mense en neem alle hoop weg, sodat mense in wanhoop verval. Waar

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


daar geen hoop meer is nie, is ook nie meer lewe moontlik nie en kan mense nie meer veg nie en is hulle nie meer die meester van hul eie harte nie. "Despair is Sauron's greatest weapon ..." (Nitzsche 1979:123).

Tolkien leef in `n tyd na die oorlog waarin wanhoop `n baie werklike en byna algemene emosie was. Mense het geen hoop meer gehad nie. Hulle het mense aan die dood verloor in `n sinlose, magsbeheerde oorlog. Hulle weet nie hoe om aan te gaan nie en het die magtelose gevoel dat die wêreld nooit weer sal herstel nie. Dit is dus belangrik dat Tolkien sy lesers wil help om te verstaan dat hooploosheid as't ware die lokval van die Bose is en dat mens meer ontvanklik is vir die bose as jy nie meer kan hoop nie, omdat mens perspektief verloor en ophou veg.

Die leier van die Nazgûl, koning Angmar, herinner sterk aan die een trawant van die draak in Openbaring 13, wat die merk van die slagting aan sy nek het en dus dood moet wees, maar tog nie is nie. Angmar moet dood wees, maar is duidelik nog lewend op een of ander manier. Hy en die ander Nazgûl kan fisiese skade aanrig, maar kan self nie fisies beseer word nie, behalwe met `n spesifieke swaard. Een van hulle sterkste eienskappe is hul vermoë om paniek te veroorsaak. Die volgende aanhaling illustreer mense se reaksie op die Nazgûl:

> *"Suddenly they were stricken dumb, frozen as it were … but now it was grown in power and hatred, piercing the heart with a poisonous despair" (p 791)*.

"This phrase is critical. The Ringwraiths [Nazgûl] work for the most part not physically but psychologically, paralysing the will, disarming all resistance" (Shippey 2000:124).

**Smeagol**

Vandat die leser hierdie karakter die eerste keer ontmoet, deel mens Frodo se reaksie wat tot uiting kom in sy woorde: *"now that I see him, I do pity him" (p 601).* Smeagol wek die simpatie van die leser, omdat hy nie self so boos is, as wat hy in die mag van die Bose is nie.

Gollum is simbool van die verlore mens wat in die mag van die Bose is. Ons weet uit die teks dat hy eens verwant was aan die hobbits, maar toe het die Ring – simbool

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


van die Bose se mag – in sy besit gekom en van hom besit geneem en dit het hom sodanig verteer dat hy aan niks anders meer kon dink as aan die Ring nie. Sy hele wese het verander. Hy kon nie meer normaal funksioneer nie, hy het geen verhoudings gehad nie en het absoluut vereensaam en vervreemd geraak van `n sinvolle bestaan. Die Ring het hom laat moord pleeg en toe hy die Ring verloor het die res van sy bestaan daaroor gegaan om dit terug te kry. Vir jare en jare het hy eensaam rondgeswerf, die donker paaie van Mordor aangedurf, al die donker geheime van Sauron leer ken, en `n toenemende donkerte het van hom besit geneem. Hy was sonder `n tuiste, sonder liefde. So erg het die Bose van hom besit geneem dat hy selfs sy ou naam Smeagol[72] vergeet het, en net nog Gollum was.
Tolkien gebruik hierdie een karakter om die implisiete leser te laat besef wat die Bose aan iemand doen. Gollum se vreemde manier van praat, sy obsessie met die Ring, sy vreemde gedrag, dui alles op die feit dat die Bose iemand onmenslik maak, en misvorm. Gollum se woonplek – in die kloof van `n kaal bergreeks waar geen mens ooit kom nie en waar die son selde skyn, tussen rotse en by `n waterpoel waar hy visse vang, doodslaan en rou eet - dui op die misvorming van sy karakter.

Hy word op ironiese wyse deel van die *Quest* van Frodo en Sam om die Ring (Smeagol se 'precious') te vernietig, en op hierdie Quest leer mens hom ken. Alles wat mooi is in die lewe en wat sin en betekenis gee, is vir hom afstootlik, omdat dit vreemd geword het aan sy natuur.

Gollum is deurlopend `n redelik konstante karakter, gedryf deur die een begeerte na die Ring. Maar dan gebeur daar iets wat die implisiete leser beweeg tot groter simpatie en deernis met hierdie karakter, want Gollum is nie so misvorm deur die Bose dat dit hom nie aangryp en diep raak wanneer Frodo hom met liefde, respek en selfs vertroue hanteer nie. Dit het so geweldige reaksie tot gevolg ín Gollum dat hierdie karakter `n intense konflik in homself begin beleef, waarin Smeagol (die hobbit vóór die Ring wat nou weer begin herleef) in stryd is met Gollum (die karakter nadat die Ring hom begin verander het). Tolkien gebruik hierdie aangrypende gesprek tussen Smeagol en Gollum, om die diep innerlike stryd tussen die goeie en die bose wat in `n mens kan plaasvind en jou kan verskeur, uit te beeld. Hy slaag

[72] Die vergeet van sy eie naam, is Tolkien se manier om die vervreemding aan te dui wat die Bose in iemand se lewe veroorsaak. Dit simboliseer dat Smeagol sy identitieit verloor het.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)

daarin om die leser op so manier te betrek dat die leser beangs is dat Gollum die stryd gaan wen en dat Smeagol weer gaan verdwyn. Hierdie stryd[73] woed in Gollum vir `n groot deel van die Quest.

Die verhaal eindig tragies. Gollum oorwin Smeagol en hy werk `n plan uit om Sam en Frodo dood te laat maak deur Shelob (Galadriel se teenoorgestelde karakter). Die plan misluk en in die laaste oomblikke van die *Quest* waar die klimaks van die verhaal bereik word, verskyn Gollum weer op die toneel om met geweld die Ring van Frodo af te neem. Hy slaag daarin en beland dan self in die vuur daarmee en so word die Ring (en Gollum) en die Bose vernietig.

Wat hartseer is rondom die stryd van Smeagol en Gollum, is die aanduidings dat die goeie Sam `n aandeel gehad het daarin dat Gollum gewen het, omdat hy nie sy gevoelens vir Gollum kon oorwin nie en hom voortdurend met soveel wantroue en suspisie behandel het en selfs met minagting. Die leser word gekonfronteer met die vraag of dit `n verskil sou maak aan die uitkoms van die tweestryd in Gollum, indien Sam hom ook met liefde behandel het?

Wat baie belangrik is in terme van die groter perspektief van ons verhaal, en wat die leser in die teks kan vind, is dat selfs Gollum `n rol gehad het om te speel en dat sy ontsnapping van die elwe nie noodlottig was soos almal gevrees het nie en nie die *Quest* in die wiele gery het nie, maar dat die groter mag in die verhaal dié gebeure ingeskryf het in en deelgemaak het van Sy meesterplan. Dit is duidelik dat selfs Gollum `n rol gehad het om te speel en uiters belangrik was vir die afloop van die verhaal.

[73] Die tempo verstadig aansienlik, omdat hierdie innerlike stryd 'n fokuspunt in die teks is.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


## 4.2 Gebeure

### 4.2.1 Kerngebeure

Die verhaal is so geweldig in omvang, dat ek slegs die mees deurslaggewende gebeure[74], of kerngebeure, hier aandui – die gebeure wat, indien dit weggelaat sou word, die afloop van die verhaal sou beïnvloed of vernietig.

• Die eerste gebeure is wanneer Frodo begryp dat hy iets met die bose Ring moet doen en dat dit nie toevallig in sy besit is nie. Hierdie oomblik van keuse is beslissend vir die res van die verhaal, want in werklikheid begin die *Quest* reeds hier *(p 61)*.

• Gandalf besluit om Sam saam met Frodo te stuur en Sam aanvaar die opdrag *(p 63)*.

• Gandalf word deur Saruman gevange geneem en Saruman wil hom forseer om hom te ondersteun, maar Gandalf kies teen hom, wat hy weet moontlik `n keuse vir sy eie ondergang is *(p 254-5).*

• Merry en Pippin besluit om deel te word van die reis, al besef hulle die gevaar daarvan en spreek hulle hul vrees uit. "We are horribly afraid – but we are coming with you" *(p 103).*

• Tom Bombadil – `n gesant van die Goeie – red die vier hobbits van die *Barrow-wights* en `n gewisse dood en oorwin die Bose wanneer hy die *Barro-wight* beveel om terug te keer na die onderaardse diepte waar hy vandaan kom *(p 139)*. Hierdie gebeure sal eers veel later blyk deurslaggewend te wees, omdat Merry hier `n swaard neem uit die Bose se besit *(p 142)*, wat later blyk die enigste wapen is wat die Nazgûl kan wond *(p 826).* (Dié swaard was deel van die buit van die Bose in die dae toe daar oorlog gevoer is tussen die magte van die Goeie en dié van die Bose).

• Die Hobbits ontmoet vir Aragorn en met sy hulp ontsnap hulle betyds van die Nazgûl en lei die Bose nog `n nederlaag *(p 171)*.

• Glorfindel red Frodo deur hom betyds in Rivendell te kry waar hy vir eers veilig is van die Nazgûl *(p 207-9).*

[74] Soos dit in my lees van die teks vir my voorkom.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



• Een van die belangrikste gebeure is die samestelling van die *Fellowship*, die keuse van elkeen om deel te wees daarvan en die offisiële begin van die *Quest:* die reis om die Ring van die bose, waarin sy mag geleë is en wat mense korrup maak, te vernietig *(p 268-9).*

• Gandalf gee sy lewe om hulle te red, wat `n groot keerpunt is in die verhaal en wat in die verloop van die verhaal `n al groter rol sal speel *(p 322)*. (Hierdie moment word deur sommige kommentare gereken as dié groot klimaks in die verhaal).

• Gandalf oorwin die dood! Hierdie is `n verrassende element in die verhaal en word eers later aan die leser bekend gemaak op `n kritiese tyd wanneer dit lyk asof die Bose gaan wen *(p 484).*

• Intussen weerstaan Galadriel die versoeking van die Ring *(p 357)* en gee sy haar lig *(p 367)* en ‘nagmaals’brood (lembas) *(p 360)* aan die *Fellowship* van die Ring, wat aanvanklik net lyk soos geskenke maar wat in die verloop van die verhaal van deurslaggewende belang word. (Nie alleen gee die *lembas* [analogie vir nagmaalsbrood] geestelike krag wanneer hulle nie meer kon voortgaan nie, maar die *lembas* en die lig bring `n herinnering aan Galadriel wat hulle vul met hoop en moed).

• Boromir faal, maar word ge’red’. “But he escaped in the end”, sê Gandalf *(p 485).* Hierdie is egter ook een van die belangrikste momente en `n geweldige bepalende gebeure. Sy optrede het tot gevolg dat die *Fellowship* opgebreek word in drie groepe en dat die verhaal in drie paralelle lyne verder verloop. Dit is baie belangrik om raak te sien dat die voortsetting van elke karakter se verhaal deurslaggewend is in die afloop van die verhaal.

• Frodo en Sam begin met hulle pad na Mordor;

• hulle ontmoet vir Gollum en Gollum word deel van die *Quest,* hoewel met sy eie motiewe *(Boek 4, hfst 1)*.

• Faramir verstaan dat die Ring vernietig moet word, weerstaan die versoeking om sy pa (van wie hy baie verwerping beleef het) te beïndruk, en laat die hobbits en Gollum vry *(p 665-6).*

• Sam red Frodo uit die hande van die Orcs *(Boek 4, hfst 10).*

• Pippin en Merry land in Fangorn woud waar hulle die *Ents* (boom-herders) oortuig om deel te neem aan die stryd teen die Bose, wat direk aanleiding gee tot die val van Saruman *(p 475)*;

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


• Merry het `n aandeel in die val van die leier van die Nazgûl, koning Angmar *(p 824).*

• Aragorn, Gimli en Legolas ontdek dat Gandalf leef *(p 483)* en gaan saam met hom na koning Théoden wat deel word van die stryd teen die Bose *(p 507)*,

• en wiese niggie, Eomer, verantwoordelik is vir die vernietiging van koning Angmar (een van die bose triniteit) *(p 824).*

• Théoden, wat onder die mag van die Bose was, word bevry en jaag Wormtongue weg *(p 507).* Hy spaar egter sy lewe en dit gee weer aanleiding daartoe dat Wormtongue uiteindelik nog `n belangrike rol gaan speel.

• Gandalf, as oorwinnaar oor die dood, werp Saruman uit die Raad van die Wyses uit. Hy neem sy mag weg, maar hy sal nog steeds baie kwaad doen *(p 569).*

• Wormtongue gooi `n palantír na Gandalf in `n poging om hom dood te maak *(p 569)*, maar die palantír stel Aragorn in staat om die Bose uit te daag en dit bepaal die afloop van die verhaal.

• Aragorn roep die dooies op om hulle te help in die stryd teen die Bose met die belofte van hulle bevryding as beloning *(p 770).*

• Gandalf trek op teen Sauron en gee so vir Frodo geleentheid om ongesiens deur Mordor te beweeg na die *Fire of Doom* waarin die Ring gewerp moet word *(p 874).*

• Gollum se rol blyk uiteindelik wanneer hy die Ring vernietig deur in die vuur te val met die Ring in sy hand *(p 925).*

• Aragorn word koning *(p 946).*

• Die Hobbits oorwin die Bose in die Shire *(Boek 6, hfst 8).*

• Gandalf, Galadriel, Elrond, Bilbo en Frodo vertrek na die Undying Lands (analogie tot die ewige lewe) *(p1006-7).*

• Van redelik vroeg in die verhaal blyk dit dat oorlog onvermydelik is. Deurlopend kom oorlogmotiewe voor en word gepraat oor alliansies tussen die magte van die Goeie teenoor dié van die Bose. Verskeie veldslae vind plaas. Dit is egter alles net die voorbereiding vir die uiteindelike groot en beslissende stryd wat sal plaasvind tussen die bose Sauron en Gandalf, die een wat die dood oorwin, en wat reeds vir eeue die stryd teen die Bose voer. Die verhaal bou op na dié uiteindelike stryd wat beslissend sal wees vir wie nou eintlik heerser is oor die wêreld. Daar is egter van die begin van die verhaal af deurlopende suggesties en verwysings na die groot kosmiese magstryd wat voortdurend gevoer word tussen die magte van die Goeie en

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


die Bose en juis hierdie voortdurende magstryd sal uiteindelik `n finale veldslag tot gevolg hê.

Die finale oorlog by die Veldslag van Cormallen *(p 927)* wat eintlik beskou kan word as die hoogtepunt van die stryd tussen die Goeie en die Bose, en wat nie los daarvan verstaan kan word nie, beskou ek as die belangrikste kerngebeure in die verhaal. Hier word die uitslag van die stryd tussen die Goeie en die Bose bepaal (van die '*combat myth*') en word dus bepaal wie die heerser is. Hier word die Bose oorwin en breek `n nuwe bedeling op Middel Aarde aan met `n nuwe stad, `n nuwe koning[75] (Aragorn) en `n heel aarde. Al die voorafgaande en daaropvolgende gebeure is verbind aan hierdie kerngebeure: die geestelike stryd tussen die magte van die goeie en die bose word uiteindelik hier beslis en hang af van die uitkoms van hierdie stryd; Gandalf wat reeds 2000 jaar teen Sauron veg sê die stryd aan teen Sauron, saam met Aragorn wat die nuwe koning sal wees; die sukses van die *Quest* is afhanklik van die uitkoms van die stryd; die afloop van die verhaal is afhanklik van die uitkoms van die stryd; die feit dat daar hoegenaamd `n *Quest* is, is omdat daar reeds die eeu-oue stryd bestaan tussen die Bose en Goeie waarvan die Ring `n magsinstrument was; die keuse van die onderskeie deelnemers aan die *Quest* hang saam met hulle posisionering van hulself ten opsigte van die stryd; Gandalf gee sy lewe ter wille van die stryd en sy oorwinning oor die dood het `n beslissende invloed op die uitkoms van hierdie finale en beslissende oorlogmotief; die optrede van die Hobbits terug in die Shire *(boek 6, hoofstuk 8)* waar hulle die Shire van die Bose bevry, is `n direkte reaksie op die oorwinning wat behaal is oor die Bose en dat hulle verstaan dat hulle uit die oorwinning kan en moet leef. So word die oorwinning van die Goeie (Gandalf as Messias-figuur) by Cormallen verbind aan die oorwinningslewe van die volgelinge van die Goeie (analogie vir die gelowiges), omdat die feit van sy oorwinning, `n oorwinningslewe vir hulle moontlik maak.

### 4.2.2. Ordening, tydsduur en frekwensie

`n Gebeure wat uitstaan in terme van die diskoerstyd, is Frodo en Sam se reis deur Mordor. In dieselfde tydsgleuf wat afgestaan word aan die vertelling van een dag in

---

[75] Hou in gedagte, die opmerking by die begin van die karakterstudie oor die karakters van Gandalf en Aragorn, wat soms oorvloei in mekaar.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


hulle reis, of selfs een uur in hulle reis, word verskeie oorloë en veldslae beskryf wat soms oor dae strek. Die outeur gebruik egter dieselfde diskoerstyd om een uur in die lewe van Frodo en Sam te beskryf as dae in die ander se ervarings. Die twee karakters se pad is immers simbool vir die gelowige se lewenspad.

`n Tweede gebeure wat uitstaan in terme van die duur van die diskoers, is Gollum se selfgesprek, die tweestryd wat hy beleef (p 618-9). Daar word dikwels in die verhaal vertel wat karakters dink en waarmee hulle worstel, maar met enkele sinne. In die gedeelte van Gollum word egter heelwat diskoerstyd afgestaan en `n volledige innerlike debat word weergegee. Die stryd wat mense beleef in terme van die goeie en die Bose, en die innerlike verskeurdheid wat die Bose in iemand se lewe veroorsaak, blyk vir die outeur baie belangrik te wees.

Die gedagte van bereidheid tot selfopoffering blyk vir die outeur belangrik te wees. Veral die gebeure rondom Frodo se vernietiging van die Ring en sy bereidheid tot selfopoffering word so aangebied dat dit uitstaan in die narratief. Die tema van selfopoffering word herhaal in Gandalf wat sy lewe gee vir die *Fellowship*, en wat vir Frodo die moed gee vir die pad wat hy moet loop;

en in die selfopoffering van Aragorn as hy Sauron uitdaag en weet dat die pad waarskynlik na sy ondergang sal lei;

en in die '*last march of the Ents'*, waarin die boom-herders deel word van die stryd teen die Bose en weet dat dit hul vernietiging tot gevolg kan hê, sodat die leser aangemoedig word om die gedagte van selfopofferende liefde waar te neem in meer detail as enige ander gebeure in die storie.

Sam waag verskeie kere sy lewe ter wille van Frodo en die Quest. So ook Merry en Pippin. Hierdie tema word oor en oor ontgin.

Heelwat diskoerstyd word afgestaan aan die oorlog en die verskillende veldslae wat opbou na die beslissende veldslag by Cormallen, en dit word op so manier vertel dat `n geweldige spanningslyn geskep word, sodat die leser sy/haar asem ophou in afwagting van wat die afloop van die oorloggebeure gaan wees. Dit is natuurlik ook die klimaks van die verhaal en die hele afloop van die verhaal hang af van die uitkoms van die laaste veldslag.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



### 4.2.3 Oorsaak-en-gevolg

Dit is veral stellings wat Gandalf maak wat `n oorsaak-en-gevolg skakel is tussen verskillende belangrike gebeure en al dié gebeure wat so aanmekaar geskakel word, word uiteindelik verbind aan die *Quest* van Frodo en Sam en is afhanklik daarvan dat Frodo en Sam slaag. Gandalf wys op die oorsaak-en-gevolg skakel tussen Boromir se dood en die koms van die twee Hobbits, Merry en Pippin, na Fangorn woud, waar hulle direk aanleiding gee tot die val van Isengard, die woonplek van die bose Saruman. Sy dood het ook tot gevolg gehad dat die *Fellowship* opbreek en die stryd op verskillende plekke verder voortgesit word. Daar is `n skakel tussen die palantir (wat Gandalf weer eens uitwys) en Aragorn wat Sauron uitdaag en uiteindelik die afleiding skep wat Frodo en Sam so nodig het om deur Mordor te beweeg sonder om gesien te word. Gandalf verduidelik vroeg in die verhaal reeds dat daar moontlik `n skakel gaan wees tussen Gollum en die uiteindelike lot van die Ring – in die laaste instansie is Gollum inderdaad deurslaggewend in die afloop van die verhaal.

Aragorn se openbaring van homself veroorsaak dat Sauron al sy magte uitstuur, té vroeg, dat Sauron perspektief verloor en oordeelsfoute maak, wat dit moontlik maak vir Frodo en Sam om deur Mordor te beweeg, reg onder Sauron se neus.
Ek is van mening dat elke gebeure in die verhaal wat Frodo se vernietiging van die Ring voorafgaan, verbind is deur die beginsel van oorsaak-en-gevolg (*causal link*) aan die één hoofgebeure: die vernietiging van die Ring. Die sukses van dié gebeure word egter slegs moontlik deurdat Aragorn Sauron uitdaag tot die stryd om sodoende sy aandag af te trek en sy oog weg te hou van Frodo, anders sou dit onmoontlik gewees het vir Sam en Frodo om die *Quest* suksesvol af te handel. Die sukses van die *Quest* gee weer direk aanleiding tot die finale oorwinning van die Goeie teen die Bose in die stryd van Cormallen, en aan die feit dat Aragorn koning word, dat die wêreld herstel en dat Minas Tirith die stad van die nuwe Ryk word.

Die twee gebeure wat dus uiteindelik die heel duidelikste verbind word deur oorsaak-en-gevolg, is Gandalf wat die stryd teen Sauron aansê en die vernietiging van die Ring deur Frodo en Sam, **omdat die een die uitvloeisel is van die ander en die een slegs moontlik gemaak word deur die ander.** Hoewel die stryd van Gandalf

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


dus die sentrale gebeure is, is dit tog my mening dat die vernietiging van die Ring (analogie tot die volharding van die gelowiges), wat Gandalf se stryd met Sauron moontlik maak en waarvoor die verhaal hulle roep – die doel van die narratief is. Die feit van Gandalf en Aragorn (twee Messiaanse figure) se oorwinning (Gandalf se opstanding uit die dood en Aragorn se koningskap) maak die Hobbits, Frodo en Sam, se suksesvolle voltooiing van die *Quest* moontlik.

Die vernietiging van die Ring is dus die doel van die hele narratief. Die leser ontdek dat dit in werklikheid die doel is van elke mens se bestaan – om die stryd teen die Bose te stry, al is dit tot die dood toe. Dit is die rede waarom al die ander gebeure hieraan verbind is. Dit is ook die rede vir die tempo verandering wanneer dié gedeelte van die verhaal in fokus kom.

**4.2.4 Konflikanalise**

Die voorafgaande observasies word bevestig deur die konflikanalise van die verhaal. Die twee karakters wat die meeste konflik beleef is Frodo en Gandalf.

Frodo beleef konflik met Boromir oor botsings in *point of views*. Daar is `n bepaalde soort konflik met Gollum wat betref die twee karakters se motiewe rondom die Ring. Frodo is in konflik met Saruman, wat hom wil vernietig. Saruman ontketen al sy mag teen Frodo om hom (en die *Fellowship*) te verhinder om te slaag in hulle *Quest*. Frodo is in konflik met die Nazgûl wat altyd deur die Ring beheer word en wat hom ernstig wond en vervolg en probeer doodmaak, omdat die Ring hulle aantrek. Miskien is sy ergste konflik met homself, omdat hy in stryd is met die Bose en dikwels verskeurd voel. Daar is `n toneel waarin die magte van die Goeie en van die Bose as't ware stry om sy siel, wat vertel word as sy eie stryd wat hy beleef in terme van `n keuse tussen die twee *(p 392).* Die ergste wat in die verhaal kan gebeur is as die Bose daarin sou slaag om Frodo dood te maak of na sy kant oor te haal.

Gandalf beleef konflik op vele vlakke. Hy beleef `n bepaalde konflik met van die Hobbits (nie die op die *Quest* nie, maar van die Hobbits in die Shire), omdat hulle hom nie verstaan nie en gevolglik veroordeel as iemand wat die vrede versteur. Gandalf is in `n eeu-oue konflik met Sauron in die groter konteks van die stryd teen

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)

die Bose (soos reeds na verwys) en hy is in konflik met Saruman, sy kontra-karakter. Sy konflik met Angmar, die leier van die Nazgûl, loop uit op `n direkte konfrontasie. Hy is in konflik met Denethor, oor `n keuse vir die stryd teen die Bose en omdat Denethor `n vals beeld van hom het. Hy is ook in konflik met homself wanneer hy versoek word deur die Ring, maar die versoeking weerstaan.

Eomer is in konflik met die konvensies van haar tyd, wat bepaal dat sy as vrou nie aan die oorlog mag deelneem nie, terwyl sy oortuig is van die bydrae wat sy kan en wil lewer.

Die konflik wat die ander karakters beleef, is nie so persoonlik nie. Aanvanklik is Gimli en Legolas in konflik met mekaar oor hulle agtergrond en ras, maar dit word uitgesorteer en verander in `n hegte liefdes- en vriendskapsband. Die ander karakters beleef almal konflik, maar hoofsaaklik met die bose magte van hulle tyd.

In die agtergrond is daar natuurlik die voortdurende en toenemende konflik tussen goed en kwaad, tussen die Een wat op die agtergrond van die verhaal is, maar tog altyd implisiet teenwoordig, en Sauron.

Soos wat die verhaal vorder word meer en meer dreigemente deel van die plot. Die essensie en aard van die konflik bly egter dieselfde, maar dit neem toe in terme van intensiteit soos wat Sauron meer en meer van sy magte ontplooi.

## 4.3 Ruimte

Ruimte is baie belangrik in hierdie verhaal, want die ruimte help om die karakters te openbaar, is insigself vol betekenis en dra veral by tot die algemene atmosfeer van die narratief (narratiewe klimaat). Ruimte kan ook simbolies wees, byvoorbeeld Mordor wat boos is, Rivendell wat die laaste veilige tuiste is, Lothlorien wat die plek van genesing is, ensovoorts.

Daar is positiewe en negatiewe ruimtes, wat die stempel van die Goeie of die Bose openbaar. Die stede Rivendell en Lorien word beskryf as plekke waar rus en vrede

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


en genesing te vind is. Die beskrywing daarvan laat die leser 'tuiskom' en veilig voel. Daar is blomme en bome en riviere. Hier is altyd lig – sonlig of maanlig - en geen winter nie. Dit is vrugbaar en ongerep en mens en natuur leef in harmonie met mekaar. Hier kry moeë reisigers nuwe hoop en nuwe perspektief.

Hierteenoor word die stede Isengard en Mordor uitgebeeld in terme van barheid en dorheid, dit is woestynland waar niks meer groei nie en geen teken van natuurlewe is nie. Dit word uitgebeeld in konflik met die natuur. In Mordor verdwyn alle hoop en bly nog net vrees en wanhoop. Alles is donker en hoe nader mens aan Sauron se woonplek kom, hoe minder is daar lig. Later kom die son glad nie meer op nie en bly dit altyd nag – simbool van die nag wat mens beleef in die teenwoordigheid van die Bose.

Die Shire word geteken as lig en groen en vriendelik – hier is geen angs en oorloë nie. Die karakters leef in harmonie met mekaar en die natuur, hulle is vrygewig en liefdevol. Die Shire en hierdie idilliese harmonieuse bestaan lei die verhaal in. Die verhaal eindig egter met `n ander Shire – waar bome was is nou fabrieke, waar `n meule was is `n tronk, waar vrygewigheid geheers het, word alles afgemeet. Waar almal vry was en onbevrees geleef het, is hulle nou beangs en leef hulle agter geslote deure en ken hulle geen vryheid meer nie. In hierdie twee kontrasterende voorstellings van dieselfde plek word die effek van die Bose se karakter uitgebeeld en wat die Bose doen aan `n plek en aan mense. Die verhaal eindig met die herstel van die Shire, omdat die Hobbits, wat die karakter van die Bose leer ken het en weet dat hy verslaan is, onbevrees vanuit hul oorwinning optree.

Minas Tirith is die stad van die nuwe Ryk. In hierdie stad heers vrede en is almal gelukkig. Hier word met geregtigheid geoordeel en met genade. In die middel van die stad is `n boom wat die hele jaar blomme dra en simbool is van die lewe. In kontras tot Mordor, *'the city with the black gates'* is hierdie *'the white city'*.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



## 5. PLOT

Die plot van The Lord of the Rings, soos uitkristaliseer uit die voorafgaande, is basies die storie van die kollektiewe karakter: die *Fellowship*, en die *Quest* waarop hulle gaan, wat ingebed is in `n groter verhaal oor die stryd tussen goed en kwaad en die betrokkenheid van die Een (goeie mag) in die wêreld, met die oorlogmotief wat soos `n goue draad deur die hele plot loop en al die verskillende episodes aan mekaar verbind. Ál die episodes hou verband met die finale oorwinning, die vernietiging van Sauron, en die gevolge daarvan – óf in die verlede, óf in die hede, óf in die toekoms. Die stryd maak die vernietiging van die ring moontlik. Saruman se poging om die Shire te vernietig is `n direkte gevolg van die uitkoms van die oorlog; Aragorn word koning op grond van die oorwinning en `n nuwe era breek aan; die hobbits se oorwinningoptrede in die Shire is gebaseer op hierdie oorwinning.

Tolkien se point of view is dat daar `n groter mag aan die werk is, en die *Fellowship* en hulle *Quest* is vir hom tekens hiervan. Die belangrikste uitspraak oor die *Quest* is dat hulle deel is van `n groter werklikheid wat betrokke (en in `n sekere sin determinerend) is in die verloop van gebeure. Die plot word ontwikkel deur verskillende subplot-temas waar verskillende karakters op verskillende plekke besig is, maar die saak wat al die verhale aan mekaar verbind, is die uiteindelike uitdaging wat Aragorn aan die Bose rig wat die uitslag van die eeue-oue stryd sal bepaal, en waarvan die sukses van die *Quest* afhang. Al die subplot-temas wil die toenemende konflik tussen die magte van die Goeie en die magte van die Bose ontwikkel wat opbou tot die finale stryd. Dit is nie vir hierdie studie belangrik om na al die subplot-temas te probeer verwys nie, daarom slegs `n verwysing na enkele daarvan. Belangrike **subplot-temas** is dat die lede van die *Quest* moet kies of hulle die pad van die *Quest* wil volg en die konsekwensies van so keuse sal aanvaar; die gedagte van oorwinning deur lyding; die opoffering van jouself en jou eie lewe ter wille van ander en van `n groter saak; die rol van die Bose. Die fokus skuif van die groot stryd in kosmiese terme waarvan Gandalf, Elrond, Galadriel en ook Aragorn al lank deel is, na die persoonlike stryd van die individu wat `n keuse moet uitoefen ten opsigte van die Goeie of die Bose. Baie dinge gebeur wat hulle wil verhoed om te slaag en

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


aan die Goeie vas te hou. Nog `n subplot wil die lede van die *Fellowship* (maar ook die leser) aanmoedig om te volhard in die stryd teen die Bose.

Intussen ontwikkel die verhaal van Aragorn en sy identiteit as koning en word dit duidelik waarom hy in die afloop van die verhaal en die ontplooiing daarvan so groot rol speel. Hy is die langverwagte koning en die enigste een wat vrede en hoop kan bring. Hoe verder die verhaal vorder hoe sterker word sy rol en hoe meer hoop sentreer rondom hom. Hy is nie die een wat die Ring vernietig nie, maar as dit nie vir sy optrede in absolute selfopoffering is nie, sal Frodo nie kan slaag nie. Die lot van die Ringdraer en Aragorn is nou verbind. Aragorn kan net koning word as Frodo slaag, maar Frodo kan net slaag as Aragorn die finale stryd teen die Bose aansê en bereid is om sy lewe op die spel te plaas. Daar is dus meer as een lyn van ontwikkeling in die plot. Dan is daar ook `n draai in die hoofplot en dit is die gedagte dat oorwinning behaal word deur selfopoffering. Dit is die groot ironie in die verhaal: dat daar oorwinning lê in lyding. `n Tweede ironie is dat die Bose volhard in sy konflik teen die Goeie, maar juis deur dit te doen is hulle dikwels deel van die groter plan om die Goeie te laat oorwin.

Hierdie is `n baie komplekse verhaal met `n komplekse plot ontwikkeling. Ek glo egter dat ook in hierdie verhaal dié analise voldoende is vir `n sinvolle vergelyking van die twee verhale.